# ONDERRIG TOT GETUIENIS AS 'N DOELPUNT VAN DIE KATEGESE.

GERT BREED, B.A., Th.B.

VERHANDELING GOEDGEKEUR AS GEDEELTELIKE NAKOMING
VIR DIE GRAAD

THEOLOGIAE MAGISTER

IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE
VAN

DIE POTCHEFSTROOMSE
UNIVERSITEIT
VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIER: PROF. C.J.H. VENTER

Potchefstroom
Mei
1989

VOORWOORD

My God en Vader wat ek lief het, het my deur sy genade gelei om hierdie studie te voltooi. Dit was 'n heerlike voorreg om biddend die rykdomme van sy Woord te ondersoek en sy nabyheid te ervaar.

Aan Professor C.J.H. Venter, my hartlike dank vir sy leiding en hulp as studieleier. Sy ywer, deeglikheid en geduld was 'n voortdurende aansporing. Ook die leiding van Professor J.J. van der Walt word met dankbaarheid erken.

Die lidmate van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Wes het my met hulle belangstelling en hulp gedra gedurende die hele studietydperk. U meelewing was 'n riem onder die hart. Die kerkraad het gedurende die tydperk van studie, enkele weke studieverlof aan my toegestaan. Hierdie positiewe gesindheid word opreg waardeer.

Die finansiële hulp wat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing aan my gegee het, het dit vir my moontlik gemaak om hierdie studie te voltooi.

Aan elkeen wat my bygestaan het in die taalkundige versorging en vertaling betuig ek my waardering. In die besonder wil ek mnr. Ben Kloppers bedank vir sy hulp met die administratiewe sy van die studie. U opregte belangstelling word waardeer.

In dankbaarheid bring ek erkenning en dank aan my ouers wat my geleer het om my lewe saam met ons God te leef.

My vrou, Mariaan, se liefdevolle hulp, aanmoediging, meelewing en begrip het 'n groot bydrae gelewer tot die afhandeling van hierdie studie. Uit waardering vir hulle

opoffering dra ek hierdie studie aan haar en my kinders, Gerbrand en Wilmarie, op.

Mag God deur hierdie studie verheerlik en sy kerk opgebou word.

Gert Breed

Pretoria-Wes

Mei 1989

ERKENNING

Die geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

DIE INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: VERANTWOORDING

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | DOEL | 1 |
| 1.2 | AKTUALITEIT | 1 |
| 1.2.1 | Hoewel alle belydende lidmate kategetiese onderrig ontvang het en wel belydenis van geloof afgelê het, is daar 'n groot aantal wat nie die betekenis van Christenskap ken en begryp nie | 1 |
| 1.2.2 | Die gehalte van kategetiese onderrig speel 'n rol in die onmondigheid of mondigheid van lidmate; in hulle kerkloosheid of hulle lewe as lewende lidmate | 2 |
| 1.2.3 | Onderrig tot getuienis het 'n rol te vervul in die opbou van die gelowige tot volwasse, meelewende lidmaat | 3 |
| 1.2.4 | Slotsom | 5 |
| 1.3 | MOTIVERING VIR DIE STUDIE | 6 |
| 1.3.1 | Leemtes in die literatuur | 6 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1.1 | Die getuienistaak van die gelowige word nie indringend genoeg in behandeling geneem nie | 6 |
| 1.3.1.2 | Die getuienistaak van die gelowige word in die literatuur nie genoegsaam eksegeties begrond nie. | 8 |
| 1.3.2 | Die praktyk van die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika | 11 |
| 1.3.2.1 | Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1942 | 12 |
| 1.3.2.2 | Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1967 | 13 |
| 1.3.2.3 | Slotsom | 15 |
| 1.3.3 | Konklusie in verband met die aktualiteit en motivering vir hierdie studie | 15 |
| 1.4 | METODE | 16 |
| 1.5 | BEGRENSING | 17 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | WERKSWYSE | 18 |
| 1.7 | BEGRIPSOMSKRYWING | 19 |
| | HOOFSTUK 2: ONDERRIG IN DIE NUWE TESTAMENT | |
| 2.1 | *KATEXÉΩ* | 20 |
| 2.1.1 | Die doel van die onderrig | 21 |
| 2.1.1.1 | Die doel van die onderrig in Lukas 1:1-4 | 21 |
| 2.1.1.2 | Die doel van die onderrig in Handelinge 18:24-28 | 21 |
| 2.1.1.3 | Die doel van die onderrig in Romeine 2:17-24 | 22 |
| 2.1.1.4 | Die doel van die onderrig in 1 Korintiërs 14 | 23 |
| 2.1.1.5 | Gesistematiseerde afleidings by 2.1.1 | 25 |
| 2.1.2. | Subjek van die onderrig | 26 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


2.1.2.1 Die subjek van die onderrig in Lukas 1:1-4 26

2.1.2.2 Die subjek van die onderrig in Handelinge 18:25 26

2.1.2.3 Die subjek van die onderrig in 1 Korintiërs 14:18 26

2.1.2.4 Die subjek van die onderrig in Galasiërs 6:6 27

2.1.2.5 Die subjek van die onderrig in Romeine 2:18 27

2.1.2.6 Gesistematiseerde afleidings by 2.1.2 27

2.1.3. Die inhoud van die onderrig 28

2.1.3.1 Die inhoud van die onderrig volgens Lukas 1:1-4 28

2.1.3.2 Die inhoud van die onderrig volgens Handelinge 18:25 28

2.1.3.3 Die inhoud van Paulus se onderrig in 1 Korintiërs 14 29

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 2.1.3.4 | Die inhoud van die onderrig in Galasiërs 6:6 | 30 |
| 2.1.3.5 | Die inhoud van die onderrig in Romeine 2:18 | 30 |
| 2.1.3.6 | Gesistematiseerde afleidings uit 2.1.3 | 30 |
| 2.1.4. | Die wyse waarop die onderrig gegee word | 30 |
| 2.1.4.1 | Die wyse van onderrig volgens Lukas 1:1-4 | 30 |
| 2.1.4.2 | Die wyse van onderrig in 1 Korintiërs 14 | 31 |
| 2.1.4.3 | Die wyse van onderrig in Galasiërs 6:6 | 31 |
| 2.1.4.4 | Die wyse van onderrig in Handelinge 18:25 | 31 |
| 2.1.4.5 | Gesistematiseerde afleidings | 32 |
| 2.1.5 | Slotsom | 32 |
| 2.1.5.1 | Slotsom ten opsigte van die doel van die onderrig | 32 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 2.1.5.2 | Slotsom ten opsigte van die subjek van die onderrig | 32 |
| 2.1.5.3 | Slotsom ten opsigte van die inhoud van die onderrig | 33 |
| 2.1.5.4 | Slotsom ten opsigte van die wyse waarop die onderrig gegee moet word | 33 |
| 2.2 | ***ΔΙΔΑΣΚΕΙΝ*** | 33 |
| 2.2.1 | Die doel van die onderrig | 34 |
| 2.2.1.1 | Die doel van Jesus se onderrig | 34 |
| 2.2.1.1.1 | Die doel van Jesus se onderrig in vergelyking met die van die Grieke en Rabbyne van sy tyd | 34 |
| 2.2.1.1.2 | Die doel van Jesus se onderrig in Matteus 11 | 35 |
| 2.2.1.1.3 | Die doel van Jesus se onderrig in Lukas 8 | 36 |
| 2.2.1.1.4 | Die doel van Jesus se onderig soos dit na vore kom in Matteus 9:35-38 en Lukas 10 | 38 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

2.2.1.2 Die doel van 'n dissipel se onderrig 39

2.2.1.2.1 Die doel van 'n dissipel se onderrig soos dit na vore kom in Matteus 28:18-20 39

2.2.1.2.2 Die doel van 'n dissipel se onderrig soos dit na vore kom in Kolossense 1:28 en Hebreërs 5:12 40

2.2.1.3 Gesistematiseerde afleidings by 2.2.1 41

2.2.2 Subjek van die onderrig 42

2.2.2.1 Jesus is subjek van die onderrig 42

2.2.2.2 Die Heilige Gees is subjek van die onderrig 43

2.2.2.3 Die dissipels is subjek van die onderrig 44

2.2.2.4 Die ampsdraers in die gemeente is subjek van die onderrig 44

2.2.2.5 Die gemeente is subjek van die onderrig 45

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 2.2.2.6 | Gesistematiseerde afleidings by 2.2.2 | 45 |
| 2.2.3 | Die inhoud van die onderrig | 46 |
| 2.2.3.1 | Die inhoud van Jesus se onderrig | 46 |
| 2.2.3.1.1 | Die volgende hooflyne in Jesus se onderrig kan onderskei word | 46 |
| 2.2.3.1.2 | Praktiese toepassing van die onderrig op die lewe van die mens as deel van die inhoud van Jesus se onderrig | 48 |
| 2.2.3.2 | Die inhoud van die apostels se onderrig | 49 |
| 2.2.3.2.1 | Die inhoud van die apostels se onderrig is dieselfde as die van Jesus se onderrig | 49 |
| 2.2.3.2.2 | Jesus se dood en opstanding as inhoud van die apostels se onderrig | 49 |
| 2.2.3.2.3 | Praktiese toepassing as deel van die inhoud van die apostels se onderrig | 50 |
| 2.2.3.2.4 | 'n Vaste belydenis as inhoud van die apostels se onderrig | 50 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 2.2.3.3 | Gesistematiseerde afleidings by 2.2.2 | 51 |
| 2.2.4 | Die wyse van onderrig | 52 |
| 2.2.4.1 | Onderrig as verklaring en toepassing van die Skrif | 52 |
| 2.2.4.2 | Onderrig as bemoediging in 'n konkrete situasie | 53 |
| 2.2.4.3 | Onderrig as appel tot dissipelskap | 53 |
| 2.2.4.4 | Gesistematiseerde afleidings by 2.2.3 | 53 |
| 2.2.5. | Slotsom en toepassing | 53 |
| 2.2.5.1 | Slotsom en toepassing en toepassing ten opsigte van die doel van onderrig | 54 |
| 2.2.5.2 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die subjek van die onderrig | 54 |
| 2.2.5.3 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die inhoud van die onderrig | 55 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


2.2.5.4 Slotsom en toepassing ten opsigte van die wyse van onderrig 55

2.3 FINALE SLOTSOM EN TOEPASSING TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 2 56

HOOFSTUK 3: DIE ROEPING TOT GETUIENIS - DIE BEGRIP GETUIENIS IN DIE NUWE TESTAMENT ***MARTUΣ, MARTUREΩ, MARTURIA, MARTURION*** IN DIE NUWE TESTAMENT

3.1 DIE SUBJEK VAN GETUIENIS 58

3.1.1 God is Subjek van die getuienis 58

3.1.2. Jesus is Subjek van die getuienis 60

3.1.2.1 Jesus is Subjek van getuienis in Johannes 3: 10-13,31-35 60

3.1.3. Die Heilige Gees is subjek van die getuienis 61

3.1.4. Mense is die subjek van getuienis 62

3.1.4.1 Die dissipels is subjek van getuienis in die unieke betekenis van ooggetuies 62

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 3.1.5 | Paulus is getuie op grond van sy ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus | 63 |
| 3.1.6 | Nie-ooggetuies is subjek van getuienis | 65 |
| 3.1.6.1 | Nie-ooggetuies wat sterf ter wille van hulle belydenis word getuies genoem | 65 |
| 3.1.6.2 | Nie-ooggetuies word as subjek van die getuienis aangedui met die uitdrukking "εχειν την μαρτυριαν *Ιησου*" | 67 |
| 3.1.6.2.1 | "*Εχειν* την μαρτυριαν *Ιησου*" in die Openbaring van Johannes. | 67 |
| 3.1.6.2.2 | "*Εχειν* την μαρτυριαν " in 1 Johannes | 68 |
| 3.1.7 | Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 3.1.1 | 73 |
| 3.2 | DIE INHOUD VAN DIE GETUIENIS | 75 |
| 3.2.1 | Die inhoud van God se getuienis | 75 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 3.2.2 | Die inhoud van Jesus se getuienis | 76 |
| 3.2.3 | Die inhoud van die Gees se getuienis | 76 |
| 3.2.4 | Die inhoud van die apostels se getuienis | 77 |
| 3.2.4.1 | Jesus, die Seun van God het as Verlosser na die wêreld gekom | 77 |
| 3.2.4.2 | Jesus het gely en gesterf en op die derde dag opgestaan uit die dood | 77 |
| 3.2.4.3 | Jesus se opstanding het nie net feitelike nie, maar veral verlossingsbetekenis | 78 |
| 3.2.4.4 | Die wederkoms van Christus as inhoud van die apostoliese getuienis | 79 |
| 3.2.5 | Die inhoud van die getuienis van gelowiges wat nie ooggetuies was nie | 79 |
| 3.2.6 | Gesistematiseerde afleidings by 3.2 | 79 |
| 3.3 | DIE WYSE WAAROP DIE GETUIENIS GELEWER WORD | 80 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 3.3.1 | Die wyse waarop God getuienis lewer | 80 |
| 3.3.2 | Die wyse waarop mense getuienis lewer | 81 |
| 3.3.3 | Gesistematiseerde afleidings by 3.3 | 81 |
| 3.4 | DIE DOEL VAN GETUIENIS | 81 |
| 3.4.1 | Die doel van getuienis is om die waarheid van die heilsfeite te bevestig | 82 |
| 3.4.2 | 'n Doel van getuienis is om skeiding te bring | 82 |
| 3.4.3 | 'n Doel van die getuienis is om te onderrig | 83 |
| 3.4.4 | 'n Doel van die getuienis is om mense daartoe te bring om ook van die waarheid te getuig | 85 |
| 3.4.5 | Die hoogste doel van die getuienis is God se eer | 87 |
| 3.4.6 | Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 3.4 | 87 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


3.5 SLOTSOM EN TOEPASSING 88

3.5.1 Slotsom en toepassing ten opsigte van die subjek van getuienis 88

3.5.2 Slotsom en toepassing ten opsigte van die inhoud van getuienis 89

3.5.3 Slotsom en toepassing ten opsigte van die wyse van getuig 89

3.5.4 Slotsom en toepassing ten opsigte van die doel van getuienis 89

HOOFSTUK 4: ROEPING TOT BELYDENIS - DIE BEGRIP "BELYDENIS" IN DIE NUWE TESTAMENT ***ΟΜΟΛΟΓΕΩ, ΕΞΟΜΟΛΟΓΕΩ, ΑΝΘΟΜΟΛΟΓΕΟΜΑΙ, ΟΜΟΛΟΓΙΑ, ΟΜΟΛΟΓΟΥΜΕΝΩΣ*** IN DIE NUWE TESTAMENT

4.1 DIE SUBJEK VAN BELYDENIS 90

4.1.1 God is die Subjek van belydenis 90

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 4.1.2 | Jesus is subjek van die belydenis | 91 |
| 4.1.3 | Die Gees is subjek van die belydenis | 92 |
| 4.1.4 | Die gelowiges is subjek van belydenis | 93 |
| 4.1.4.1 | Die gelowige se belydenis is gebou op geloof en gemeenskap met God | 93 |
| 4.1.4.2 | Die gelowige se belydenis is gebou op 'n keuse vir Christus en teen Satan | 94 |
| 4.1.5 | Die ongelowiges is subjek van die belydenis | 95 |
| 4.1.6 | Gesistematiseerde afleidings by 4.1 | 96 |
| 4.2 | DIE INHOUD VAN DIE BELYDENIS | 97 |
| 4.2.1 | Die inhoud van God se belydenis | 97 |
| 4.2.2 | Die inhoud van Jesus se belydenis | 97 |
| 4.2.2.1 | Die inhoud van Jesus se belydenis volgens Romeine 15 | 97 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 4.2.2.2 | Die inhoud van Jesus se belydenis volgens Matteus 10 | 97 |
| 4.2.3 | Die inhoud van die Gees se belydenis | 100 |
| 4.2.4. | Die inhoud van die gelowiges se belydenis | 100 |
| 4.2.4.1 | Die inhoud van die gelowige se belydenis is God se belofte wat in Christus vervul is | 100 |
| 4.2.4.2 | Die inhoud van die gelowige se belydenis is dat Jesus Christus die vleesgeworde Seun van God is | 101 |
| 4.2.4.3 | Die inhoud van die gelowige se belydenis is dat Jesus die Christus is | 101 |
| 4.2.4.4 | Die inhoud van die gelowige se belydenis is die heerskappy van Christus | 102 |
| 4.2.5 | Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 4.2.3 | 102 |
| 4.3. | DIE WYSE WAAROP BELYDENIS GEDOEN WORD | 103 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 4.3.1. | Belydenis deur openlike,vrymoedige verkondiging | 103 |
| 4.3.2 | Belydenis deur sang tot lof van God | 104 |
| 4.3.3. | Belydenis deur die daad | 104 |
| 4.3.4 | Gesistematiseerde afleidings | 105 |
| 4.4 | DIE DOEL VAN DIE DAAD VAN BELY | 105 |
| 4.4.1 | Die doel van God se belydenis | 105 |
| 4.4.2 | Die doel van Jesus se belydenis | 106 |
| 4.4.2.1 | Die doel van Jesus se belydenis is die lof van God | 106 |
| 4.4.2.2 | Die doel van Jesus se belydenis is om God se kerk tot 'n eenheid saam te snoer | 106 |
| 4.4.3 | Die doel van die mens se belydenis | 107 |
| 4.4.3.1 | Die doel van die mens se belydenis is God se lof | 107 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 4.4.3.2 | Die doel van die mens se belydenis is om openlik aan ander te verkondig wie Jesus is | 108 |
| 4.4.3.3 | Die doel van die mens se belydenis is om ander mense te oortuig dat Jesus die Seun van God is | 108 |
| 4.4.3.4 | Die doel van die mens se belydenis is selfopenbaring aan almal wat op sy pad kom | 109 |
| 4.4.3.5 | Die doel van die mens se belydenis is om die eer en die verlossing wat God uit genade gee, te ontvang | 109 |
| 4.4.4 | Gesistematiseerde afleidings | 109 |
| 4.5. | SLOTSOM EN TOEPASSING | 110 |
| 4.5.1 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die subjek van belydenis. | 110 |
| 4.5.2 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die inhoud van belydenis | 111 |
| 4.5.3 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die wyse van belydenis | 111 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 4.5.4 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die doel van belydenis | 111 |
| | HOOFSTUK 5: BEGELEIDING TOT GELOOFSKEUSE AS KOMPONENT IN DIE ONDERRIG TOT GETUIENIS - 'N SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING VAN GELOOFSKEUSE | |
| 5.1 | VERANTWOORDING | 113 |
| 5.2 | DIE AKSIE VAN AANNEEMING OF VERWERPING VAN GOD SE GETUIENIS IN JOHANNES 1:1-13 | 114 |
| 5.2.1 | Motivering vir die keuse van hierdie Skrifdeel | 114 |
| 5.2.2 | Die Woord as God se getuienis | 115 |
| 5.2.3 | Die uitwerking van God se getuienis | 116 |
| 5.2.3.1 | God se getuienis bring lig in die duisternis | 116 |
| 5.2.3.2 | God se getuienis verlig elke mens | 117 |
| 5.2.3.3. | Gesistematiseerde afleidings | 120 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 5.2.4 | Die reaksie op God se getuienis | 121 |
| 5.2.4.1 | Verwerping van God se getuienis as reaksie (Johannes 1:5,10,11) | 121 |
| 5.2.4.1.1 | Verwerping deur die wêreld as reaksie op God se getuienis (Johannes 1:10) | 123 |
| 5.2.4.1.2 | Verwerping deur sy eie mense as reaksie op God se getuienis (Johannes 1:11) | 123 |
| 5.2.4.1.3 | Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 5.2.4.1 | 124 |
| 5.2.4.2 | Aanneem as reaksie op God se getuienis - die wyse en vrug van aanneem (Johannes 1:12,13) | 124 |
| 5.2.4.2.1 | Die wyse waarop God se getuienis aangeneem word | 124 |
| 5.2.4.2.2 | Die verband tussen die mens se geloof en die wedergeboorte wat God werk | 125 |
| 5.2.4.2.3 | Die vrug van die aanneem van die Woord | 127 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.4.3 | Gesistematiseerde afleidings | 128 |
| 5.2.5 | Slotsom en toepassing ten opsigte van geloofskeuse in Johannes 1:1-13 | 129 |
| 5.2.5.1 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die Woord as God se getuienis | 129 |
| 5.2.5.2 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die uitwerking van God se getuienis op die mens | 129 |
| 5.2.5.3 | Slotsom en toepassing ten opsigte van die reaksie op God se getuienis. | 130 |
| | HOOFSTUK 6: ONDERRIG TOT GETUIENIS AS 'N DOELPUNT VAN DIE KATEGESE: DIE PRAKTYK VAN DIE KATEGESE | |
| 6.1 | DOELSTELLING | 134 |
| 6.2 | DIE VERBAND TUSSEN ONDERRIG, GETUIENIS EN BELYDENIS | 134 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 6.2.1 | 'n Definisie van onderrig,getuienis en belydenis soos dit na vore gekom het in die ondersoek van die Nuwe Testamentiese gegewens | 134 |
| 6.2.1.1 | Onderrig | 134 |
| 6.2.1.2 | Getuienis | 135 |
| 6.2.1.3 | Belydenis | 135 |
| 6.2.2 | Die verband tussen onderrig, getuienis en belydenis | 135 |
| 6.3 | PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE ONDERRIG TOT GETUIENIS | 136 |
| 6.3.1 | Onderrig tot getuienis en die subjek van die kategese | 136 |
| 6.3.1.1 | Samevatting van die resultate van die studie | 136 |
| 6.3.1.2 | Praktiese riglyne met betrekking tot die subjek van kategese in die begeleiding tot getuienis | 138 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

6.3.1.2.1 God roep die kerk om onderrig tot getuienis te gee 139

6.3.1.2.2 Vereistes vir die subjek van onderrig tot getuienis 142

6.3.2 Onderrig tot getuienis en die objek van die kategese 145

6.3.2.1 Die objek van die amptelike onderrig tot getuienis is sowel verbondskinders as volwassennes wat tot geloof gekom het 146

6.3.2.2 Elke verbondskind is objek van informele onderrig tot getuienis. 148

6.3.2.3 Onderrig tot getuienis en die norme vir die indeling van kinders in verskillende klasse 149

6.3.3 Onderrig tot getuienis en die doel van kategese 150

6.3.3.1 Eensydighede in die formulering van die doel van die kategese in bestaande literatuur 151

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 6.3.3.2 | Skriftuurlike uitgangspunte vir die formulering van 'n doel vir die kategese vanuit die oogpunt van die onderrig tot getuienis | 154 |
| 6.3.3.3 | 'n Definisie van die doel van kategese vanuit die oogpunt van onderrig tot getuienis | 156 |
| 6.3.4 | Onderrig tot getuienis en die wese van kategese | 156 |
| 6.3.5 | Onderrig tot getuienis en die leerstof van die kategese | 157 |
| 6.3.5.1 | God se getuienis soos saamgevat in sy Woord is die primêre bron vir die leerstof van die onderrig tot getuienis | 157 |
| 6.3.5.1.1 | Die leerstof van die onderrig tot getuienis moet die hooflyne van God se openbaring omvat | 158 |
| 6.3.5.1.2 | Die leerstof moet ook die belydenis van die kerk insluit | 161 |
| 6.3.5.2 | Vereistes vir die leerstof van die onderrig tot getuienis | 163 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 6.3.5.2.1 | Die leerstof wat voorgeskryf word, moet rekening hou met die verstandelike vermoë en leefwêreld van die katkisant | 163 |
| 6.3.5.2.2 | Die leerstof moet so gekies word dat die katkisant daardeur begelei kan word om deur sy diensbaarheid in die gemeente sy geloof en gehoorsaamheid aan God, te bely | 164 |
| 6.3.5.3 | Die leerstof moet onderrig tot getuienis moontlik maak | 164 |
| 6.3.6 | Onderrig tot getuienis en die ontwerp van 'n kurrikulum vir kategese. | 166 |
| 6.3.6.1 | Stappe in die ontwerp van 'n kurrikulum met die oog op die onderrig tot getuienis | 167 |
| 6.3.6.2 | Vaste elemente van kurrikulumontwerp in die onderrig tot getuienis | 176 |
| 6.3.6.3 | Sketsmatige voorstelling van die proses van kurrikulering vir die onderrig tot getuienis. | 178 |
| 6.3.7 | Onderrig tot getuienis en die metode van die kategese | 178 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 6.3.7.1 | Die metode wat aangewend word, moet diensbaar wees om die katkisant te begelei om te antwoord op God se verbondsbelofte | 179 |
| 6.3.7.2 | Die metode moet ruimte laat vir persoonlike kontak | 181 |
| 6.3.7.3 | Die metode moet ruimte laat dat die katkisant dikwels aan die woord kan kom. | 182 |
| 6.3.7.4 | Geen metode is absoluut en 'n waarborg van sukses nie | 183 |
| 6.4 | ONDERRIG TOT GETUIENIS AS 'N DOELPUNT VAN DIE KATEGESE - FINALE DEFINISIE | 184 |
| SUMMARY | | 185 |
| BIBLIOGRAFIE | | 187 |

# HOOFSTUK 1

# VERANTWOORDING

## 1.1 DOEL

Hierdie verhandeling ondersoek 'n aspek van die doel van die kategetiese onderrig naamlik die begeleiding tot getuienis.

Die doel van hierdie ondersoek is om uit die Skrif vas te stel of onderrig tot getuienis 'n doelpunt van die kategese moet wees. Indien onderrig tot getuienis volgens die Skrifgegewens wel 'n doelpunt van die kategese moet wees, sal die praktiese implikasies daarvan vir die kategese aangetoon word vanuit die resultate van die Skrif-ondersoek.

## 1.2 AKTUALITEIT

Die aanleiding tot hierdie studie kan opgesom word onder die volgende drie stellings:

1.2.1 Hoewel alle belydende lidmate kategetiese onderrig ontvang het en wel belydenis van geloof afgelê het, is daar 'n groot aantal wat nie die betekenis van Christenskap ken en begryp nie. Hierdie gebrek aan belewing van en insig in hul Christenskap lei dan soms tot vervreemding van die kerk.

Hierdie feit word gestaaf deur byvoorbeeld die statistieke

van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika na te gaan ten opsigte van lidmate wat sonder kennisgewing uit gemeentes vertrek. In die jare 1984 tot 1988 het daar volgens die Almanak van die Gereformeerde Kerke van 1985 tot 1989, 9915 lidmate sonder attestasie uit gemeentes vertrek. Al sou sommige van hierdie mense weer deur gemeentes opgespoor word, toon dit nogtans dat die kerk nie 'n baie hoë prioriteit by hulle inneem nie.

Hierdie verskynsel word algemeen by ander kerke ook ondervind. Beukes (1983:15) toon deur middel van statistiek van die Nederduitsch Hervormde en Nederduits Gereformeerde Kerk , die toename in buitekerklikheid aan. Barnard (1986:174-176) noem kerkvervreemding en buitekerklikheid "'n aaklige maar harde feit". Hy toon aan dat dit uiters moeilik is om die omvang van die vervreemding te meet, maar kom tot die gevolgtrekking dat " die vervreemding en buitekerklikheid besig is om sterk toe te neem". Tazelaar (1931:81) verwoord die pad van agteruitgang as hy aantoon dat baie lidmate nie oor genoegsame kennis beskik om hulle kinders uit God se Woord te onderrig nie. Walsh (1950:11) sê dat miljoene Christene oortuig is dat hulle roeping "little except lip service to a few harmless platitudes" vereis. Hy trek die lyn deur vanaf onmondigheid tot by agnostisisme. Beukes (1983:18) kom tot die gevolgtrekking dat die kerk die oorsake en gevolge van buitekerklikheid sal moet vasstel en oplossings daarvoor in die Skrif moet gaan soek.

In die besinning oor die kategese is dit belangrik dat daar opnuut gevra word watter bydrae die huidige praktyk van die kategetiese onderrig moontlik tot hierdie onrusbarende verskynsel lewer. Hierdie vraagstuk sal in die verhandeling bespreek word vanuit die besinning oor die doel van die kategese.

1.2.2 Die gehalte van kategetiese onderrig speel 'n rol

in die onmondigheid of mondigheid van lidmate; in hulle kerklosheid of hulle lewe as lewende lidmate.

Kategese is onderrig en begeleiding tot volwassenheid in die geloof. Wanneer die kategese slaag, is die aflegging van belydenis van geloof 'n bepaalde doelpunt in die katkisant se geloofslewe en ook terselfdertyd die beginpunt van nog groter geloofsgroei en diensbaarheid.

Beukes (1983:373) verwoord hierdie feit soos volg: "Aangesien die kategese tot doel het die vorming van 'n lewe in diens van God, is dit ook baie duidelik af te lei uit die onwilligheid van lidmate om te lewe in diens van God, dat daar iets met die kategese skort ". Richards (1970:11-18) voer aan dat verkeerde onderrigmetode aanleiding gee tot doodsheid en skynheiligheid in die kerk. De Villiers (1971:4) benadruk die konsekwensie van kategetiese onderrig wat sy doel gemis het wanneer hy sê dat die afsluiting van die kategese soms bloot gesien word "as geleentheid vir nuwe klere, tert en feestelikheid". Hiervan getuig ook die volgende aanhaling uit 'n rapport oor kategese van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika:1942:40,41): "Dit gebeur soms dat selfs kinders wat al in die belydenisklas is, buite bly staan as die diens aan die gang is."

1.2.3 Onderrig tot getuienis het 'n rol te vervul in die opbou van die gelowige tot volwasse, meelewende lidmaat.

Selfs nog voor die Skrifgegewens diepgaande ondersoek is, lyk dit asof onderrig tot getuienis 'n bydrae kan lewer om die kategese aan sy doel te laat beantwoord.

Christus se opdrag aan die gelowiges was: "...julle sal

my getuies wees..!" (Handelinge 1:8). Van hierdie getuienis kom daar egter min tereg. Dit is asof daar in die meeste gevalle by die gewone lidmaat 'n houding is dat getuienis die dominee en ouderling se werk is. Volgens baie lidmat eis dit die taak van die besondere ampte om na buite te praat, en - waar nodig - die stem van die 'kerk' te laat hoor. Daar is dus 'n selfopgelegde onvolwassenheid wat heel waarskynlik spruit uit 'n onvermoë om te getuig. Die lidmaat ag homself 'n passasier wat rustig agteroor kan sit terwyl die drywer en die kondukteur sorg dat hy by sy bestemming uitkom (vergelyk Van Rensburg,1983:133).

Richardson (1966:302) sê oor evangelisasie: "...the problem of evangelism in the secular world would loose much of its intractability if the 'layfold' of the churches would take seriously the biblical teaching concerning their calling and office as laymen" Met "calling and office as laymen" wil Richardson die taak van die Christen aandui om met woord en daad getuie van Jesus Christus in die wêreld te wees.

Barnard (1986:180-182) noem as oorsaak vir kerkvervreemding en buitekerklikheid o.a. die volgende:

* "'n Godsdiens en lidmaatskap sonder duidelike keuse vir Christus"
* "'n Gebrek aan die ware lewe wat uit die allernouste verbondenheid met Christus kom"
* "Te veel word die mense net opgeroep na die kerk en te min word hulle hiervandaan met die boodskap na die wêreld teruggestuur"

Hieruit is dit duidelik dat daar by baie lidmate 'n gebrek aan kennis en insig bestaan oor hulle taak om getuies van Christus te wees en dat dit een van die oorsake van hulle kerklike belangeloosheid is.

Die vraag ontstaan dan of die onvolledige verstaan van die doel van die kategetiese onderrig of onvoldoende aandag aan sekere aspekte van die doel, nie 'n groot bydraende faktor tot die probleem van kerklosheid is nie ? Is 'n kardinale doelpunt van die kategese, naamlik dat verbondskinders so onderrig moet word dat hulle met hul hele lewenswandel (vergelyk 1.2.1), openlik en vrymoedig getuienis kan lewer aangaande Jesus Christus hulle Here, nie verwaarloos of totaal genegeer nie ? Wanneer die kategetiese onderrig in sy metode en inhoud nie die verbondskinders genoegsaam en doelbewus hiertoe toerus en aanspoor nie, kan dit nie daartoe bydra dat die onderrig vir baie kinders grootliks memorisering van feite is wat, as dit in die klas weergegee is, maar vergeet kon word nie ? Dit wat aan hulle onderrig is, is nie so onderrig dat hulle gelei is om dit toe te eien nie. In die woorde van Richards (1970:13): "...the Bible they learn, did not transform".

Soos hierbo aangedui is, kan die gevolge van hierdie onvolledige onderrig tweërlei wees. In die eerste plek mag die lidmaat nie betrokke by die liggaam van Christus voel nie, want hy het Christus en sy weldade nie sy eie gemaak nie. Daarom is hy ook nie in staat of gewillig om sy talente en gawes tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend nie. Hy groei dus self nie in die geloof nie en help ook nie met die opbou van die gemeentelede nie. In die tweede plek is dit waarskynlik dat hierdie lidmaat as lig vir die wêreld dood en nutteloos is, want spontane opregte getuienis oor die werk van Christus is onmoontlik vir die wat dit self nog nie ken nie.

### 1.2.4 Slotsom

Dit is duidelik dat die vraag na die onderrig tot getuienis as deel van die doel van kategese, 'n sensitiewe, maar aktuele probleem in die kategese en in die kerk aanraak. Hierdie verhandeling wil poog om daartoe by te dra dat verbondskinders in die kategese begelei word tot dissipels wat brand van ywer vir die evangelie van Jesus Christus. Verbondskinders moet dissipels wees wat gedrink het van die water wat Jesus gee sodat "strome van lewende water uit hulle binneste vloei" (Johannes 7:37,38).

## 1.3 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

### 1.3.1 Leemtes in die literatuur

Beukes (1974:1) skryf in 1974 dat daar toe nog slegs drie gesaghebbende geskrifte in Afrikaans oor die kategese verskyn het. Tans kan by sy lys onder andere twee van Beukes se eie werke (1974,1983) gevoeg word.

In die bestaande literatuur oor kategetiek kan twee leemtes ten opsigte van die onderrig tot getuienis aangetoon word:

#### 1.3.1.1 Die getuienistaak van die gelowige word nie indringend genoeg in behandeling geneem nie

Bijlsma (1962:12) onderskei op grond van sy definisie van kategese vier aspekte van die doel van kategese naamlik "het bijbrengen van kennis", "de vorming van bewuste en

meelewende leden in de gemeente van Christus", "de jongeren te helpen opvoeden tot verantwoordelijke mensen Gods in deze wereld", "de voortgang der kennis Gods van geslacht tot geslacht". Hiermee het hy implisiet die belangrikheid van onderrig tot getuienis benadruk. Hy bring die wyse waarop hierdie doelwit van die kategese nagekom moet word, egter nie onder bespreking nie. Hy toon ook nie aan wat die presiese band tussen hierdie vier aspekte van die doel van kategese is nie. Daarom bly hierdie aspekte, ook omdat hy dit nie eksegeties fundeer nie, tot 'n groot mate in die lug hang. Daar sal baie duidelik uitgemaak moet word wat die hoogste doel van die kategese is en hoe die ander doelwitte hieruit voortvloei. Bijlsma (1962:15) open 'n baie mooi perspektief as hy die roeping van die kategeet tot getuienis uitlig: "In het onderricht moet iets merkbaar worden van het getuienis. De catecheet moet niet uitsluitend leermeester zijn, maar tegelijk ook getuige en prediker." Hy trek egter nie die lyn deur na hoe die getuienis van die kategeet die katkisant ook moet bring tot getuienis nie.

Beukes (1974:53,58,59,101) beklemtoon herhaaldelik dat diegene wat tot die geloof gekom het deur die onderrig, self ook begin het om die Woord te verkondig. Hy toon egter in sy werk van 1974 nêrens duidelik aan dat dit die taak van die kategeet is om die kind doelbewus te begelei om getuie te wees nie. In 'n volgende werk (Beukes,1983:6,11) lê hy baie sterker klem daarop dat die katkisant begelei moet word om bereid te wees om sy geloof uit te leef en positief in die wêreld te werk. Tog toon hy nêrens die presiese betekenis en belang van die onderrig tot getuienis nie.

Ook Adam (1981:18) slaan dieselfde weg in as hy met sy bespreking van "Wie sieht ein Christ aus ?" tog nie uitkom by die Christen as getuie nie. Dijk (1954:10,13) sê iets oor die wyse van die begeleiding tot getuienis as hy

waarsku teen twee moontlike eensydige aksente in die kategetiese onderrig. Hy waarsku in die eerste plek teen die sogenaamde "hoog-kerklijke richting" waarin die kerk eensydig in die middelpunt van die kategetiese onderrig geplaas word en alle nadruk op "volwaardige lidmaatschap" geplaas word. Sy konklusie is dat die kategetiese onderrig op die lewe van die kind in sy geheel gerig moet word; alleen dan kan hulle tot ware belydenis kom. Hiermee bedoel hy dat hulle die inhoud van die leerstof nie alleen "...in hun geheugen , maar ook in het diepst van het hart opnemen". In die tweede plek waarsku hy teen die eensydigheid van die Piëtisme wat van die aflegging van belydenis slegs 'n "bekeringsdemonstratie" maak en nie met die genadeverbond rekening hou nie.

Dijk toon egter self nie aan hoe en wat onderrig moet word om die kind te bring tot 'n volwasse gelowige wat sowel binne as buite die kerk getuie van Christus is nie.

Botha (1972:129) verval ook in hierdie eensydigheid met sy definisie. Sy definisie maak alleen melding van voorbereiding en toerusting tot geloofsgemeenskap met medegelowiges en met die Hoof van die liggaam. Ook in hierdie definisie is geen plek daarvoor dat die geloofsgemeenskap met die gemeente en Christus tot 'n lewe van getuienis moet lei nie (vgl.Johannes 7:37-39).

1.3.1.2 Die getuienistaak van die gelowige word in die literatuur nie genoegsaam eksegeties begrond nie.

Nel (1985:171-180) in aansluiting by K.Dienst (1982) som die nuutste tendense in die kategetiese onderrig op. Hy toon aan dat daar deur die jare heen verskeie vernuwingspogings of -tendense in die kategese was. Die vernuwing het dan gewoonlik opgegaan in 'n keuse vir 'n

bepaalde moontlikheid, waarin eklekties van die menswetenskappe gebruik gemaak is. Na 1965 was die Sosiologie en die Sosiale Psigologie in die middelpunt van die besinning oor die kategese. Tans is modelle uit die humanistiese psigologie in die middelpunt. Vanuit hierdie ontwikkeling wil Nel aansluit by Duitse ontwikkeling waarin die kategese steeds meer as 'n meerdimensionele gebeure ("Konfirmandenunterricht als mehrdimensionales Geschehen"), beskou word. Hy kom tot die slotsom dat daar geen rede is waarom daar nie binne hierdie meerdimensionele benadering ook gewerk kan word in die rigting om kategese te sien as "'n wesenlike (die belangrikste ?) deel van 'n omvattende gemeentelike bediening aan, met en deur die jeug nie."

Met hierdie ontwikkeling is daar 'n belangrike perspektief op die kategetiese werk geopen, naamlik dat daar gewaak moet word teen eensydigheid: die hele gemeente, veral die gesin is intiem betrokke by die begeleiding van die kind tot volwassenheid. Begeleiding tot volwassenheid hou ook in dat die kind deel sal hê aan die totale diakonia van die kerk (dit sluit getuienis in). Hierdie rigting verval egter self in die eensydigheid en verabsolutering waarteen gewaarsku word. Eensydige aksent word geplaas op die kind en die proses waardeur hy tot geloof moet en kan kom. Dienst (1982:62) sê in die verband : "'Die Weitergabe des Glaubens' ist auf differenzierte religionspadagogische Prozesse angewiesen. Dazu gehort auf Evangelischer Seite auch der Konfirmandenunterricht". Die vraag kan hier gestel word of Nel (1985:173) nie ook in dieselfde eensydigheid vassteek wanneer hy norme wat die Skrif bied, slegs 'n medebepalende faktor maak saam met die norme van die kerk, die kind "(behoefte)" en die onderrig, nie ?

Hierteenoor moet die uitgangspunt gestel word dat die Skrifbeginsels en -eise bepalend is vir sowel die inhoud as die metode van onderrig tot getuienis. Die

uitgangspunt en absoluut bepalende faktor is dus die Skrif en daarop voortbouend kan ander faktore in ag geneem word.

Beukes (1974) en Firet (1974) het deur ontleding van die verskillende woorde waarmee onderrig in die Skrif aangedui word, belangrike perspektiewe geopen. Ook wat die inhoud van die onderrig betref, is daar veel wins te put uit hierdie twee werke.

Firet (1974:72) omlyn die taak van die onderrig as begeleiding van die kind sodat hy homself deel voel van God se weg met sy volk; die kind moet homself sien as deel van die volk met wie God gehandel het. Hy moet sy voet op die pad van die vrees van die Here plaas. Firet beklemtoon dus die een deel van die onderrig naamlik die toe-eiening, maar hy trek nie die beginsel verder nie. Die mens wat God se genade sy eie gemaak het, moet dit deurgee. Ook in sy behandeling van die Nuwe Testamentiese onderrig (Firet,1974:82 e.v.) toon hy baie duidelik dat dit die taak van die kerk is om dissipels te maak wat lewe in eenheid met Christus. Dat die nuwe dissipels egter geleer moet word om ook dissipels te maak, dit wil sê om aan ander die evangelie te verkondig, word nie deur Firet in behandeling geneem nie.

Langer (1966) betitel sy werk "Kerygma und Katechese Theologiese und didaktische Neubegrundungen des Bibelunterrichtes", maar van 'n eksegetiese begronding is daar by hom geen sprake nie. Hy behandel ook glad nie die noodsaak van en die wyse waarop die verkondiging die kind moet lei om self ook verkondiger te word nie.

In hierdie verhandeling sal daar dus onder andere gepoog word om hierdie leemte aan eksegeties-verantwoorde riglyne

vir die kategetiese onderrig met die oog op toerusting tot getuienis enigsins kleiner te maak. Wanneer daar klem gelê word op die roeping van die gelowige tot getuienis deur sy totale lewenswandel, dan is die motiveringsgrond nie die sosiale inskakeling van die kind nie, maar gehoorsaamheid aan God se roeping. Hierdie uitgangspunt staan dus ook teenoor die sogenaamde "pastorale kategese" (Nel,1985,175) waarin die klem val op sosialisering en die eise daarvan, wat veral in die V.S.A. baie aktueel is.

Met die uitsondering van Richards (1970) kon geen skrywer op die gebied van die kategese gevind word wat, afgesien van blote woordeksegese (vergelyk Firet (1974)) en Beukes (1974), deur diepgaande eksegese van toepaslike Skrifgedeeltes, Bybelse riglyne vir die kategese as begeleiding tot getuienis, ontgin het nie. Daar bestaan dus op hierdie gebied 'n groot leemte. Hierdie verhandeling wil onder andere 'n bydrae lewer ten opsigte van die ontginning van riglyne uit die Skrif met die oog op die onderrig tot getuienis in die kategese.

### 1.3.2 Die praktyk van die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Hier sal net gekonsentreer word op die praktyk van die kategetiese onderrig - waarvan die begeleiding tot getuienis 'n doelpunt behoort te wees - in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 'n Ondersoek na die praktyk van die kategese in alle kerke in Suid-Afrika moet vanweë die omvang buite die bestek van hierdie verhandeling gelaat word. Selfs al sou net die praktyk van die Nederduits Gereformeerde en Nederduitsch Hervormde Kerke ondersoek word, sou die omvang daarvan te wyd wees. Die ondersoek na en die beoordeling van die praktyk in die Gereformeerde Kerke word dus as riglyn aangebied waaraan ander praktyke gemeet kan word.

Aangesien sinodebesluite die praktyk van die kerk stempel, sal die doel, inhoud en metode van die kategese tot 'n groot mate betroubaar daaruit afgelei kan word.

Word daar gekyk na die sinodebesluite van die Gereformeerde Kerke in S.A. vanaf 1942, dan word daar ook bepaalde eensydighede bemerk.

1.3.2.1 Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1942

Die taak van elke ouer wat belydenis van geloof afgelê het om aan sy kind onderrig te gee, word op hierdie sinode sterk beklemtoon (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1942:35-42). Hiervan getuig die volgende aanhaling van 'n besluit van die Sinode van Dordrecht 1618/1619 met die oog op die huiskatkisasie:
"As enige ouers, wat belydenis van die Gereformeerde religie gedoen het, in hierdie heilige werk nalatig gevind word, sal hulle, deur deftige vermaninge van die predikante, en as die saak dit vereis, deur sensuur van die kerkraad tot hulle skuldige plig gebring word" (1942:37).

Hier word dus tereg van die veronderstelling uitgegaan dat iemand wat belydenis van geloof afgelê het, ook bekwaam sal wees om onderrig te gee aan sy kinders. Dit word verder versterk deur die aanhaling van sowel die huweliks- as die doopsformuliere (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1942:40), waarin melding gemaak word van die ouers se plig om die kinders te onderrig in die vrees van God. Hierby word aangesluit (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1942:41) wanneer gehandel word oor die wyse

waarop die huiskatkisasie ingerig moet word: "Bo alles moet die ouers onthou dat hul ganse gelowige lewenswandel 'n gedurige huiskatkisasie is." Hier word die taak van die gelowige om met sy hele lewe van God te getuig, benadruk. In die samevatting van die rapport oor huiskatkisasie (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1942:42) word die volgende gesê: "Ons spreek dikwels oor kerkhervorming en volksopbou. Hier is die plek om te begin. Die ganse strewe van kerk en volk is tot mislukking gedoem as die godsdienstige opvoeding in die huis verwaarloos word." Die noodsaaklikheid daarvan dat ouers in staat moet wees om voor hulle kinders met woord en daad te getuig van God se genade word hier sterk beklemtoon.

Bogenoemde rapport (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1942:35-42) bevat egter geen konkrete voorstelle oor hoe daar te werk gegaan kan word om die ideaal wat gestel word naamlik ouers wat hulle kinders moet onderrig, te help verwesenlik nie. Ouers moet sekerlik daartoe aangespoor word en indien nodig, onderrig word sodat hulle kan onderrig, maar lê hier nie 'n belangrike werksterrein vir die kerklike kategese nie ? Moet kinders nie so onderrig word dat hulle begelei word om met hulle hele lewe, en daarom ook eendag aan hulle kinders, te getuig van God se werke nie ?

1.3.2.2 Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1967

Op hierdie sinode dien 'n rapport oor die wese, doel, vereistes en metodes van die kategese (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1967:541-550). In die omskrywing van kategese (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1964:542) word tereg gesê dat kategese primêr die amptelike bediening van die Woord deur die kerk aan die

verbondskinders is. Hierdeur moet hulle gelei word tot die nodige rypheid in die geloof, dit wil sê in die kennis van God se Woord as die waaragtige en volkome leer van die saligheid en in die vaste vertroue op sy beloftes. Wanneer die doel van hierdie "kennis en "vertroue" egter gestel word (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1967:544), word dit skynbaar beperk tot die daad van eenmalige belydenisaflegging.

Wanneer daar verder oor die vrug van die belydenis besin word, word korrek gesê " dat deel verkry word aan die sakrament van die nagmaal en ander voorregte en verantwoordelikhede wat 'n volwassene in die geloof as belydende lidmaat ontvang". Hieruit blyk dat alhoewel dit nie eksplisiet gestel word nie, tog onder die verantwoordelikhede van die volwassene in die geloof ook verstaan word dat hy na buite getuienis moet lewer. Uit die res van die rapport word dit duidelik dat die klem in hierdie rapport gelê is op die verantwoordelikhede van die lidmaat binne die kerk self.

Wanneer die sentrale beginsels vir die kerk gegee word om sy kategese te rig op die verbondskind (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1967:543) dan word onder andere die "wasdom van die kerk" genoem. "Wasdom" word hier beperk tot "groei in die geloof van die kind". Daar word nie eksplisiet daarvan melding gemaak dat die groeiende gelowige, in diens van die Heilige Gees, deur sy getuienis sal meehelp om elke dag mense wat gered word, by die gemeente te voeg (Handelinge 2:47) nie. In die omskrywing van die doel van kategese (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika,1967:544) word gestel dat die kategese se doel onder andere is om die kontinuïteit van die kerk van Christus te bewaar. Die bewaring van die voortbestaan van die kerk deur die kategese word egter weereens nie in hierdie rapport eksplisiet daaraan gekoppel dat die kind so onderrig word dat hy ander tot die geloof sal kan lei

deur sy woorde en dade nie. Dit word duidelik as die doel van die kategese onderskei word in die individuele doel en die gemeenskaplike doel. Die individuele doel bestaan daarin dat die kind tot 'n verantwoorde "persoonlike welbewuste keuse" moet kom waarna hy dan sy geloof bely. Die gemeenskaplike doel bestaan daarin dat die verbondskind gelei word "tot volle aanvaarding van die belydenis van die kerk en tot mondige diensbaarheid in die kerk" Mondige diensbaarheid in die kerk sal sekerlik veronderstel dat die opdrag om getuienis te lewer ook uitgevoer moet word - maar dit word nêrens eksplisiet gestel nie.

1.3.2.3 Slotsom

Die opdrag van die kerk om teenoor die wêreld te getuig, kom nêrens eksplisiet in hierdie rapporte ter sprake nie. Dit is dus geregverdig om af te lei dat hierdie doelformulering waarskynlik daartoe aanleiding kan gee dat daar nie genoegsame doelbewuste toerusting van die kind mag wees om getuienis te lewer deur sy hele lewenswandel nie.

Dit blyk dus dat daar 'n behoefte bestaan om dit wat implisiet onder "kerk wees" bedoel word, eksplisiet uit die Skrif aan te toon. Wat is die inhoud van die lidmaat se "mondige diensbaarheid in die kerk" en meer spesifiek watter plek het die onderrig tot getuienis in die begeleiding tot die vervulling van hierdie diensbaarheid ? Vanuit hierdie ondersoek sal ook tot 'n eie doelformulering gekom moet word waarin daar meer eksplisiet die getuienistaak van die gelowige verwoord moet word.

1.3.3 Konklusie in verband met die aktualiteit en

motivering vir hierdie studie

Hierdie studieterrein is aktueel in soverre die onderrig tot getuienis 'n bydrae kan lewer om die kategese aan sy doel te laat beantwoord. Hierdeur kan ook 'n bydrae gelewer word in die hantering van die baie aktuele probleem van sogenaamde koudheid in die kerk met die gepaardgaande kerklosheid.

Dit is noodsaaklik om hierdie studie te onderneem aangesien die bestaande literatuur oor kategese, die getuienistaak van die gelowige nie indringend genoeg in behandeling neem nie en die plek, inhoud en metode van die onderrig tot getuienis nie genoegsaam eksegeties begrond word nie.

Ook uit die sinodebesluite van die Gereformeerde Kerke in S.A. is dit duidelik dat daar meer eksplisiete studie oor onderrig tot getuienis as doelpunt van die kategese, gedoen moet word.

## 1.4 METODE

As uitgangspunt word gestel dat die Bybel die primêre bron vir hierdie ondersoek is. Deur gerigte eksegetiese verkenning sal gepoog word om uit toepaslike Skrifgedeeltes boustof te ontgin en te verwerk om te dien as fondament vir die studie. Die bepaalde Skrifdeel wat telkens ondersoek word, word nie volledig uitgeput nie, aangesien gekonsentreer word op die dele wat van toepassing is vir die onderwerp.

Die besondere Skrifgedeelte word telkens in die breër

Skrifkonteks gelees Die doel en hoofgerigtheid van die Bybelboek en hoofstuk word dus telkens in berekening gebring.

Die resultate van elke onderafdeling sal aan die einde daarvan gesistematiseerd saamgevat word. Aan die einde van elke hoofstuk sal daar ten opsigte van die verskillende afdelings tot 'n slotsom gekom word met betrekking tot die onderrig tot getuienis. Die resultate van die ondersoek sal ten slotte ook op die praktyk van die kategese uit die oogpunt van die onderrig tot getuienis, toegepas word.

## 1.5 BEGRENSING

Die onderwerp word in die eerste plek deur die vakterrein beperk. Hierdie ondersoek is 'n teologiese studie op die vakgebied van die diakoniologie met toespitsing op kategetiek.

'n Verdere begrensing lê in die toespitsing van die onderwerp self. Die navorsing word gerig op 'n aspek van die doel van kategetiese onderrig naamlik die begeleiding van die katkisant om getuienis te kan lewer aangaande die evangelie van Christus.

Die onderwerp word ook daarin begrens dat dit bepaal word deur gegewens wat uit die Nuwe Testament verkry sal word. Die ondersoek word beperk tot die Nuwe Testament sodat toepaslike gegewens in groter diepte ondersoek kan word. Wanneer daar uit die Bybel riglyne vir die kategese getrek word, kan verskillende werkwyses gevolg word. Daar kan byvoorbeeld 'n studie gemaak word van die verskillende begrippe waardeur die kategetiese onderrig gefundeer word

(vgl. Beukes en Firet, 1974: 54-60), of daar kan soos Prins (1973:22-37) 'n studie gemaak word van die onderrigpraktyk in die Ou en Nuwe Testament. Hierby sou dan ook 'n detailstudie van die begrippe wat aan getuienis verwant is (μαρτυρεῖν, ὁμολογεῖν) gemaak kan word.

Hierdie studie wil egter 'n eie weg opgaan deur enkele Skrifgedeeltes indringend te ondersoek met die oog op die onderwerp van die studie. Die twee dele van die onderwerp naamlik "onderrig" en "getuienis" sal as vertrekpunt gebruik word. Die keuse van Skrifgedeeltes is gemaak nadat aanvanklike verkenning getoon het dat eksegetiese ondersoek van hierdie gedeeltes riglyne kan lewer wat toepaslik is vir die onderwerp van die studie. Die keuse van elke Skrifgedeelte en die toepaslikheid daarvan vir die onderwerp sal, waar nodig, telkens vooraf gemotiveer word.

Met kategese word in hierdie studie die opdrag van God aan die kerk om te onderrig bedoel. Die ondersoek word dus beperk tot kerklike kategese.

## 1.6 WERKSWYSE

Die ondersoek na die gebruik van begrippe vir "onderrig" en "getuienis" in die Nuwe Testament dien as vertrekpunt. In hoofstuk 2 word die begrippe κατήχειν en διδάσκειν ondersoek. In hoofstuk 3 word die begrip μαρτυρεῖν verken en in hoofstuk 4 die begrip ὁμολογεῖν. Hoofstuk 5 handel oor begeleiding tot geloofskeuse as komponent van die onderrig tot getuienis, geloofskeuse word Skriftuurlik verantwoord. Praktiese riglyne vir die onderrig tot getuienis word in hoofstuk 6 getrek.

Die werkswyse sal daarop gemik wees om die plek van die onderrig tot getuienis in die doel van die kategese te bepaal.

Die resultate wat uit die eksegetiese verkenning blootgelê word, sal dus ook waar nodig op ter sake aspekte in die literatuur en op die praktyk van die kategetiese begeleiding tot getuienis toegepas word.

## 1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

Die volgende begrippe wat in hierdie verhandeling en veral in hoofstuk ses gebruik word, vereis omskrywing:

Die hoogste doel van die onderrig dui die eindpunt aan waarheen in die kategese gewerk moet word op grond van God se openbaring in die Skrif.
Die verskillende doelpunte van die onderrig dui die wyse aan waarop die hoogste doel van die kategese bereik kan word. In hierdie verhandeling sal vasgestel word of onderrig tot getuienis een van hierdie doelpunte moet wees.
Die hooflyne van God se openbaring in die Skrif verskaf die breë doelwitte ten opsigte van die kennis wat die katkisant aangeleer moet word om die verskillende doelpunte en uiteindelik die hoogste doel van die onderrig te bereik.
Die hooftema vat die inhoud van die kategetiese onderrig vir 'n besondere jaar saam.
Die lestema is 'n kernagtige samevatting van die godsopenbaring in 'n spesifieke gekose Skrifgedeelte waaruit 'n aspek van die hooftema belig word.
Die lesdoelwitte dui die wyse aan waarop die katkisant begelei kan word om die godsopenbaring van 'n besondere les sy eie te maak en uit te leef.

HOOFSTUK 2

# ONDERRIG IN DIE NUWE TESTAMENT

Die doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel of die onderrig tot getuienis 'n doelpunt is van onderrig in die Nuwe Testament. Hierdie ondersoek sal Nuwe Testamentiese gegewens verken, ook om vas te stel of daarin riglyne gegee word vir die praktyk van die onderrig tot getuienis. Daarom is dit van belang, met die oog op die onderrig tot getuienis, om vas te stel wie die onderrig moet gee, wat die inhoud van die onderrig moet wees en op watter wyse die onderrig gegee moet word. Die ondersoek sentreer dus veral rondom die volgende aspekte: die doel en subjek van die onderrig, die inhoud en wyse van die onderrig.

In die wetenskaplike besinning oor die kategese word wyd aanvaar dat die begrippe **κατήχειν** en **διδάσκειν** in die Nuwe Testament gebruik word om die onderrig van God se Woord aan te dui (Beukes,1974:2; vergelyk Bijlsma 1962:3; De Villiers,1957:19; Firet,1974:68-91).

Die gebruik van hierdie twee begrippe in die Nuwe Testament sal nou ontleed word.

## 2.1 *KATEXEΩ*

Die selfstandige naamwoord (**κατηχήσις**) kom nie in die Nuwe Testament voor nie (Wegenast,1978:771). Die werkwoord kom wel in die volgende gedeeltes voor in die betekenis van onderrig: Lukas 1:4; Handelinge 18:25; Romeine 2:18; 1 Korintiërs 14:19; Galasiërs 6:6. Onder die hoofde soos hierbo genoem, word hierdie gedeeltes nou

nader ontleed.

### 2.1.1 Die doel van die onderrig

#### 2.1.1.1 Die doel van die onderrig in Lukas 1:1-4

Lukas gee die doel van sy skrywe aan Teofilus in Lukas 1:3,4:
Hy skryf aan Teofilus na 'n noukeurige (ἀκριβῶς) ondersoek en hy gee die resultate van sy ondersoek in die regte volgorde (καθεξῆς) weer sodat sy leerling sekerheid kan hê aangaande die betroubaarheid van die dinge waarin hy onderrig (κατηχήθης) is.

In hierdie gedeelte is geen verwysing na onderrig tot getuienis as 'n doelpunt van die onderrig nie, maar die doel van Lukas se onderrig hier is:
- om aan die leerling 'n omvattende en sistematiese kennis aangaande Jesus Christus te bied. Lukas het die inhoud van sy onderrig noukeurig ondersoek en gee die resultate sistematies weer.
- om die betroubaarheid van vorige onderrig te bevestig. Lukas stel dit as sy doelwit om sy leerling tot sekerheid aangaande die feite te bring.

#### 2.1.1.2 Die doel van die onderrig in Handelinge 18:24-28

Apollos word in vers 24 beskryf as iemand wat magtig in die Skrifte was en ander mense noukeurig kon leer aangaande die weg van die Here (vers 25) vanweë die onderrig (κατηχημένος) wat hy ontvang het. Tog het hy net van die doop van Johannes geweet, daarom het Akwila en Priscilla die weg van die Here vir hom nog duideliker

(ἀκριβέστερον) uitgelê.

Die aanvanklike onderrig het dus 'n bepaalde reaksie tot gevolg gehad. Dit het nie alleen Apollos se verstand geraak nie, maar ook sy hart. Dit het hom allesomvattend in beweging gebring ter wille van die Evangelie van Jesus Christus sodat hy met groot geesdrif getuig het (Beukes,1974:8).

Akwila en Priscilla se aanvullende onderrig stel Apollos in staat om die Jode in die openbaar kragtig te weerlê en uit die Skrif te bewys dat Jesus die Christus is.

Die doel van die onderrig in Handelinge 18:24-28 is dus
- om aan die leerling vollediger kennis van die Skrif te gee.
- om die leerling in staat te stel om kragtig van Christus te getuig en dwaalleer te weerlê.

2.1.1.3 Die doel van die onderrig in Romeine 2:17-24

Die Jode word in hierdie gedeelte vermaan omdat hulle God en die onderrig in God se wet vir hulleself toeëien, maar nie die wet nakom nie. Hier word egter sekere vrugte van die onderrig in die wet genoem wat vir hierdie ondersoek ter sake is.

Volgens hierdie gedeelte is die vrug van die onderrig in die wet (Hendriksen,1980:102-104) dat:
- die onderrig in die wet die mens lei om God se wil te ken en die dinge te onderskei waarop dit aankom (vers 18).
- die onderrig in die wet die leerling toerus om mense wat nog in die duisternis is na die lig te lei (vers 19).

- die onderrig in die wet die leerling toerus om mense te lei tot geloofsgroei (vers 20)

Paulus voeg hierby dat iemand wat homself op bogenoemde kennis en vermoëns beroem op grond van die onderrig in die wet, ook toegerus moet wees om homself te ondersoek en dan te doen wat die wet vra. Wie ander wil onderrig, maar self nie doen wat God vra nie, gee daartoe aanleiding dat God se Naam belaster word.

Die doel van die onderrig in Romeine 2:17-24 kan soos volg geformuleer word:
- Om by die leerling kennis van God se wil tuis te bring sodat hy kan onderskei wat werklik van belang is.
- Om die leerling toe te rus om ongelowiges na God te lei.
- Om die leerling toe te rus om mense wat swak in die geloof is te lei tot geloofsgroei.
- Om die leerling tot die uitlewing van God se wil te bring.

### 2.1.1.4 Die doel van die onderrig in 1 Korintiërs 14

Paulus stel in vers 19 die woorde wat hy met sy verstand praat teenoor die spreek in tale. Die doel van die woorde wat hy met sy verstand praat, is om ander te onderrig (κατηχήσω). Hierdie onderrig moet voldoen aan die vereiste wat Paulus stel vir alles wat in die gemeente gedoen word, naamlik dat dit tot opbou (οἰκοδομὴν), vertroosting (παράκλησιν) en bemoediging (παραμυθίαν) moet wees (vers 3). Die onderrig moet die eenheid in die gemeente (die liggaam) dien en uitbou.

Hier word Bijlsma (1962:12,16) se bevinding bevestig dat die onderrig die kind moet begelei tot bewuste

> ervaring van en deelname aan die gemeenskap van die gelowiges deur deelname aan gemeentelike aktiwiteite. Hierop bou Barnard (1985:190) se beskrywing van die noodsaak van onderrig in 'n ontmoetingsituasie voort. Leerinhoude kan nie aan 'n persoon opgedring word sonder sy eie betrokkenheid nie. Hoe beter en sinvoller die ontmoeting tussen die persoon of persone wat onderrig gee en die wat leer, hoe beter slaag die oordrag van kennis en gesindhede. Die ontmoetingsituasie waarin die oordrag van die leerinhoud plaasvind, moet gebou wees op 'n vaste, durende kontak en geestelike binding sodat die oordrag van die leerinhoud binne bepaalde verhoudings plaasvind. Die optimum leeraktiviteit sal plaasvind in 'n situasie waar sowel katkisant as kategeet en gemeente hul eenheid in Jesus Christus beleef.

In vers 25 stel Paulus wat die uiteindelike doel van die onderrig is, naamlik dat iemand wat deur die onderrig in sy gewete aangespreek is (vers 24) en tot selfondersoek gekom het, openlik moet getuig: "Waarlik, God is hier by julle". So 'n getuie bely hierdie woorde omdat hy God self met hom hoor praat en sy sonde aan hom deur die onderrig openbaar is. Die persoon wat onderrig word, moet ervaar dat hy in sy ontmoeting met sy leermeester en die gemeente, God self ontmoet. Hy ervaar dus dat die gemeente een met God is en dat hy deur die onderrig ingesluit word by hierdie eenheid met God. Hy ontmoet God in die onderrig en ervaar daarom hierdie eenheid met God.

Die doel van die onderrig in 1 Korintiërs 14:19 kan soos volg saamgevat word:

- om met verstaanbare woorde die gemeente op te bou, te vertroos en te vermaan sodat die onderlinge eenheid in die gemeente in Christus, daardeur uitgebou word.
- die onderrig moet elkeen wat dit hoor tot selfondersoek bring. Hierdie selfondersoek moet uitloop op die

getuienis dat God in en by die gemeente is, omdat God self in die onderrig aan die woord kom. Die getuie moet God deur die onderrig as't ware met hom persoonlik hoor praat.

2.1.1.5 Gesistematiseerde afleidings by 2.1.1

Die doel van die onderrig in die Nuwe Testament soos dit na vore kom uit die gebruik van κατηχέω :

- Om aan die leerling 'n omvattende en sistematiese kennis te gee aangaande Jesus Christus.

- Hierdie kennis moet die leerling toerus
- sodat hy sekerheid verkry van die korrektheid van sy kennis aangaande Christus;
- sodat hy kan onderskei wat werklik van belang is in sy lewe;
- sodat hy kan kom tot uitlewing van God se wil.

- Hierdie kennis moet die leerling instaat stel om kragtig aangaande Christus te getuig. Die onderrig rus hom toe om ander gelowiges te ondersteun en te lei tot geloofsgroei en ook om ongelowiges na God te lei.

- Die onderrig moet altyd die bevordering van die eenheid in Christus van die hele gemeente ten doel hê.

- Die ware onderrig moet die leerling in ontmoeting met God bring deur die belewing van die eenheid van die gemeente met God.

- Om bogenoemde doelwit te bereik, moet die kategeet self in Christus, God se nabyheid ervaar. Hy moet homself deeglik voorberei sodat sy onderrig gesagvolle woordverkondiging sal wees wat logies weergee en korrek toegepas word.

2.1.2. Subjek van die onderrig

2.1.2.1 Die subjek van die onderrig in Lukas 1:1-4

Lukas sit die onderrig (κατήχηθης) aan Teofilus voort deur sy evangelie te skrywe. Lukas maak geen melding daarvan dat hy hierdie onderrig gee omdat hy 'n amp in die kerk beklee het nie. Ook word nie vermeld wie die aanvanklike onderrig gegee het nie.

Dit is dus redelik om hieruit af te lei dat die onderrig nie noodwendig deur 'n ampsdraer gegee moes word nie en dat die subjek soms selfs nie genoem word nie.

2.1.2.2 Die subjek van die onderrig in Handelinge 18:25

Akwila en Priscilla wat die onderrig van Apollos voortsit, word voorgestel as gelowiges wat met Paulus saamgewerk het (Handelinge 18:2,18). Wie die aanvanklike onderrig gegee het, word nie gesê nie (Handelinge 18:25).

Hier word weer eens geen vereiste gestel dat die onderrig amptelike bediening moet wees nie .

2.1.2.3 Die subjek van die onderrig in 1 Korintiërs 14:18

Paulus as geroepe apostel van Christus (1 Korintiërs 1:1) het in die byeenkoms van die gemeente onderrig (1 Korintiers 14:18).

2.1.2.4 Die subjek van die onderrig in Galasiërs 6:6

In hierdie vers word die leerling aangespoor om die wat onderrig gee, te laat deel in "die goeie dinge wat hy het" (Galasiers 6:6). Alhoewel die subjek nie genoem word nie, dui die feit dat die subjek geregtig was op versorging deur sy leerlinge waarskynlik op 'n persoon wat die amp van leraar voltyds beklee het (Beukes 1974:17; Calvyn,1979:176 en veral Ridderbos,1976:217,218). Aangesien hier egter nie eksplisiet melding gemaak word van 'n voltydse amp nie, is dit ook moontlik dat, soos (Ridderbos,1976:217) aantoon, hier verwys word na gelowiges met besondere gawes wat vrywillig die onderrig gee.

2.1.2.5 Die subjek van die onderrig in Romeine 2:18

In Romeine 2:18 is daar sprake van die formele Joodse onderrig in die wet. Die subjek van die onderrig is dus die wat daartoe geroep is deur God.

2.1.2.6 Gesistematiseerde afleidings by 2.1.2

- Die subjek van onderrig kan diegene wees wat amptelik daartoe geroep is (1 Korintiërs 4:18; Galasiërs 6:6; Romeine 2:18).
- Dit is egter ook duidelik dat dit nie noodwendig die

geval hoef te wees nie (Lukas 1:4, Handelinge 18:25). Elke gelowige kan die subjek van onderrig wees.

### 2.1.3. Die inhoud van die onderrig

#### 2.1.3.1 Die inhoud van die onderrig volgens Lukas 1:1-4

Die inhoud van Lukas se onderrig aan Teofilus is dieselfde as die van die onderrig wat Teofilus vroeër ontvang het, naamlik die verhaal van die dinge wat reeds vervul is in Christus (Lukas 1:1). Uit Handelinge 1:1,2 is dit duidelik dat hierdie as 'n opvolgboek bedoel is. Aangesien Lukas sê dat sy eerste boek gehandel het oor wat Jesus "begin" doen het, kan daar met reg aangeneem word dat Coetzee (1980:1-3) se bevinding korrek is dat Handelinge die voortsetting van Jesus se werk beskryf. In Handelinge word in kern beskryf hoedat Christus sy werk voortsit in die ontstaan en groei van die kerk.

Die inhoud van Lukas se onderrig aan Teofilus is dus die woorde en werke van Jesus Christus voor en na sy opstanding. Hierdie onderrig sluit in dat God se plan met sy kerk duidelik gemaak en verklaar word (vergelyk onder andere Lukas 21; Handelinge 13:13-52).

#### 2.1.3.2 Die inhoud van die onderrig volgens Handelinge 18:25

Die inhoud van Akwila en Priscilla se onderrig aan Apollos (Handelinge 18:25) is die weg van die Here wat nog noukeuriger uitgelê word. Dit beteken dat hulle Apollos in die volle omvang van die Evangelie inlei.

Die inhoud van Apollos se vorige onderrig was van so 'n aard dat hy 'n deeglike kennis van die Skrif sowel as "noukeurige" kennis van Jesus gehad het. Vanuit sy kennis waarin hy onderrig is, kon hy noukeurig (ἀκριβῶς) leer, alhoewel hy nog net kennis gedra het van die doop van Johannes. Soos Bruce (1972:381,382) aantoon, was Apollos se kennis gegrond op die verkondiging van Johannes die Doper en daarom gegrond op akkurate kennis van die Ou Testament en die bewyse uit die profesie dat Jesus die Messias is.

Die inhoud van die onderrig wat Apollos ontvang het, was dus die volle raadsplan van God in Christus Jesus.

### 2.1.3.3 Die inhoud van Paulus se onderrig in 1 Korintiërs 14

Wanneer vers 19 met vers 23 en 24 vergelyk word, is dit duidelik wat die inhoud van Paulus se onderrig was. In laasgenoemde verse sê Paulus wanneer almal in die gemeente in tale spreek, sou 'n waarnemer van buite dink hulle is van hulle verstand af, maar as almal God se Woord verkondig (profeteer), dan sal die buitestaander daardeur aangespreek word. Hieruit is dit duidelik dat Beukes (1974:9) se afleiding korrek is as hy sê Paulus stel profesie (vers 24) gelyk aan spreek met die verstand (vers 19). Die inhoud van die profesie word in vers 3 gegee as woorde van οἰκοδομὴν καὶ παράκλησιν καὶ παραμυθίαν

Opbou, vertroosting en bemoediging moet dus deel van die inhoud van die onderrig wees. Dit hou in dat die onderrig prakties en konkreet op die lewe van die leerling toegepas moet word.

2.1.3.4 Die inhoud van die onderrig in Galasiers 6:6.

Die inhoud van die onderrig is hier die Woord van God.

2.1.3.5 Die inhoud van die onderrig in Romeine 2:18

Die inhoud van hierdie onderrig is die wet van God.

2.1.3.6 Gesistematiseerde afleidings uit 2.1.3

- Die inhoud van die onderrig is die volle inhoud van die Woord van God.
- Inherent aan die inhoud van die onderrig is die konkrete toepassing daarvan op die leerling se lewe tot sy opbou, vertroosting en bemoediging.

2.1.4. Die wyse waarop die onderrig gegee word.

2.1.4.1 Die wyse van onderrig volgens Lukas 1:1-4

Lukas skryf op grond van sy navorsing sy bevindinge aan Teofilus om hom daardeur te onderrig (vers 3). Sy doelwit is om Jesus se dade en woorde in logiese volgorde aan Teofilus deur te gee sodat hy seker kan wees van die waarheid van die onderrig wat hy reeds ontvang het. Sy skrywe berus op 'n indringende en noukeurige ondersoek (vers 3)

Die wyse waarop Lukas aan Teofilus onderrig gee, kan soos volg opgesom word:

- Die onderrig is skriftelik gegee (Lukas 1:3).
- Die onderrig word in logiese volgorde gegee (Lukas 1:3).
- Die onderrig word so gegee dat die feite van die onderrig vir die leerling vasstaan (Lukas 1:4; vergelyk ook Romeine 2:18). Die betroubaarheid van die kennis lê juis daarin dat dit gebaseer is op die getuienis van ooggetuies (Lukas 1:2).
- Die onderrig berus op 'n in diepte en noukeurige ondersoek van die getuienis van ooggetuies.

2.1.4.2 Die wyse van onderrig in 1 Korintiërs 14

Paulus maak hier melding van sy onderrig waar die gemeente bymekaar is (1 Korintiers 14:19). Hy stel die vereiste dat die onderrig gegee moet word in verstaanbare woorde wat bedoel is om op te bou (1 Korintiërs 14:3,5,19).

Die wyse van onderrig kan dus saamgevat word as:
- groepsonderrig.
- verstaanbare opbouende onderrig.

2.1.4.3 Die wyse van onderrig in Galasiërs 6:6.

Die onderrig word uit die Woord van God gegee (Galasiërs 6:6). Uit hierdie vers is nie alleen die inhoud van die onderrig duidelik nie, maar ook die vereiste dat die leerstof op so 'n wyse aangebied word dat die leerling altyd weet dat dit God is wat met hom praat.

2.1.4.4 Die wyse van onderrig in Handelinge 18:25.

Die onderrig word aan een gelowige alleen in die privaatheid van 'n woonhuis gegee. Hier is die wyse van onderrig dus individuele skoling van 'n gelowige om sy kennis oor 'n besondere saak aan te vul.

2.1.4.5 Gesistematiseerde afleidings.

- In die wyse van onderrig val die klem op die korrekte, logiese en gesagvolle weergawe van die feite van God se Woord.

2.1.5 Slotsom

2.1.5.1 Slotsom ten opsigte van die doel van die onderrig

- Onderrig tot getuienis is 'n doelpunt van die onderrig in die Nuwe Testament.

- Hierdie doelwit om die katkisant toe te rus om te getuig kan net bereik word deur ook die volgende doelpunte na te streef:

- Om aan die katkisant 'n omvattende en sistematiese kennis van die Woord te gee sodat hy deur die geloof
- sekerheid het van die waarheid van sy kennis en van sy verlossing;
- kan onderskei wat belangrik is deur God se Woord toe te pas op sy lewe.
- God se wil in sy lewe kan uitleef en so vorder op die weg van heiligmaking.

2.1.5.2 Slotsom ten opsigte van die subjek van die

onderrig

Sowel die ampsdraers as elke ander gelowige kan subjek van die onderrig wees.

2.1.5.3 Slotsom ten opsigte van die inhoud van die onderrig.

Die leerplan waarin die onderrig tot getuienis 'n doelpunt is, moet die volle raad van God aan die katkisant oordra en die betekenis daarvan duidelik laat word deur konkrete toepassing van die Woord op sy lewe.

2.1.5.4 Slotsom ten opsigte van die wyse waarop die onderrig gegee moet word.

Kennis vanuit die Woord moet op 'n sistematiese, logiese wyse aan die katkisant oorgedra word. Hierdie onderrig moet so geskied dat die katkisant weet dat God self met hom praat.

## 2.2 *ΔΙΔΆΣΚΕΙΝ*

In die inleiding tot hierdie hoofstuk is reeds genoem dat die doel van die hoofstuk is om vas te stel of onderrig tot getuienis 'n doelpunt is van die onderrig in die Nuwe Testament en of daarin riglyne gegee word vir die praktyk van die kategese. Die ondersoek na die tweede begrip, **διδάσκειν**, sal ook onder die volgende hoofde gedoen word: doel van die onderrig, subjek van die onderrig, inhoud van die onderrig en wyse van onderrig.

2.2.1 Die doel van die onderrig

2.2.1.1 Die doel van Jesus se onderrig

2.2.1.1.1 Die doel van Jesus se onderrig in vergelyking met die van die Grieke en Rabbyne van sy tyd

Jesus het in sy lewe op aarde as Rabbi of Skrifgeleerde opgetree (Markus 12:8; 9:5; Johannes 1:38; 3:2; 4:31). Ten opsigte van die doel van die onderrig gaan Jesus egter op beslissende punte verder as die erkende grense vir 'n rabbi.

Die doel van Griekse en Rabbynse onderrig was om van die dissipel 'n rabbi te maak wat, onafhanklik van sy leermeester, ander mense kan onderrig. Jesus se roepstem tot dissipelskap is egter nie daarop gerig om die leerling onafhanklik van Hom te maak nie (vergelyk Matteus 23:8), maar juis onlosmaaklik aan Hom te bind. Om Jesus te volg beteken om jou lewe onvoorwaardelik aan Hom oor te gee (Matteus 10:37; Lukas 14:26), lewenslank aan Hom verbonde te wees (Matteus 10:24; Johannes 11:16), terwyl jy God se wil doen (Matteus 12:46-50). Firet (1974:85) bring hierdie feit soos volg onder woorde: "In zijn messiaanse **ἐξουσία** zegt Jezus: 'Volg mij' Mc.2:14; geen toehoorders wil Hij, maar mensen die met Hem verbonden zijn. [.....] geen andere binding van vertrouwen en gehoorzaamheid mag er zijn dan aan Hem". Teenoor die vrywillige aansluiting by Rabbynse skole, neem Jesus die inisiatief. Jesus roep en hierdie aksie van roep was beslissend vir dissipels-word (Lukas 5:1-11; Matteus 5:18; Markus 1:17; Johannes 1:43). Christus eis geloof van elkeen wat Hom hoor (Markus 16:16; Lukas 17:5; 22:32;

Matteus 18:6), en 'n lewe onder leiding van die Gees (Handelinge 1:3,4).

Die doel van Jesus se onderrig is dus om mense sy dissipels te maak. Dissipelskap hou in dat die wat sy roepstem hoor, Hom onvoorwaardelik in geloof en gehoorsaamheid moet volg. Die vraag of dissipelskap ook inhou dat die dissipel getuie van Christus word, sal verder ondersoek moet word.

Die begrip διδάσκω kom sewe en veertig keer in die evangelies voor. Al hierdie gedeeltes kan nie in hierdie verhandeling ondersoek word nie. Die volgende gedeeltes is gekies aangesien die doel van Christus se onderrig duidelik daarin na vore kom.

2.2.1.1.2 Die doel van Jesus se onderrig in Matteus 11

In Matteus 11:25-28 prys Jesus die Vader omdat Hy Jesus se onderrig aan eenvoudiges bekend maak, terwyl dit vir slim en geleerde mense verborge bly. Jesus toon aan dat daar 'n unieke verhouding tussen Hom en sy Vader bestaan omdat niemand die Seun ken nie behalwe die Vader, en niemand die Vader ken nie behalwe die Seun. Hierdie unieke verhouding word egter toeganklik vir elkeen aan wie die Seun die Vader openbaar. Jesus se onderrig lei daartoe dat die aan wie Hy dit bekend maak, die Seun en die Vader ken (vs.27) en daarom ook in eenheid met God leef.

Wanneer Matteus 11:25-28 met Jesus se gebed in Johannes 17 vergelyk word, word die verband tussen kennis en die eenheid van die gelowiges met God bevestig. Jesus sê in Johannes 17 dat Hy die Vader aan sy dissipels bekendgemaak het en dat hulle dit aanvaar het en daarom die unieke band tussen die Seun en die Vader erken (17:6-8). Omdat hulle

uit die waarheid van Jesus se openbaring leef, behoort hulle nie tot die wêreld nie (vs.14). Jesus bid dat hulle deur die waarheid aan God toegewy sal wees sodat alle gelowiges een sal wees "net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees" (17:21). In Johannes 17:23 word die doel van die gelowiges se eenheid met Christus en die Vader en met mekaar verder deurgetrek: "...sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet".

In Matteus 11 vers 28 sê Jesus hoe God geken kan word, naamlik deur na Jesus te kom in volle vertroue op Hom en deur gehoorsaam te wees aan dit wat Hy in sy onderrig beveel (Hendriksen, 1976:503-505). Ook in Johannes 17 verse 8 en 17 word die klem gelê op die geloof in en die aanneem van die waarheid met die gepaardgaande lewe in toewyding aan die waarheid. In hierdie verband spreek Jesus se uitspraak in Matteus 12:50 ook bevestigend mee. Jesus sê dat nie die wat met bloedbande aan Hom gebind is noodwendig sy familie is nie, maar "...elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, die is my broer en my suster en my moeder". Die nouste band met Jesus word dus gesmee deur gehoorsaamheid aan die Vader.

Hieruit is dit duidelik dat dit die doel van die onderrig is om die leerling daartoe te bring om dié waarheid aan te neem en daaruit te leef. Sodoende kry die leerling deel aan die eenheid tussen die Vader en die Seun deur die eenheid met Jesus Christus. So leef die gelowige dan in persoonlike gemeenskap met en gehoorsaamheid aan God. Hierdie lewenseenheid moet dan 'n kragtige verkondiging aan die wêreld word.

2.2.1.1.3 Die doel van Jesus se onderrig in Lukas 8

In Lukas 8:4-18 word die doel van Jesus se onderrig direk aangetoon:
In die gelykenis dui Jesus vier plekke aan waar die saad geval het (vers 4-8). Die opdrag aan die wat kan hoor, om te luister, staan prominent aan die einde van die gelykenis. In Sy verklaring van die gelykenis (vers 11-15), maak Jesus dit duidelik dat Hy in sy gelykenis verskillende wyses waarop 'n mens na die Woord (onderrig) kan luister, weergegee het. In vers 18 sluit Hy af met die opdrag dat elkeen moet toesien dat hy op die regte wyse luister. Dit gaan dus in hierdie gelykenis daarom dat die mens reg moet luister na die onderrig.

In vers 11-17 word die regte wyse van luister gekontrasteer met die verkeerde wyse van luister. Die mens moet nie so luister dat die woorde van die onderrig deur een of ander oorsaak uit sy hart verwyder kan word nie (vers 12-14), maar die woord moet bewaar (κατέχουσιν) word. Die betekenis van κατέχω kan hier weergegee word as "to continue to believe, with the implication of acting in accordance with such believe - to continue to believe and practice" (Nida,1988:372). Die regte wyse van luister het die gevolg dat die onderrig deel word van die leerling se lewe sodat hy dit bewaar en "deur volharding vrug dra" (vers 15). Die onderrig is dus daarop gemik dat die leerling sal hoor, die woorde sal bewaar (sy eie maak) en voortdurend vanuit hierdie onderrig sal lewe (vrug dra).

Dit is van besondere belang vir die vraag na die onderrig tot getuienis om raak te sien dat sowel in Lukas 8 as in Markus 4 die vrug van die regte wyse van luister nader verklaar word met die gelykenis van die lamp ( vergelyk Lukas 8:16,17; Markus 4:21-23). Die vrugte wat die onderrig in die leerling se lewe voortbring, mag nie versteek bly nie. Die vrugte van die onderrig in die leerling se lewe moet teenoor almal getuig dat hy die

Woord aangeneem het (Lukas 8:16) want die reaksie op die onderrig kan nie verborge bly nie (Lukas 8:17). Hierby sluit aan wat Jesus as die doel van sy onderrig in gelykenisse gee (Lukas 8:9,10): die aan wie dit nie gegee is om die geheime van die koninkryk te ken nie, sal hierdeur aangedui word.

Die doel van Jesus se onderrig in Lukas 8 is dus om die leerling daartoe te bring om die Woord van God in die geloof aan te hoor en dit te bewaar en met volharding te doen wat God eis. Wie so reageer op die onderrig, lewer getuienis aan almal wat hom sien. Omdat die onderrig ten doel het om die leerling daartoe te bring om openlik deur sy lewe te getuig, word hulle wat nie die Woord bewaar nie, terselfdertyd herken.

2.2.1.1.4 Die doel van Jesus se onderig soos dit na vore kom in Matteus 9:35-38 en Lukas 10

Deur Jesus se onderrig het baie mense tot geloof in Hom gekom (Matteus 9:35-38). Hy wys die dissipels daarop dat die "oes" groot is, met die opdrag om te bid dat die Here arbeiders sal uitstuur vir die oes (Matteus 9:37,38). In Lukas 10:2 word verhaal dat Jesus die feit van die groot "oes" en die opdrag om te bid vir arbeiders, direk koppel aan die uitsending van die twee en sewentig volgelinge om die evangelie te verkondig (vergelyk ook Matteus 10).

Die doel van Jesus se onderrig in bogenoemde twee gedeeltes is dus om mense tot geloof te bring, maar ook om mense toe te rus om die evangelie verder uit te dra en mense na Christus te lei; "die oes in te samel" (vergelyk Johannes 4:36-38).

2.2.1.2 Die doel van 'n dissipel se onderrig

Die ondersoek word hier weer beperk tot enkele gedeeltes wat geblyk het geskik te wees om die doel van die onderrig weer te gee.

2.2.1.2.1 Die doel van 'n dissipel se onderrig soos dit na vore kom in Matteus 28:18-20

Sonder om van die kerk se onderrig "een voortsetting" of "een nabootsing" (Firet,1974:82) van Jesus se onderrig te probeer maak, kan gesê word dat die onderrig van die kerk dieselfde boodskap het as wat Jesus geleer het. Om doelmatig te wees, moet die kerk se onderrig tot die hoorder se praktiese konkrete lewe spreek en hom oproep om te antwoord op God se Woord. Hierdie feit is duidelik uit Matteus 28:18-20.

Jesus se bevel in Matt.28:19,20 vloei voort uit sy Messiaanse ἐξουσία. Die opdrag wat Hy aan sy dissipels, as verteenwoordigers van die hele kerk gee, is μαθητεύσατε met διδάσκοντες as bepaling daarby. Μαθητεύσατε hou in dat die aan wie die onderrig gegee word, direk aan Jesus gebind moet word; hulle moet ook dissipels word. Die kenmerk van dissipelskap is ἀκολουθεῖν, die navolging van Christus. Die mens kom tot navolging deurdat Jesus in die doop na hom kom om hom in te sluit in die heilsverhaal, en die mens oproep om Hom te volg. In die doop kom Jesus na die mens om hom te bring op die weg van die Koninkryk; om hom in te lyf in die Messiaanse gemeenskap - "de doop is het kerygma in gekonsentreerde en direk op die ontvanger toegespitste vorm" (Firet,1974:86).

Doop moet lei tot ware navolging (dissipelskap); daarom die opdrag: "leer hulle (διδάσκοντες) om te onderhou" wat Jesus geleer het. Die onderrig moet die mens nie net bring tot kennis nie, maar tot onderhouding van dit wat Jesus beveel; daarom gaan dit in die onderrig "om de voeten van deze nog onervaren gelovigen langzamerhand te wenden aan de weg des vredes"(Bavinck,1960:143). Doop is dan inlywing in die dissipelgemeenskap en die onderrig moet hulle leer om as disspel te leef. In die doop sê Jesus "Volg jy my". Die onderrig leer hoe om prakties en konkreet met woord en daad positief hierop te reageer.

Op grond hiervan kan gesê word dat dit die doelwit van die onderrig is om mense te lei om as dissipels van Jesus Christus te leef. Barth (1945:13)vertaal μαθετευσατε, as opdrag aan die dissipels in Matteus 28:19-20, soos volg: "Macht sie zu dem, was ihr selbst seid !" Op hierdie wyse sal daar dan voortdurend oor die eeue heen mense wees wat as dissipels van Jesus Christus ander mense tot dissipelskap begelei. Die onderrig van Christus moet dus bly voortklink en mense voor die eis stel om Jesus Christus na te volg en om ander mense tot sy dissipels te maak.

2.2.1.2.2 Die doel van 'n dissipel se onderrig soos dit na vore kom in Kolossense 1:28 en Hebreërs 5:12

In Kolossense 1:28 kom 'n baie duidelike doelwitstelling vir die onderrig na vore: διδάσκοντεσ....ἵνα παραστήσωμεν πάντα ἄνθρωπον τέλειον ἐν Χριστῷ. Die onderrig dra dus by tot die groei van elke gelowige tot volwassenheid in die geloof in Christus. Die begrip παρίστημι kan egter ook beteken: "tot beskikking stel" (Handelinge 23:24; Romeine 12:1; vergelyk Nida et al, 1988:567 en Reicke,1967:839). Hierdie

betekenismoontlikheid verbreed die doelwit van die onderrig in Kolossense 1:28. Om iemand deur die onderrig tot volwassenheid te begelei hou dus ook in dat daardie persoon tot toewyding en diensbaarheid aan Jesus Christus begelei moet word.

In Hebreërs 5:12-6:3 word gesê dat volwassenheid in die geloof daartoe dien dat die een wat onderrig ontvang, self ook onderrig kan gee (Kolossense 1:28).

Volwassenheid in die geloof vloei onder andere voort uit die praktiese toepassing en uitlewing van die Woord van God (Hebreers 5:14).

Wanneer hierdie twee gedeeltes saam gelees word, kan gesê word dat die doel van die onderrig groei tot volwassenheid in die geloof is, sodat die leerling homself tot beskikking van Christus sal stel deur onder andere onderrig te gee.

2.2.1.3 Gesistematiseerde afleidings by 2.2.1

Die doel van Jesus se onderrig is om mense sy dissipels te maak. Om Jesus se dissipel te wees hou in dat die mens:
- God ken en deur Christus in Hom glo;
- gehoor gee aan Jesus se eis tot volle oorgawe aan Hom sodat hy 'n lewe van persoonlike gemeenskap met God kan leef in Christus;
- so na God se Woord luister dat hy dit bewaar.

- Geloof en gehoorsaamheid lei daartoe dat elke dissipel van Christus deur sy lewe getuig van sy geloof en verbondenheid met Christus. So word die gelowige ook

medewerker om nuwe dissipels te maak.

- Sowel die apostels as alle ander gelowige het as dissipels van Christus die opdrag om nuwe dissipels te maak;
- die onderrig bou op die belofte en eis van die doop deur God se genade 'n werklikheid in die katkisant se lewe te maak waarvolgens hy lewe;
- 'n nuwe dissipel word toegerus om onderrig te gee deur hom te begelei tot geloofsvolwassenheid, wat toewyding aan Christus insluit. Geloofsvolwassenheid vloei voort uit voortdurende oefening om die Woord van God toe te pas en uit te leef.

2.2.2 Subjek van die onderrig

Onder hierdie punt sal hoofsaaklik net aangetoon word wie almal as subjek van die onderrig optree.

2.2.2.1 Jesus is subjek van die onderrig

As aanduiding van Jesus se besondere posisie as leermeester word die titel διδάσκαλος in die Matteus en Markusevangelies net vir Jesus gebruik; so ook op twee uitsonderings na in die Lukas-evangelie en met die uitsondering van een geleentheid, uitsluitlik so in Johannes (Beukes 1974:22).

Jesus was gewoond om te leer (Markus 10:1), die Fariseërs het Hom daaroor gevrees en die skare was verstom oor sy leer (Markus 11:8 vgl ook Matteus 13:54; 26:55). "Zo kenden de mensen Hem ook, en men spreek Hem aan als ῥαββί, διδάσκαλε en ἐπιστάτα" (Firet,1974:78).
Onderrig was een van die mees prominente funksies van

Jesus in sy publieke optrede. So word telkens eers gesê dat Hy in die sinagoges geleer het en eers daarna dat Hy die evangelie verkondig het en mense gesond gemaak het (Matteus 4:23; 9:35; 11:1; vergelyk ook Rengstorf 1968:165).

Jesus se prediking (Markus 2:13; 6:6; Lukas 4:15; 13:22; Matteus 4:23) en gesprekke (Markus 1:21;4:1; Matteus 5:2; 21:23; Lukas 5:3,17; 6:6) word met διδάσκειν aangedui. Jesus sê egter in Johannes 15:15 dat dit wat Hy aan sy dissipels bekendmaak, Hy van sy Vader gehoor het.

Jesus is dus subjek van die onderrig. Hy gee die onderrig van die Vader deur.

2.2.2.2 Die Heilige Gees is subjek van die onderrig

In Lukas 12:12 word belowe dat die Heilige Gees die gelowiges in hulle vervolging sal leer wat om te sê as hulle voor die owerhede en gesagvoerders gebring word. In Johannes 14:26 belowe Jesus dat Hy die Gees sal stuur om die gelowiges alles te leer en te herinner wat Jesus gesê het. In 1 Korintiërs 2:9-16 sê Paulus dat hy die woorde onderrig wat die Gees hom leer. God gee sy Gees aan die mens om hom die diepste geheimenisse van God te leer, sodat die mens ook ander mense wat die Gees het, kan onderrig.

Die Gees is dus subjek van die onderrig en rus die mens ook toe om as subjek van die onderrig op te tree. Die Heilige Gees is die Gees van Christus en daarom gee Hy Jesus se onderrig deur aan die mense.

2.2.2.3 Die dissipels is subjek van die onderrig.

Jesus het alreeds tydens sy lewe op aarde aan die dissipels die opdrag gegee om te onderrig (Markus 6:30). In Matteus 28:20 maak Jesus die voortsetting van sy onderrig die lewenstaak van sy volk, beginnende by die dissipels (Rengstorf,1968:144,145).

By verskeie geleenthede word gesê dat die dissipels onderrig (Markus 6:30;28:20;Handelinge 4:2;5:21,42). Hulle onderrig in huise (Handelinge 5:42; 20:20; 28:30), maar hoofsaaklik waar die gemeente bymekaar is (Handelinge 11:26;20:20; 1 Korintiers 4:17) en in die tempel (Handelinge 4:2; 5:21,42).

Die dissipels is subjek van die onderrig, maar hulle leer slegs dit wat die Gees hulle leer. Dit wat hulle onderrig is Jesus se onderrig. Jesus is dus ook subjek van die dissipels se onderrig.

2.2.2.4 Die ampsdraers in die gemeente is subjek van die onderrig

Uit die feit dat die onderrig hoofsaaklik gegee word waar die gemeente bymekaar is, lei Beukes (1974:22) af dat die subjek van die onderrig die ampsdraers is en die objek die gemeente. Hierdie waarneming word bevestig deur 1 Korintiërs 12:28 waar διδάσκαλος as 'n derde ampstaak naas die van apostel en profete genoem word. In Efesiërs 4 word 'n vierde ampstaak bygevoeg, naamlik ἐυαγγελιστάς, "but in both cases the teacher is appointed to a particular church" (Wegenast,1978:768). Ook Jakobus 3:1 dui op 'n spesifieke amp van leermeester. In aansluiting hierby staan daar dat Timoteus die reg en

plig het om te onderrig (1 Timoteus 4:11), maar dit kom nie sonder meer almal toe nie; onderrig is die taak van mense wat aan spesifieke voorwaardes voldoen (1 Timoteus 3:2; 2 Timoteus 2:2).

Die onderrig is dus ook amptelike werk. Volgens 2 Timoteus 2:2 is die onderrig van Timoteus (as ampsdraer) die onderrig wat van Jesus na die apostels gekom het. Ook hier bly Jesus die subjek van die onderrig.

2.2.2.5 Die gemeente is subjek van die onderrig.

Dat die onderrig amptelike werk is, hou egter nie in dat ander gelowiges nie ook mag onderrig nie; inteendeel, dit word as ideaal gestel vir elke gelowige. Die hele gemeente is geroep om te groei tot leermeesters (Hebreërs 5:12).

Elke gemeentelid kan subjek van die onderrig wees, maar alle onderrig moet op die fondament Christus gebou wees (1 Korintiërs 3:10,11) sodat Christus steeds die subjek bly (1 Korintiërs 3:5-9).

2.2.2.6 Gesistematiseerde afleidings by 2.2.2

- Die subjek van die onderrig is Jesus Christus.
- Hy gee die onderrig van die Vader deur.

- Jesus gee sy Gees as Leermeester vir sy dissipels.

- Vanuit sy gesag as opgestane Here stel Jesus ook sy

dissipels aan om te onderrig.
- Die dissipels moet die wat glo, leer om as dissipels te leef; daarmee word elke gelowige die subjek van die onderrig.

- Omdat alle onderrig slegs mag oordra wat Jesus geleer het - en omdat Jesus sy onderrig van die Vader ontvang het - bly die Vader in die laaste instansie die subjek van die onderrig.
- Onderrig is die oordra van kennis aangaande God (wat Hy in en deur Christus deur die werking van die Gees geopenbaar het). Wie die onderrig glo, sal God ken, in noue persoonlike gemeenskap met Hom leef en so die kennis aangaande Hom verder versprei.

### 2.2.3 Die inhoud van die onderrig

#### 2.2.3.1 Die inhoud van Jesus se onderrig

2.2.3.1.1 Die volgende hooflyne in Jesus se onderrig kan onderskei word (Wegenast,1978:761-763):

- Die verhouding van die Vader, Seun en Heilige Gees en die betekenis daarvan vir die wat glo.

Jesus gee onderrig aangaande sy Vader (Lukas 11:13, Johannes 4:23,24). Dikwels handel sy onderrig oor die verhouding tussen die Vader en die Seun (Johannes 5:17-28 vergelyk Matteus 11:27; Markus 13:32; Lukas 9:26; Johannes 6,8,10,11,12,13,14). Telkens word die betekenis van hierdie verhouding tussen die Vader en die Seun vir die verlossing van die mens ook uitgespel, naamlik dat die wat deur die werking van

die Gees glo, deel kry aan die verlossing in Christus en daardeur deel het aan die Vader. (Matteus 11:26,27; Markus 13:32-37; Lukas 9:23-27; Johannes 5:24).

- Die Koninkryk van God en die betekenis van die koms daarvan vir die verlossing van die mens.

Jesus verkondig die evangelie van die Koninkryk en Hy genees die siekes (Matteus 4:23; 9:35) en dui aan dat die wat glo deel kry aan die Koninkryk van God ( Lukas 12:32; 22:28-30).

- Die wil van die Vader en die betekenis daarvan vir die wat glo.

Jesus onderrig die mense aangaande die wil van die Vader (Matteus 18:14; Johannes 5:30; Johannes 6:37-40) en die mens word opgeroep om volgens die wil van God te leef (Matteus 18:10,15-17; Johannes 5:31-47; Johannes 6:40).

- Die wet van God en die betekenis daarvan vir die mens.

Jesus verkondig dat Hy die wet kom vervul het (Matteus 5:17; Lukas 16:16), maar dat die wet nooit verbygaan nie (Matteus 5:18, Lukas 16:17) en dat die mens volgens die wet moet leef en dit moet ken (Matteus 5:19,20; Lukas 16:18-31). Jesus het die Gees sonder mate ontvang en Hy gee sy Gees aan die gelowiges sodat hulle volgens God se wil kan leef.

2.2.3.1.2 Praktiese toepassing van die onderrig op die lewe van die mens as deel van die inhoud van Jesus se onderrig

Die onderwerpe van Jesus se onderrig is hoofsaaklik dieselfde as die van elke ander Joodse rabbi van sy tyd. Soos hulle gee Hy onderrig aangaande God, sy Koninkryk en sy wil. Soos hulle gee Jesus ook onderrig uit die Ou Testament (Lukas 4:16 e.v.;Markus 11:17) en uit die wet (Matteus 5:21 e.v.; 15:3 e.v.).

Jesus se onderrig verskil egter ook in 'n verdere opsig van die destydse Joodse onderrig. 'n Kardinale aspek waarin Jesus se onderrig anders is, is dat sy radikale toepassing van die onderrig op die konkrete lewe van die mense, onlosmaaklik deel gevorm het van sy onderrig. Soos hierbo aangetoon, gee Jesus telkens die betekenis van sy verkondiging vir die mens en sy verlossing en daaglikse lewe (vgl. Matteus 5-7; Lukas 12-13; Johannes 6-7). In plaas van blote teoretiese onderrig oor God se voorsienigheid, sy genade of sy straf, toon Jesus hoe God se goedheid en straf in konkrete situasies werksaam is (Lukas 15-16). In plaas van spekulasie oor die Koninkryk van God, toon Hy dat die Koninkryk by die mense gekom het (Matteus 12:28) en roep elkeen op om hom te bekeer en sy lewe te verander (Markus 7:1; Matteus 25:31-46). In plaas daarvan om die wet as 'n klomp reëls voor te stel waardeur die verlossing verdien moet word, leer Hy die mense die ware betekenis van die wet naamlik liefde tot God en jou naaste (Matteus 7:12; Markus 12:30).

Hierteenoor het die lewelose kasuïstiek van die rabbynse onderrig gestaan (Rengstorf, 1968:139; Wegenast,1978:763).

Jesus se onderrig verskil verder ook nog van die Joodse onderrig daarin dat Hy die Wet en die Skrif verkondig vanuit die perspektief dat Jesus en die Gees die vervulling daarvan is (Lukas 4:21), terwyl die Jode Hom as Messias verwerp het en die Gees van God gelaster het. Hierdie verskil tussen die rabbynse en Jesus se onderrig lê dus in Jesus se persoon as Messias. Ten diepste is die inhoud van Jesus se onderrig net Hyself in sy verhouding tot sy Vader (Rengstorf,1968:140).

'n Onlosmaaklik deel van die inhoud van Jesus se onderrig was die toepassing op die mens en sy situasie. Inherent aan Jesus se onderrig was die gerigtheid op mense en hul konkrete situasie. Die mens moet in die krag van die Gees in noue persoonlike gemeenskap met God leef.

2.2.3.2 Die inhoud van die apostels se onderrig

2.2.3.2.1 Die inhoud van die apostels se onderrig is dieselfde as die van Jesus se onderrig

In Matteus 28:20 maak Jesus die voortsetting van sy eie onderrig die lewenstaak van sy dissipels as verteenwoordigers van die kerk. Die inhoud van **διδάσκειν** is **πάντα ὅσα ἐνετειλάμην ὑμῖν**, dit wil se Jesus se **διδάχη**. Die dissipels se onderrig is dus nie net verkondiging aangaande Christus nie. Die inhoud van die dissipels se onderrig is dieselfde as die van Jesus (Rengstorf,1968:145). Daarvoor het Jesus hulle die Heilige Gees gegee om hulle aan alles wat Hy gesê het, te herinner (Johannes 14:26). Sodoende sal hulle ander kan leer om te onderhou wat Hy hulle beveel het (Matteus 28:20).

2.2.3.2.2 Jesus se dood en opstanding as inhoud van die

apostels se onderrig

Soos Jesus telkens gesê het dat Hy moet sterf en op die derde dag sal opstaan (Markus 9:9), so het Jesus se kruisiging en opstanding uit die dood en die bewys dat dit volgens die Skrifte is, sterk klem ontvang in die onderrig van die dissipels (Handelinge 17:1-3).

2.2.3.2.3 Praktiese toepassing as deel van die inhoud van die apostels se onderrig

Soos die praktiese toepassing van die onderrig op die lewe deel van die inhoud van Jesus se onderrig was, was dit ook deel van die dissipels se onderrig. In Handelinge 4 gebruik Petrus die genesing van 'n kreupele as aanknopingspunt om die evangelie van Jesus Christus konkreet op die skrifgeleerdes, owerstes en ouderlinge toe te pas. Jesus is die steen wat deur hulle, die bouers verag is, maar Hy het die hoeksteen geword, buite Hom is daar geen saligheid nie (vgl. Handelinge 4:10-12; vergelyk ook Handelinge 2:14-42;5:29-32; 11:22-26; 20:20,21,25-32). Ook Paulus pas in sy briewe sy onderrig toe op die konkrete lewe van sy lesers. In Romeine 14 gee Paulus die toepassing van die feit dat Jesus as Regter kom. Hy vermaan sy lesers om mekaar nie te oordeel nie aangesien elke mens voor die regterstoel van Christus sal verskyn en Hy sal elkeen oordeel ( vergelyk ook Romeine 2:17-24; Hebreërs 5:11-14).

2.2.3.2.4 'n Vaste belydenis as inhoud van die apostels se onderrig

Uit sommige van Paulus se briewe is dit duidelik dat die inhoud van die onderrig 'n min of meer vaste (mondelinge)

belydenis geword het wat oorgelewer is. Die inhoud van hierdie oorlewering is dan 'n samevatting en toepassing van die Evangelie. In die eerste brief aan Timoteus word die belydenis aangedui met die woorde "Dit is 'n betroubare woord" (vergelyk Timoteus 1:15,3:1;4:9). In 2 Timoteus 2:2 moedig Paulus vir Timoteus aan om hierdie belydenis aan bekwame manne oor te dra, wat dit weer aan ander sal kan leer.

Wegenast (1978:765) se opsomming van die Nuwe Testamentiese onderrig sluit by laasgenoemde twee punte aan: "To summarize : the N.T. uses didasko in the following two senses:
(a) (mainly in the Gospels and Acts) to proclaim, call for a decision, address men in the sense of teaching them those things which God requires of the whole man;
(b) (mainly in the Pastorals and 2 Thess.) to teach in the sense of handing down a fixed body of doctrine which must be mastered and then preserved intact."

2.2.3.3 Gesistematiseerde afleidings by 2.2.2

- Die inhoud van Jesus se onderrig is God, sy Koninkryk, sy wil en wet; kortom, die vervulling van sy raadsplan in en deur Jesus Christus, deur die werking van die Gees.
- Die apostels (en die ganse kerk) se onderrig het dit wat Jesus verkondig het as inhoud.

- Die praktiese toepassing van die onderrig op die mense se lewe, moet deel wees van die inhoud van die onderrig.

- Die inhoud van die onderrig is dus feite-oordrag en die toepassing daarvan op die mens. Die een wat onderrig word, moet God ontmoet in die onderrig en voor God se eis

te staan kom. Selfs wanneer die inhoud van die onderrig vanuit 'n vasgestelde belydenis(skrif) geskied, bly dit nog prediking wat die mens te staan bring voor God en sy eis om in noue persoonlike gemeenskap met Hom te leef.

### 2.2.4 Die wyse van onderrig

#### 2.2.4.1 Onderrig as verklaring en toepassing van die Skrif

Aangesien die onderrig van Jesus (Matteus 9:35;13:54; Markus 12:35; Lukas 21:37) en die vroeë kerk so nou aansluiting gevind het by die onderrig in die tempel (Handelinge 5:25), kan aanvaar word dat daar ook ten opsigte van uiterlike vorm ooreenstemming was (Rengstorf,1968:145). In Lukas 4:16 word verhaal hoe Jesus staande 'n gedeelte uit die profete gelees het en dit sittende verklaar het, soos dit die normale rabbynse gebruik was (Wegenast,1978:761). Die wyse waarop die onderrig plaasgevind het, was dus uitleg van die Skrif.

Die vroeë kerk se onderrig het Skriftuurlike bewyse dat Jesus die beloofde Messias is ingesluit (Handelinge 2;3;;4;7;28:31), asook woorde van opbou uit die Skrif (Romeine 12:7).

Dat die wyse van onderrig ook toepassing ingesluit het, kom ook na vore uit die feit dat daar in die Nuwe Testament nie 'n groot onderskeid bestaan tussen onderrig en prediking nie (Wegenast,1978:770). Wegenast,(1978:771) sê aangaande die gebruik van διδάσκαλια in die pastorale briewe: "There is no hesitation in calling Christian preaching didaskalia, and likewise paratheke and didache. No tension is felt between the gospel, constantly preached afresh, and doctrine to be learnt,

kept pure and defended against heresies".

### 2.2.4.2 Onderrig as bemoediging in 'n konkrete situasie

In Kolossense 1:28 word die wyse waarop die onderrig gegee word met die begrip **νουθετεῖν** beskryf. Die boodskap van Jesus Christus word op die persoonlike konkrete situasie van 'n mens toegepas tot bemoediging van die persoon. Bemoediging sluit in vertroosting en vermaning. Die persoonlike aansporing tot individuele geloofsgroei, moet deel uitmaak van die onderrig.

### 2.2.4.3 Onderrig as appèl tot dissipelskap

Jesus en die dissipels se onderrig het ingesluit dat daar 'n sterk appel op die hoorder gemaak word om volgens die onderrig te handel. Die onderrig het dus ook op 'n imperatiewe wyse na die hoorder gekom. Jesus en die dissipels neem die inisiatief; die beslissende moment om 'n dissipel te word, was geleë in die feit dat Jesus iemand roep om Hom te volg (Lukas 5:1-11; Matteus 5:18; Markus 1:17; Johannes 1:43; Handelinge 2:38-40).

### 2.2.4.4 Gesistematiseerde afleidings by 2.2.3

- Die wyse waarop die onderrig geskied, is deur verklaring en konkrete toepassing van die Skrif.
  - Die toepassing van die Skrif sluit nie net bemoediging in nie, maar ook die eis om te doen waartoe God die hoorder oproep in die onderrig.

### 2.2.5. Slotsom en toepassing

2.2.5.1 Slotsom en toepassing en toepassing ten opsigte van die doel van onderrig

Onderrig tot getuienis is 'n doelpunt van die onderrig in die Nuwe Testament, terwyl die einddoel van die kategese is om die katkisant te bring tot 'n lewe in gemeenskap met God in Jesus Christus. Hierdie eenheid moet bydra tot die verheerliking van God.

- Hierdie einddoel word bereik deur
    - die katkisant te lei om God te ken deur die oordra en toepassing van die openbaring van God in Christus.

    - die katkisant voor God te stel en hom daartoe bring om te antwoord op God se Woord. Telkens wanneer 'n mens die Woord hoor, moet hy dit of in geloof aanneem, of in ongeloof verwerp.

    - die katkisant in die onderrig te begelei om die roeping tot navolging van en 'n lewe in noue gemeenskap met Jesus Christus wat op grond van sy doop na hom kom positief te beantwoord.

    - die katkisant te begelei tot geloofsgroei sodat hy ook onderrig kan gee. Geloofsgroei word bevorder deur die katkisant aan te spoor om die Woord prakties toe te pas en uit te leef.

2.2.5.2 Slotsom en toepassing ten opsigte van die subjek van die onderrig

- God die Vader is die subjek van die onderrig.
  - Jesus onderrig dit wat Hy van die Vader ontvang het.
  - Die Heilige Gees leer die dissipels dit wat Jesus onderrig het.
  - Die dissipels gee Jesus se onderrig deur, om so nuwe dissipels vir Christus te maak.
  - Elke gelowige is geroep om onderrig te gee tot opbouing en uitbouing van die gemeente.
- Die katkisant moet in die onderrig God die Vader ontmoet wat hom in Christus roep om in die krag van die Gees, dissipel van Christus te wees. Sy roeping hou ook in dat hy nuwe dissipels moet maak.

2.2.5.3 Slotsom en toepassing ten opsigte van die inhoud van die onderrig

- Die leerplan waarin die onderrig tot getuienis 'n doelpunt is, moet Jesus se onderrig as inhoud hê. Die volgende hooflyne en die betekenis daarvan vir die mens se verlossing sal dus in 'n onderrigleerplan ingesluit moet word:
- God se raadsplan soos dit vervul word in
  - die verhouding van die Vader, Seun en Heilige Gees.
  - die Koninkryk van God.
  - God se Wil en sy Wet.

- Jesus se bevel "volg My" is deel van die inhoud van die onderrig. Die onderrig moet dus feite en die betekenis daarvan oordra en die katkisant ook leer om die bevele van Christus prakties op sy lewe toe te pas en te gehoorsaam.

2.2.5.4 Slotsom en toepassing ten opsigte van die wyse van onderrig

- Die onderrig moet bestaan uit uitleg en praktiese toepassing van die Skrif.
    - Die praktiese toepassing van die Skrif moet so gedoen word dat die katkisant sowel bemoedig as opgeroep word tot navolging van Christus in sy besondere omstandighede.

## 2.3 FINALE SLOTSOM EN TOEPASSING TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 2

- Onderrig tot getuienis moet 'n doelpunt in die kategese wees en bydra tot die einddoel van die onderrig naamlik die eenheid van die gelowige met God deur Christus Jesus.

- Alle gelowiges kan en moet deel hê aan hierdie onderrig waarvan die eintlike subjek God die Vader in Christus deur die werking van die Gees is.

- Jesus Christus se onderrig moet die inhoud van die onderrig tot getuienis wees. As 'n onlosmaaklike deel daarvan moet die praktiese toepassing van die feite-inhoud die katkisant tot 'n geloofskeuse lei.

- Die onderrig tot getuienis moet altyd logiese en sistematiese Skrifuitleg en toepassing van die Skrif wees sodat die katkisant God se roepstem tot navolging van Christus hoor en gehoorsaam.

- Onderrig tot getuienis is dus die logiese en sistematiese deurgee van die onderrig van Jesus. Sodoende moet elke mens tot persoonlike gemeenskap en navolging van

Jesus kom sodat hy deur sy getuienis as dissipel, ander mense tot dissipelskap sal oproep en onderrig.

# HOOFSTUK 3

## DIE ROEPING TOT GETUIENIS - DIE BEGRIP GETUIENIS IN DIE NUWE TESTAMENT.

Daar word algemeen aanvaar dat die begrip "getuienis" in die Nuwe Testament hoofsaaklik uitgedruk word deur **μάρτυσ, μαρτΰρέω, μαρτυρία,μαρτυριον** (vergelyk Burchard,314; Hindley,1965:319 e.v. en veral Trites,1977:99). Aangesien ın hierdie verhandeling oor die onderrig tot getuienis gehandel word, is 'n verkenning van die betekenisinhoude en gebruikswyse van hierdie begrippe, ter sake. Die ondersoek word toegespits op die subjek, inhoud, wyse en doel van getuienis soos dit na vore kom in verskillende Skrifgedeeltes. Daar moes noodwendig 'n keuse gemaak word van die Skrifgedeeltes wat behandel kan word. Die keuse het tot 'n groot mate op gedeeltes uit die Johannes-evangelie en -briewe geval aangesien die tersake woordgroep grotendeels in hierdie boeke voorkom (***Μαρτΰρέω*** kom 43 keer in Johannes voor uit die totale 76 keer in die Nuwe Testament. ***Μαρτυρία*** kom 21 keer in Johannes voor uit die 37 keer in die Nuwe Testament).

## ***MÁRTUΣ, MARTŬRÉΩ, MARTURÍA, MARTÚRION*** IN DIE NUWE TESTAMENT

### 3.1 DIE SUBJEK VAN GETUIENIS

#### 3.1.1 God is Subjek van die getuienis

Dit is opvallend dat getuienis waarvan God die subjek is, hoofsaaklik dien as waarborg van die egtheid van wat mense is of doen (Romeine 1:9, 2 Korintiers 1:23, Handelinge 13:22, Handelinge 14:3, Johannes 5:32,37). Pop (175:245) sê op grond hiervan God stel Homself "door zijn woord en Geest of door gebeurtenissen garant (stel) voor de waarheid of echtheid van wat mensen zijn of doen".

God se getuienis word besonder duidelik beskryf in Johannes 5:31-47. Hierdie gedeelte sal nou nader ondersoek word.

Jesus se aanspraak dat Hy die Seun van God is (Johannes 5:17-29) word deur die Jode weerspreek (Johannes 5:16,31). Hulle glo in hulle harte dat sy getuienis nie waar is nie aangesien Hy oor Homself getuig. Om aan hulle te bewys dat sy getuienis tog waar is, sê Hy dat daar 'n ander Een is wat van Hom getuig. Dat hierdie ander Een die Vader is, is duidelik uit vers 36 en 37 aangesien die Vader daar as die Gewer van Jesus se getuienis beskryf word (Hendriksen, 1976:207). Vanaf vers 33 word die getuies van die Vader beskryf. Die eerste getuie van die Vader wat genoem word, is Johannes die Doper (vers 33). Daar is egter nog gewigtiger getuienis, naamlik die werke van die Vader wat Jesus doen. Die Vader lewer egter nog meer direk getuienis deur sy eie Woord (vers 37-39). En dan is daar nog 'n ander getuie - die Wet. Die Jode wil nie glo nie; daarom sal die Wet hulle veroordeel, want God getuig ook deur die Wet aangaande Christus. Die Jode gee egter nie gehoor aan God se stem nie.

Die getuienis van Johannes die Doper, die wonderwerke wat Jesus doen, die Skrif en die Wet is dus alles God se getuienis, waardeur Hy waarborg dat Jesus waarlik sy Seun is. Die Vader kan Jesus se getuienis waarborg, want dit is die Vader se eie getuienis - die Vader maak Homself

immers deur Jesus bekend (vers 17-23). So is die getuienis van Johannes die Doper ook waar omdat ook hy die Vader se getuienis gee (vergelyk Johannes 1:32,33). Ook Moses se getuienis is waar omdat dit dieselfde getuienis lewer as die Vader.

Wie hierdie getuienis nie aanvaar nie, verwerp vir God self. Wie egter wel die getuienis aanvaar, het die woord as iets blywends in hulle (vers 38). Elke gelowige se getuienis dat Jesus die weg, die waarheid en die lewe is, is ten diepste God se seël op die openbaring aangaande sy verlossingsplan. Die Vader lewer getuienis deur Christus en die Gees, en die mens glo dat die getuienis waar is (Hindley,1965:322 e.v.). So getuig God deur elke getuie.

Alle ware getuienis aangaande God het dus sy oorsprong by God se eie getuienis of anders gestel, die Vader is subjek van alle ware getuienis.

3.1.2. Jesus is Subjek van die getuienis

3.1.2.1 Jesus is Subjek van getuienis in Johannes 3: 10-13,31-35

Jesus verkeer in hierdie gedeelte in gesprek met Nikodemus. Hy verwyt Nikodemus oor sy gebrek aan kennis (vers 10). Teenoor die gebrekkige kennis stel Jesus Homself en daarmee saam die wat in Hom glo (vers 11). Wanneer Jesus Nikodemus en die ander Fariseërs verwyt oor hulle ongeloof, sê Hy dat niemand in die hemel was behalwe Hy, die Seun van die mens, nie. Daarmee verklaar Jesus dit wat Hy in vers 10 aangaande sy getuienis gesê het, naamlik dat dit getuienis is van dit wat gesien is.

Johannes die doper se getuienis aangaande Jesus as getuie (vers 31-36) sluit by die voorafgaande aan. Johannes getuig van die nou verbondenheid tussen die Vader en die Seun se getuienis. Die wat Jesus se getuienis aanvaar het, het daardeur bevestig dat God geloofwaardig is. In vers 34 gee Johannes die rede waarom hy kan sê dat iemand wat Jesus se getuienis aanvaar, bevestig dat God geloofwaardig is. Hy gee drie redes:

- God het Jesus gestuur;
- Jesus spreek die woorde van God;
- Jesus kan die woorde van God spreek, want God het Hom die Gees sonder mate gegee.

Jesus kan God se getuie wees omdat Hy aan bogenoemde drie vereistes voldoen en daarby ook nog 'n ooggetuie en oorgetuie van God se werk en woorde is (Johannes 5:19). Die grond van Jesus se getuienis en die kern waarheen alle getuienis wys, is Jesus se een wees met die Vader en sy kennis van die Vader. Uiteindelik is Hy wat die getuienis lewer, self die getuienis; Hy verenig in sy persoon en sy woorde sowel die waarheid as die bewys van die waarheid (Hindley,1965:319 e.v.).

Jesus is dus God se Getuienis en sy Getuie. Hy getuig van die waarheid omdat sy getuienis God openbaar soos Hy is (Johannes 14:9-11).

### 3.1.3. Die Heilige Gees is subjek van die getuienis

Johannes 15:26-16:15 sal verken word met betrekking tot die Heilige Gees as subjek van die getuienis.

Jesus berei in hierdie gedeelte die dissipels voor op die

lewe na sy hemelvaart (16:5). In die dissipels se lewe sal die Heilige Gees 'n kardinale rol speel, naamlik as die een wat van Christus getuig (Johannes 15:26; 16:13,14). Die Gees is ook 'n ware getuie aangesien Hy deur Christus en die Vader gestuur is (15:26; 16:7) en ook 'n oog- en oorgetuie is (16:13). Jesus stel dit baie duidelik dat die Gees net verkondig wat Hy van Christus ontvang het (16:14), maar dat dit wat die Gees van die Seun ontvang, van die Vader kom (16:15).

In Johannes 16:8 kom daar 'n verdere belangrike taak van die Heilige Gees as getuie na vore. Hy oortuig die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel. Wanneer God se getuienis tot die mens kom, oortuig die Gees die mens deur die getuienis dat hy sondig is en die geregtigheid van Christus nodig het om aan die oordeel van God te ontkom. 'n Deel van sy getuienistaak is dus om die mens te oortuig van die waarheid van God se getuienis. Hierdie feit word nog duideliker as ons Johannes 16:8 lees in die lig van Romeine 8:16 waar daar staan dat die "Gees saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is". Die Gees oortuig die mens dus deur sy getuienis, of van sy veroordeling vanweë ongeloof, of van sy kindskap vanweë geloof.

### 3.1.4. Mense is die subjek van getuienis

#### 3.1.4.1 Die dissipels is subjek van getuienis in die unieke betekenis van ooggetuies

Hierdie stelling word belig uit Lukas 24:44-49 :

Jesus sê in vers 46 en 47 wat verder moet gebeur na sy opstanding. Hy stuur sy dissipels uit met die opdrag dat al die nasies die boodskap van bekering en vergifnis in

die Naam van die opgestane Christus moet hoor. Om hierdie opdrag te kon uitvoer, moes daar drie dinge by die dissipels aanwesig wees:

- Jesus moes sy onderrig aan die dissipels verklaar (vers 44) en hulle verstand open sodat hulle die betekenis van die onderrig in die lig van die Skrif kan begryp. Die eerste vereiste vir die dissipels om getuies te kon wees was insig in die feite en betekenis van die lewe, sterwe en opstanding van Christus;

- Jesus voeg by sy verduideliking die feit dat die dissipels getuies van "hierdie dinge" was - hulle kwalifiseer dus om getuies te wees omdat hulle hierdie vervulling van die Skrif in Christus self beleef het;

- Die derde vereiste wat by die dissipels aanwesig moet wees, is die gawe van die Heilige Gees wat die Vader aan hulle sou gee. Die dissipels moes wag tot hulle toegerus is met die Gees voor hulle as getuies van Christus kon begin optree.

Die dissipels is dus getuies op grond van: Die opdrag van Christus aan hulle, die woorde van Jesus wat hulle begryp en kan verkondig, die feit dat hulle ooggetuies was en die toerusting met die Gees (Handelinge 2:32; 3:15) ( Strathmann,1967:492).

### 3.1.5 Paulus is getuie op grond van sy ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus

As getuie neem Paulus 'n besondere plek in die openbaring

in, daarom sal daar afsonderlik hier aan hom as getuie aandag gegee word.

Daar bestaan 'n huiwering by Paulus om homself as getuie te beskryf. In Handelinge 13:31 word net die vroeëre apostels wat ooggetuies was, μάρτυρες genoem terwyl Paulus van homself en Barnabas die woord εὐαγγελιζόμεθα gebruik. Strathmann (1967:493) meen dat hierdie gebruik van μάρτυς bepaal is deur die oortuiging dat Paulus en Barnabas nie ooggetuies was nie.

Paulus word egter tog getuie van Christus genoem.

- In Handelinge 22 spreek Paulus die Jode toe en verhaal sy ervaring op die pad na Damaskus. Uit hierdie gebeure is dit duidelik dat Paulus op die pad na Damaskus oortuig is dat Jesus waarlik die Seun van God is. In vers 13-16 haal hy Ananias se woorde tot hom aan. In vers 15 sê Ananias dan dat Paulus God se getuie sal wees, maar met die spesifieke kwalifikasie daarby dat hy getuie is van wat hy gesien en gehoor het. Paulus moet dus Jesus Christus gaan verkondig in die lig van en deur die begrip van die openbaring aan hom op pad na Damaskus.

- In Handelinge 26 verdedig Paulus homself weer en hy haal Jesus se woorde aan (vers 26). Jesus noem hom ook sy getuie en weereens met die byvoeging dat hy getuie sal wees van wat hy van Christus gesien het en van wat Christus hom nog sal laat sien.

- Paulus kan met reg ook 'n getuie van Christus genoem word aangesien hy aan die vereistes van 'n getuie voldoen: hy het van Christus opdrag ontvang om getuie te wees. Op grond van die openbaring op die pad na Damaskus het hy insig verkry in die feite

en betekenis van die evangelie en is hy ook ooggetuie van Jesus se opstanding. Ten slotte word hy ook met die Gees toegerus vir sy taak (Handelinge 9:17).

Paulus kan in sy getuienis as 'n oorgangsfiguur beskou word tussen die wat met Jesus gewandel het en die wat Jesus nooit gesien het nie. Paulus het nie met Jesus gewandel nie en Hom ook nie direk na sy opstanding en voor sy hemelvaart gesien nie, en tog het die opgestane Christus aan hom verskyn.

### 3.1.6 Nie-ooggetuies is subjek van getuienis

#### 3.1.6.1 Nie-ooggetuies wat sterf ter wille van hulle belydenis word getuies genoem

Slegs op enkele plekke word nie-ooggetuies met die woord **μάρτυρεσ** aangedui en op een plek word die getuienislewering van nie-oogetuies met **μαρτὔρέω** beskryf. Dit is opvallend dat in al hierdie gevalle dit mense is wat vir hulle geloof gesterf het, wat ter sprake kom.

In Handelinge 22:20 word Stefanus Christus se getuie genoem; hy is ter wille van sy getuienis gestenig. So word Antipas in Openbaring 2:13 Christus se getroue getuie genoem en hy is ook doodgemaak ter wille van sy geloof. In Openbaring 11:3 en 7 word melding gemaak van die twee getuies van Christus wat, nadat hulle hul getuienis gelewer het, deur die dier uit die aarde doodgemaak word. In Openbaring 12:11 lees ons van dié wat deur die woord van hulle getuienis die Satan oorwin het en nie onwillig was om hulle lewe af te lê nie. Ten slotte word in Openbaring 17:6 die getuies van Christus genoem met

wie se bloed die vrou op die dier (vs.3) haarself dronk gemaak het.

Nie-ooggetuies word dus wel met μάρτυρεσ en hulle getuienis met μαρτῠρέω aangedui wanneer hulle hul belydenis met hulle dood verseël het. Dat hulle bereid was om vir hulle geloof te sterf, toon dat die getuienis van Christus vir hulle net so 'n konkrete werklikheid was asof hulle dit self gesien het.

Dié wat dus tot die dood getrou gebly het aan die getuienis van Christus, word op hierdie wyse aangedui. Tog word μάρτυσ/μαρτῠρέω nie algemeen vir nie-ooggetuies se getuienis gebruik nie.

Indien μάρτυσ/μαρτῠρέω/μαρτυρία nie in die Nuwe Testament algemeen gebruik word om die getuienis van die nie-ooggetuie aan te dui nie, ontstaan die vraag watter begrip of begrippe dan wel gebruik word om die nie-ooggetuie se getuienis aan te dui. In antwoord hierop sou sekerlik 'n hele aantal begrippe genoem kon word waarmee die getuienis van die kerk in die Nuwe Testament beskryf word (vergelyk Schippers, 1938:120 e.v.). Die vraag moet egter gevra word of daar 'n begrip is waarvan met redelike sekerheid aanvaar kan word dat dit spontaan gebruik is om bogenoemde woordgroep te vervang.

Die ontwikkeling wat die begrippe μάρτυσ/μαρτῠρέω/μαρτυρία in die Christelike taalgebruik ondergaan het, sal vervolgens nagegaan word. By nadere beskouing van die latere ontwikkeling van die begrippe μάρτυσ/μαρτῠρέω/μαρτυρία blyk duidelik dat die betekenis wat die begrippe in die algemene spreektaal gehad het, naamlik getuienis aangaande bevestigde feite (ooggetuie) en getuienis aangaande waarhede, dit wil sê verkondiging en belydenis van oortuigings, 'n

betekenis-verenging ondergaan het. Schippers (1938:120 e.v.) dui aan hoe getuie meer en meer gebruik word slegs in die betekenis van "getuie vanuit die geloof". Daar het geen getuies in die vroeëre sin van die woord meer oorgebly nie (Strathmann, 1969:499). Getuienis het dus gaandeweg wat die nie-ooggetuie betref, die betekenis van belydenis gekry. Strathmann (1969:498) druk dit so uit: "μαρτυρεῖν and ὁμολογεῖν merged into one another".

Μαρτυρεῖν word dus in die Christelike spraakgebruik (en ook in die Nuwe Testament) spontaan en ook doelbewus vervang met Ὁμολογεῖν sodat die getuienis van nie-ooggetuies onderskei kan word van ooggetuienis.

Om die ondersoek na die getuienis van die nie-ooggetuie volledig te maak, sal die begrip ὁμολογεῖν ook verken moet word. Hierdie verkenning word as besonder belangrik vir hierdie studie beskou. Die ondersoekveld is immers die kategetiese onderrig tot getuienis van verbondskinders wat nie-ooggetuies is.

3.1.6.2 Nie-ooggetuies word as subjek van die getuienis aangedui met die uitdrukking "ἔχειν τὴν μαρτυρίαν Ἰησοῦ". Hierdie uitdrukking kom drie keer in Openbaring voor en een keer in 1 Johannes.

3.1.6.2.1 "Ἔχειν τὴν μαρτυρίαν Ἰησοῦ" in die Openbaring van Johannes.

Uit Openbaring 6:9 en 12:17 is dit duidelik dat hierdie uitdrukking vir alle gelowiges geld aangesien daar in 6:9 sonder onderskeid gepraat word van al die siele onder die altaar wat die getuienis van Jesus gehad het. Uit 12:17 is dit duidelik dat al die nakomelinge van die vrou die

getuienis van Jesus het.

In Openbaring 19:10 word daar 'n verklaring aangebied vir hierdie uitdrukking. Die engel sê aan Johannes dat hy 'n mededienskneg is van hom en van sy broeders wat die getuienis van Jesus het en dan volg hierdie verklaring: "want die getuienis van Jesus is die Gees van die profesie". Die mens wat die getuienis van Jesus het, het dus die Gees waardeur hy die woord van God kan verkondig.

Dit is dus duidelik dat die uitdrukking dat "iemand die getuienis van Jesus het", beteken dat daardie persoon in die krag van die Heilige Gees van Jesus getuig en dat elke ware gelowige die getuienis van Jesus het.

3.1.6.2.2 "Ἔχειν τὴν μαρτυρίαν " in 1 Johannes

Hierdie uitdrukking kom in 1 Johannes 5:10 voor.

Om die betekenis van hierdie uitdrukking hier te begryp is dit nodig om die gebruik van μαρτυρία/ μαρτυρεῖν in hierdie brief kortliks te bespreek. Die begrip word slegs twee keer buite die perikoop 5:6-12 gebruik en wel in 1 Johannes 1:2 en 4:14. Beide kere dui dit Johannes se getuienis aan met die uitdruklikke vermelding dat hy ooggetuie is. Wanneer na die gebruik van hierdie begrip in die perikoop 5:6-12 gekyk word, is dit duidelik dat dit hier gaan om die getuienis van God. In 5:6a word die getuienis van Jesus Christus deur die water en die bloed aangedui en in die tweede deel van dieselfde vers is die Gees subjek van die getuienis. In 5:9-10 word God (die Vader) se getuienis aangaande sy Seun deurgegee. 1 Johannes 5:6-9 gee dus die getuienis van die Drie-enige God weer.

*Μαρτυρία/μαρτύρέω* word glad nie in 1 Johannes gebruik om die getuienis van nie-ooggetuies aan te dui nie. Dit is onwaarskynlik dat daar in 5:10 sprake is van die getuienis van nie-ooggetuies. Die getuienis wat die gelowiges het, moet dus God se getuienis wees.

Wanneer hierdie bewysvoering aanvaar word laat dit egter nog die vraag na die gelowige se getuienis onbeantwoord. Die volgende vrae kom na vore:

* wat is die verband tussen God se getuienis in die gelowige en die gelowige se getuienis (**ὁμολογία**) ?
* het elke gelowige inderdaad die opdrag om te getuig aangaande Christus ?
* wat is die verband tussen Johannes en die ander apostels se getuienis (**μαρτυρία**) en elke ander gelowige se getuienis (**ὁμολογία**) ?

3.1.6.2.2.1 Die verband tussen God se getuienis en die gelowige se belydenis

Om die eerste vraag uit 1 Johannes te beantwoord sal die verband tussen die getuienis van God (5:6-12) en die belydenis van die gelowiges, soos beskryf in die res van 1 Johannes, ondersoek word.

1 Johannes kan op grond van die vyf **εἶναι**-stellings wat daarin voorkom, in ses dele verdeel word (Coetzee, 1980:15). Hierdie dele is die inleiding (1:1-4), die liggaam wat uit vier dele bestaan (1:5-2:27; 2:28-4:6; 4:7-5:5; 5:6-12) en die slot (5:13-21).

Dit is opmerklik dat elkeen van die belydenisse (en verloënings) in die eerste drie dele van die liggaam toespits op een van die drie Persone van die Drie-enige God.

Deel een (1 Johannes 1:5-2:27) spits toe op die Seun. In 1 Johannes 1:10 kom dit na vore in die woorde: As ons sê dat ons nie gesondig het nie is sy Woord (vgl.1:1) nie in ons nie. So ook in 1 Johannes 2:22 "Wie is die leuenaar behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is ?"

Die ontkenning van sowel 1 Johannes 1:10 as 2:22 is 'n aanval op die getuienis van "Jesus die Christus" (5:6) wat Hy deur die water en die bloed gee. Dat hierdie verbandlegging geregverdig is, blyk ook uit die ooreenkoms tussen Jesus se getuienis deur en die vrug van die belydenis: Jesus getuig deur die bloed (5:8), die vrug van die belydenis is die vergewing en reiniging van die sonde (1:9).

Jesus getuig deur die water van die doop (5:6). In 1 Johannes 1:27 word die gelowiges herinner aan hulle salwing (doop)(soos Christus die Gesalfde is) wat hulle alles leer. Wie Jesus se getuienis aanvaar kan in die krag van die Heilige Gees as oorwinnaar leef.

Die Seun se getuienis deur sy bloed dring die wat hierdie getuienis aanneem dus tot die belydenis van hulle sonde sodat hulle vergewing kan ontvang. Wie die getuienis van die Seun aanneem, bely ook met sy dade deur die Bose te oorwin (1 Johannes 2:12-17).

In deel twee (1 Johannes 2:28-4:6) word die getuienis van die Gees beklemtoon. Veral in 1 Johannes 4:3 is dit

duidelik: "elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie." Hier is 'n duidelike verband met die getuienis van die Gees in 1 Johannes 5:6. In 1 Johannes 5:7,8 word gesê dat die Gees dieselfde getuienis lewer as die water en die bloed. Die water en die bloed getuig van Jesus die Christus wat gekom het. Die Gees getuig dus ook van Jesus wat gekom het (5:6-8). In 1 Johannes 4:6 is sprake van die Gees van die waarheid en in 1 Johannes 5:6 word gesê "die Gees is die waarheid". Nadruk word gelê op die kindskap van die gelowige en dat hulle uit God is of uit God gebore is.

Die Gees se getuienis bring die gelowige dus tot die belydenis dat Jesus werklik die menslike natuur aangeneem het deur sy geboorte. Wie hierdie belydenis uitspreek toon daardeur dat hy ook as kind van God gebore is (1 Johannes 3:1,2,9,10).

In deel drie (1 Johannes 4:7-5:5) word klem geplaas op die getuienis van die Vader, vergelyk 1 Johannes 4:14,15: "Ons het aanskou en getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het". Die belydenis moet inhou dat "Jesus die Seun van God is" (1 Johannes 4:15). Ook hier kan daar 'n verband aangetoon word met God se getuienis in hoofstuk 5. In 1 Johannes 5:9-12, wat handel oor God se getuienis, word daar ses keer na die Seun verwys - vyf keer daarvan saam met 'n aanduiding dat Hy God se Seun is.

Die getuienis van die Vader bring die gelowige dus tot die belydenis van God se liefde wat Hy bewys het deur sy Seun as Verlosser na die wêreld te stuur. Wie hierdie getuienis van God se liefde aanneem, bely deur sy liefde vir sy broer dat hy God liefhet.

Uit hierdie vergelyking tussen die getuienis van God en die belydenis van die gelowige, kan afgelei word dat die getuienis van die Drie-enige God die grond en inhoud van die gelowige se belydenis is.

3.1.6.2.2.2 Elke gelowige het die taak om aangaande Christus, te getuig

Die betekenis van 1 Johannes 5:10 vir die gelowige se getuienis is dat elkeen wat glo (God se getuienis aanneem), hierdie getuienis in hom het. Omdat hy God se getuienis in hom het, moet hy dit wat hy in hom het, bely.

Die inhoud van die gelowige se belydenis is dieselfde as die inhoud van God se getuienis in hom, naamlik:
- dat elke mens sonde het, maar dat daar vir die wat hulle sonde bely vergifnis is deur die bloed van Christus. Hiermee saam gaan 'n lewe van oorwinning deur die krag van die Gees.
- dat Jesus gebore is as mens en dat elke gelowige nuut gebore is deur die werking van die Gees.
- dat God sy Seun as Verlosser na die wêreld gestuur het. Die gelowige kan nou sy broer liefhê omdat God hom eerste liefgehad het.

3.1.6.2.2.3 Die verband tussen die apostels se getuienis en die getuienis van nie-ooggetuies

In 1 Johannes het die getuienis (μαρτυρία) en belydenis (ὁμολογία) van mense dieselfde inhoud en grond. Ὁμολογία is egter getuienis vanuit God se μαρτυρία wat deur die geloof in die mens is, en μαρτυρία is getuienis vanuit God se μαρτυρία wat, in Christus, self gehoor, gesien en getas is (1:1).

### 3.1.7 Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 3.1

- God die Vader is die subjek van alle getuienis en elke ander getuie staan in sy diens om God se getuienis uit te dra.

- Jesus is subjek van die getuienis omdat
    - Hy die Vader se werke gesien en sy woorde gehoor het;
    - Sy getuienis uit die Vader se woorde bestaan het;
    - Hy deur die Vader gestuur is om te getuig van wat Hy gesien en gehoor het;
    - Hy deur die Heilige Gees toegerus is om as getuie op te tree.

- Jesus is in 'n unieke sin getuie aangesien Hy self ook God is en Hy daarom self sowel die getuie as die getuienis is.

- Die Heilige Gees is subjek van die getuienis omdat
    - Hy getuig wat Hy van Jesus Christus gehoor het;
    - Hy net getuig van dit wat Hy van die Seun ontvang en die Seun gee aan die Heilige Gees die getuienis wat die Seun van die Vader ontvang het;
    - Hy deur die Vader en die Seun gestuur is om die gelowiges toe te rus.
- Die Gees is subjek van die getuienis in tweeërlei opsig:
    - Hy lei die gelowiges om die feite en betekenis van Jesus se getuienis te ken en onthou.
    - Hy oortuig
        - die ongelowige van sy skuld;
        - die gelowige van sy kindskap.

- Die dissipels is subjek van getuienis omdat

- hulle oog- en oorgetuies van Jesus se getuienis was,
- hulle deur die geloof Christus as die vervulling van die Skrif geken en aangeneem het en daarom kon hulle getuienis uit sy woorde bestaan;
- hulle van Christus die opdrag ontvang om die getuienis uit te dra;
- hulle deur die Heilige Gees toegerus is tot getuies.

- Paulus is subjek van die getuienis omdat
  - hy die opgestane Christus gesien het;- hy deur die geloof Christus as die vervulling van die Skrif aanvaar het en daarom Jesus se getuienis kon bevestig;
  - hy van Christus opdrag ontvang om sy getuie te wees;
  - hy deur die Heilige Gees toegerus is om getuie te wees.

- Nie-ooggetuies wat gesterf het ter wille van hulle getuienis is subjek van getuienis omdat hulle deur hulle dood bevestig het dat
  - hulle in die geloof Jesus as die Seun van God aangeneem het;
  - hulle deur die geloof Jesus se getuienis as 'n werklikheid gesien en ervaar het;
  - hulle dissipels van Christus was wat die opdrag tot getuienis hulle eie gemaak het;
  - hulle deur die Heilige Gees toegerus is tot getuies.

- Afgesien van die begrippe Μάρτυσ/μαρτῠρέω/μαρτυρία is dit duidelik dat 'n verdere begrip ὁμολογία/ὁμολογεῖν in die Nuwe Testament veral gebruik word om die getuienis van nie-ooggetuienis aan te dui.

Hierdie feit blyk uit die ontwikkeling van eersgenoemde begrippe in die Nuwe Testament.

- Die betekenisveld van "getuie vanuit die geloof" het meer en meer op die voorgrond getree en μαρτυρέω is grootliks vervang deur ὁμολογέω.
- Om die ondersoek na gelowiges se getuienis volledig te maak sal die begrip ὁμολογία/ὁμολογεῖν ook ondersoek moet word.

- Die uitdrukking "om die getuienis van Jesus te hê" word gebruik om nie-ooggetuies as subjek van getuienis aan te dui.
  - Daar kon vasgestel word dat hierdie uitdrukking wel die uitdra van Jesus se getuienis uitdruk.

  - Uit 1 Johannes is dit duidelik dat elke gelowige die getuienis van God deur die geloof in homself moet hê. Wie God se getuienis in hom het, sal hierdie getuienis openlik bely.

## 3.2 DIE INHOUD VAN DIE GETUIENIS

### 3.2.1. Die inhoud van God se getuienis

Die inhoud van die Vader se getuienis aangaande Christus kom duidelik na vore in 1 Johannes 5:9-11. "En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee en die lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe, wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie". Ook in Johannes 5:32 en 8:18 het die Vader se getuienis tot inhoud dat wie in Jesus (wat deur die Vader gestuur is) glo, die ewige lewe het (vergelyk Johannes 5:24-27 en Johannes 8:12).

Die inhoud van God se getuienis is dus nie net die feit van Jesus se koms na die aarde (gestuur deur die Vader) nie,maar ook die weg tot die ewige lewe en die eis om hierdie getuienis in die geloof aan te neem.

3.2.2. Die inhoud van Jesus se getuienis

Ook Jesus se getuienis het dieselfde inhoud as die van die Vader naamlik dat Hy deur die Vader gestuur is sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê (vergelykJohannes 3:11-16,31-36; 10:25-28). Die inhoud van Sy boodskap word ook "die waarheid" genoem (Johannes 1:17; 5:33; 8:31,32,40; 18:37) en omdat Jesus self die waarheid is (Johannes 14:6), is Hy die inhoud van sy eie getuienis.

Ook by Jesus is die eis om sy getuienis te glo, deel van die inhoud van sy getuienis.

3.2.3. Die inhoud van die Gees se getuienis

Die Gees getuig oor Christus (Johannes 15:26; 1 Johannes 5:6). Die inhoud van sy getuienis is niks anders as wat Hy van Jesus ontvang nie (Johannes 16:12-15, 1 Johannes 5:11).

Die Gees se getuienis het ook 'n persoonlike inhoud, Hy getuig in elke gelowige dat hy kind van God is (Romeine 8:16).

Die inhoud van die Gees se getuienis is dus

- die feit van Christus se koms en die eis om dit te glo.
- die belydenis in die gelowige se hart "ek is kind van God in Christus".

3.2.4. Die inhoud van die apostels se getuienis

Die inhoud van die apostels se getuienis kan onder die volgende hoofpunte georden word:

3.2.4.1 Jesus, die Seun van God het as Verlosser na die wêreld gekom

In 1 Johannes 4:14 is die inhoud van die getuienis "dat die Vader die Seun gestuur het as Redder van die wêreld".

3.2.4.2 Jesus het gely en gesterf en op die derde dag opgestaan uit die dood

In hulle verkondiging sluit die apostels aan by die opdrag in Lukas 24:44. Uit Lukas 24:44 word nie net die opdrag nie, maar ook die inhoud van die prediking van die apostels - waartoe Christus hulle opdrag gee - duidelik: Jesus het eers aan sy dissipels die weg van heil uit die Ou Testament duidelik gemaak. Die inhoud van hulle verkondiging is dan Jesus se lyde en sy opstanding uit die dood op die derde dag. Hierdeur word bekering en vergewing van sondes moontlik gemaak. Schippers (1938:108) toon, veral op grond van 1 Korintiërs 15:14, dat "de opstanding aan het apostolisch kerygma en aan het geloof daaraan, 'zijn inhoud gaf'". In Handelinge 4:33 word gesê dat die apostels met groot krag getuienis gee aangaande die opstanding. Uit hierdie vers is dit

duidelik dat in die verkondiging aan die gemeente die feit van Jesus se opstanding van besondere belang was. Schippers (1938:110,111) kom op grond van hierdie vers tot die gevolgtrekking "met 'getuigenis van de opstanding des Heeren Jesus' is ons wel de meest treffende karakteristiek geboden van de oudste prediking". Die waarheid van hierdie stelling is duidelik uit die feit dat in die plek van Judas iemand gekies word wat aan die vereiste voldoen dat hy "'n getuie van Jesus Christus se opstanding " is ( Handelinge 1:21,22). Die inhoud van die getuienis van die apostels is Jesus Christus met besondere klem op sy opstanding. By die opstanding word die lyde en die verhoging (vergelyk Handelinge 5:30-32) ingesluit.

### 3.2.4.3 Jesus se opstanding het nie net feitelike nie, maar veral verlossingsbetekenis

Die sentrale plek van die opstanding van Jesus in die apostoliese getuienis is duidelik uit Handelinge 10:42. Jesus self het die apostels opdrag gegee om te verkondig dat Hy opgestaan het en weer kom om as Regter te oordeel oor die lewende en die dode. Uit Handelinge 10:43 is dit duidelik dat die verkondiging van die opstanding van Christus gepaard gegaan het met beklemtoning van die verlossingsbetekenis van die feite.

Bavinck (1954:74) lig 'n verdere belangrike faset van die betekenisinhoud van μαρτυρεῖν uit: "In de werkwoord licht...het verweer tegen de dwaasheid, de verbeten onwil, het ongeloof van de wereld, die niet in Christus haar vertrouwen stellen wil. Er speelt in dit woord iets door van een rechtzaak, een geding tussen Christus en de wereld en in dat geding zijn de apostelen getuigen". Die getuienis is dus ook getuienis ter skuldigbevinding en veroordeling van die ongelowiges.

3.2.4.4 Die wederkoms van Christus as inhoud van die apostoliese getuienis

In 1 Korintiërs 1:6 spreek Paulus sy blydskap daaroor uit dat die getuienis van Christus so goed onder die Korintiërs gevestig is dat hulle voortdurend wag op die koms van Christus (vs.7.8).

Die wederkoms van Christus het dus deel uitgemaak van die inhoud van die apostoliese getuienis.

3.2.5 Die inhoud van die getuienis van gelowiges wat nie ooggetuies was nie

Volgens Matteus 28:20 moes die dissipels die gelowiges leer om alles te onderhou wat Jesus hulle beveel het. Die inhoud van die nie-ooggetuies se getuienis sal dus presies dieselfde wees as die van die dissipels.

3.2.6 Gesistematiseerde afleidings by 3.2

- Jesus Christus en die verlossing wat die Vader deur Hom bewerk het, is die sentrale inhoud van alle getuienis. Alle getuienis het as inhoud die Vader se getuienis in en deur Christus.
  - Jesus se getuienis het Homself as inhoud.

  - Die Gees getuig net wat Hy van Jesus ontvang het.

  - Die getuienis van die apostels het ook as inhoud

die persoon en werk van Jesus met besondere klem op

- sy koms as Verlosser na die wêreld;
- sy lyde sterwe en opstanding;
- sy wederkoms;

- Die getuienis van nie-ooggetuies (gelowiges) het dieselfde inhoud as die van die apostels.

## 3.3 DIE WYSE WAAROP DIE GETUIENIS GELEWER WORD

### 3.3.1 Die wyse waarop God getuienis lewer

In Johannes 5 word die wyse waarop God getuienis lewer duidelik gestel

- God het Johannes die Doper gestuur om te kom getuig, God lewer getuienis deur sy diensknegte.
- God lewer getuienis deur die werk wat Christus (vs.36) en ook sy dissipels doen (Handelinge 14:4; Hebreers 2:4).

- God lewer ook getuienis deur die geskrewe Woord (vs.39).

In Handelinge 10:46,47 getuig God deur sy Gees aan iemand te gee. God gee sy Gees aan die gelowiges uit die heidene en lewer daardeur getuienis dat hulle deel is van sy volk en daarom die doop mag ontvang. In Matteus 3:17 getuig God aangaande Jesus deur 'n stem uit die hemel.

God lewer dus op verskeie maniere getuienis, naamlik deur mense, werke, die Woord en die gawe van die Gees.

### 3.3.2 Die wyse waarop mense getuienis lewer

Getuienis word oor die algemeen gelewer deur mondelinge oorlewering van die heilsfeite en deur onderrig van die betekenis van die heilsfeite in die konkrete lewe (vergelyk onder andere Lukas 24:28; Handelinge 14:3 ; 10:43: Johannes 1:19; 4:39).

Die gelowiges kan ook getuienis lewer deur hulle optrede: Jesus sê aan sy dissipels (Matteus 10:17) dat hulle deur hulle optrede teenoor die wat vir hulle vervolg en gevange neem, kan getuig. So skryf Jesus ook 'n besondere daadgetuienis voor wat die dissipels aan mense wat nie wil glo nie, moet lewer - hulle moet die stof van hulle voete afskud tot veroordeling (Lukas 9:5). Die daadgetuienis is dan telkens 'n bevestiging van die mondelinge getuienis. Woord- en daadgetuienis moet dus altyd hand aan hand gaan.

### 3.3.3 Gesistematiseerde afleidings by 3.3

- God lewer op 'n unieke wyse getuienis deur sy Woord, die gawe van sy Gees en deur sy dade.

- Getuienis kan deur woord en daad gelewer word.

- Woord- en daadgetuienis mag nooit van mekaar losgemaak word nie.

## 3.4 DIE DOEL VAN GETUIENIS

3.4.1 Die doel van getuienis is om die waarheid van die heilsfeite te bevestig

Laasgenoemde feit kom baie duidelik na vore in die getuienis van Johannes die Doper in Johannes 1. Hy bevestig by herhaling deur sy getuienis dat Jesus die Seun van God en die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem (Johannes 1:18,29,35,36). Wanneer hy gevra word of hyself die Christus is, dan is sy getuienis nogeens 'n bevestiging van wat hy reeds getuig het: "hy het erken en nie ontken nie, maar erken: Ek is nie die Christus nie"(vers 20). Hierdie getuienis lewer hy op grond van dit wat hy gesien het (vers 34).

Getuienis is dus die bevestiging van die waarheid van die heilsfeite van God se raadsplan in Christus. Die getuienis word gelewer op grond van kennis wat gesien en gehoor en/of geglo is. Die doel van die getuienis van God en mens aangaande Christus is dus om die waarheid van die Evangelie by die hoorder te laat vasstaan.

3.4.2 'n Doel van getuienis is om skeiding te bring

Johannes die Doper het "tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo" (Johannes 1:7; vergelyk 1 Johannes 5:13). Johannes bevestig deur sy getuienis die feite aangaande Jesus, sodat dié wat sy getuienis hoor, dit kan glo.

Die betekenis van die geloof en die aanneem van die getuienis word duidelik uit Johannes 3:33. Johannes die Doper getuig dat die wat Jesus se getuienis aanneem, "sy

seël daarop sit dat God waaragtig is" want Jesus se getuienis bestaan uit God se woorde. Hieruit is dit duidelik dat die doel van die getuienis is om mense daartoe te bring om te glo dat God se getuienis (deur Christus) waar is.

'n Doel van die getuienis kan egter ook wees om die teenstanders van die waarheid se skuld aan te toon. Uit Markus 13:9 is dit duidelik dat die vervolgers van die dissipels sonder verontskuldiging is vanweë die getuienis van die dissipels. Daarom kan gesê word dat die doel van die getuienis is om die mens wat dit hoor voor die keuse te stel of hy die getuienis wil aanvaar of nie. Sodoende word aangetoon wie kinders van God is en wie nie (vergelyk Johannes 1:10-12).

3.4.3 'n Doel van die getuienis is om te onderrig

Hierdie feit sal uit 1 Johannes belig word:
Johannes gebruik in 1 Johannes 1:2 sowel μαρτυρεῖν as ἀπαγγελεῖν om sy verkondiging aan te dui.
Μαρτυρεῖν moet hier sekerlik verstaan word in die sin van getuienis aangaande feite wat "ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en met ons hande getas het" (1 Johannes 1:1). Hiermee benadruk Johannes dus die betroubaarheid van die feite wat hy oordra. Die element van feite-oordrag in die διδάχη (vergelyk 2.3 van hierdie studie) is dus in sy "preek" aanwesig. Johannes beklemtoon ook dat die feite wat ontvang is deur die getuienis, vasgehou moet word (1 Johannes 2:7,8,24).

Word bogenoemde vergelyk met die inhoud van die διδάσκειν is dit duidelik dat Johannes onder andere in gedagte gehad het om hierdie mense te onderrig. Die inhoud van die onderrig dui sowel op feite-oordrag as

"teaching them those things which God requires of the whole man"(Wegenast,1978:762,765; vergelyk ook Beukes, 1974:24). Johannes se onderrig is daarop gemik om deur die feite wat hy oordra, die mense in beweging te bring. Johannes lê besondere sterk klem daarop dat wat jy sê, bewys moet word deur jou dade (1:6,10;2:6,9; 3:18; 4:20,21).

In 1 Johannes 1:3 gee Johannes 'n doelaanduiding van sy skrywe, naamlik dat hy skrywe sodat hulle saam met Johannes gemeenskap met die Vader kan hê. Hierdie is presies die doelwit wat Jesus vir sy dissipels se onderrig stel naamlik dat hulle dissipels (mense wat in noue persoonlike gemeenskap met Jesus leef) moet maak. Uit die res van die boek is dit duidelik dat die noue persoonlike gemeenskap tussen die gelowige en die Drie-enige God 'n baie belangrike plek in Johannes se onderrig bekleé (vergelyk onder andere 2:13a, 14a, 14b, 24, 28; 3:1, 2, 24; 4:4, 6, 13-16; 5:18-20).

Die feit dat die woorde οἶδα (15 keer) en γινώσκω (27 keer) so dikwels en goed verspreid in die boek voorkom (Coetzee,1980:9), toon dat die inligting as onderrig bedoel is (vergelyk veral 5:18-20). Deur sy onderrig wil hy die gelowiges bring tot sekerheid van die feite van die verlossing wat God bewerk het, sodat hulle God reg kan ken en daaruit sekerheid kry van hulle persoonlike verlossing.

In sy vergelyking van die kernbegrippe in 1 Johannes ten opsigte van kwantitatiewe voorkoms kom Coetzee (1980:8) tot die volgende gevolgtrekking: " 'Weet-ken' is ten minste in Johannes se denke ten nouste verwant aan die woordgroep 'getuig-getuienis'. Die ware getuienis is immers die onmisbare grond vir die gelowige se ware 'weet' en 'ken'. Aan 'getuig-getuienis' (en dus ook aan

'weet-ken') is weer ten nouste verbonde die begrippe vir 'sien' en 'hoor', wat weer die onmisbare grond vir ware getuienis is". Coetzee(1980:8,9) formuleer uit die verkenning van die voorafgaande begrippe die volgende samevattende motief "die op betroubare getuienis rustende, gewisse kennis". Hy toon aan dat hierdie motief in al dertien perikope van Johannes se brief in die UBS-teksindeling (3de uitgawe) voorkom.

'n Doel van Johannes se getuienis in 1 Johannes is dus om sy lesers te onderrig.

3.4.4 'n Doel van die getuienis is om mense daartoe te bring om ook van die waarheid te getuig

Wanneer 1 Johannes verken word, word die waarheid van hierdie stelling duidelik.

Coetzee (1980:6) sê dat Johannes 5:13 die doel van Johannes se skrywe aandui. Alhoewel daar ook in 1:3,1:4 en 2:1 doelaanduidings voorkom, sê hy dat " ons ... hier (egter) te doen (het) met newedoeleindes. Die 'wat' in 1:3 en die 'hierdie dinge' in 1:4 en 2:1 het betrekking op die hoofinhoud van die preek, soos in 5:13 se doelstelling saamgevat is". Op grond hiervan kan saam met Coetzee (1980:6) aanvaar word dat 5:13 die doel van die skrywe stel. Die doel is dan "...sodat julle kan weet". Johannes wil sy lesers wat reeds glo dus bring tot geloofsekerheid en die inhoud van die sekerheid is "dat julle die ewige lewe het".

Die vraag is egter nou of hierdie doelstelling van Johannes die eindpunt is waarheen hy mik. Gaan dit vir hom bloot daaroor dat hierdie mense in hulleself sekerheid moet hê van "ek is verlos" ?

Johannes se doel is om hierdie mense tot die vaste geloofsoortuiging te bring dat die getuienis van God waar is en hulle dus ook seker is dat hulle die ewige lewe het. Johannes wil hulle daartoe bring dat hulle die getuienis van God in hulle sal hê ( vergelyk 3.1.6.2.2). Daar is vroeër (3.1.6.2.2.1) aangetoon dat diegene wat die getuienis in hulle het, gedring word om dit te bely. Johannes spoor hulle inderdaad aan om te bely, want egte belydenis stel die mens in die regte verhouding tot God (2:24, 28; 3:2, 24; 4:4, 6, 13-16; 5:18-20.

Om die getuienis in jou te hê en dit nie te bely nie, kom neer op verloëning (4:3).

Wanneer die slot van die Johannes-evangelie voorts vergelyk word met Johannes se doelwitformuleringe in sy eerste brief, is dit duidelik dat Johannes in sy evangelie verkondig dat geloofsekerheid tot belydenis van Christus dring. Johannes kom in sy evangelie (soos hier in 1 Johannes) tot 'n klimaks net voor sy doelwitformulering in Johannes 20:30-31 (Coetzee,1980:11). Die klimaks bestaan uit Jesus se begeleiding van die twyfelende Tomas tot geloofsekerheid deur hom sy sy te toon waar die water uitgekom het en sy hande waar die bloed uitgevloei het (Johannes 20:27,29). Hierdie sekerheid bring Tomas tot die belydenis "... my Here en my God" (Johannes 20:28).

Johannes se doel met sy skrywe van 1 Johannes en dus met sy getuienis is om hierdie mense tot geloofsekerheid te bring. Hierdie bring tot sekerheid veronderstel egter dat hulle "die getuienis in hulle" sal hê. Die getuienis bring tot sekerheid en belydenis.

Hieruit kan afgelei word dat begeleiding tot getuienis wel 'n doelwit in Johannes se getuienis was. Waar hierdie getuienis as onderrig bedoel is (vergelyk 3.4.3) kan gesê word dat die doel van Johannes se getuienis was om sy lesers te onderrig tot getuienis.

### 3.4.5 Die hoogste doel van die getuienis is God se eer

Die hoogste doel van die getuienis is om mense tot sekerheid van die waarheid te bring sodat hulle God as die Waaragtige kan ken, dien, eer en verkondig (1 Johannes 5:20). In Openbaring 22 word die getuienis van Christus die roepstem van die Gees en die gemeente - "Hy wat dit getuig sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus" (vers 20). Die ken, dien en eer van God loop uit op die verheerliking van die Vader (vers 3-5).

### 3.4.6 Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 3.4

- Die hoogste doel van getuienis is dat God geloof sal word deur die eenstemmige getuienis van Jesus, die Gees en die kerk.

- Hierdie doel van getuienis word bereik deur die volgende doelwitte na te streef
    - die bevestiging van die inhoud van die Evangelie sodat dit by die hoorder vasstaan;
    - om deur die bevestiging van die Evangelie die hoorder voor die keuse te stel sodat hy of in die geloof die waarheid van die evangelie aanvaar, of dit in ongeloof verwerp;

    - deur die geloofskeuse wat iemand maak moet hy tot

die sekerheid van sy eie verlossing op grond van God se getuienis kom. Hierdie getuienis het hy dan as sy eiendom sodat hy die waarheid sal bely.

## 3.5 SLOTSOM EN TOEPASSING

### 3.5.1 Slotsom en toepassing ten opsigte van die subjek van getuienis

- God die Vader is die subjek van alle getuienis en elke ander getuie staan in sy diens om sy getuienis uit te dra. Hierdie feit stel sekere eise aan die getuie wat deur die woorde **μάρτυς/μαρτῦρέω** aangedui word. Elke getuie van God moet
  - van God of Christus die opdrag hê om te getuig;
  - die Vader of Christus se werke gesien en hulle getuienis gehoor het;
  - deur die Heilige Gees toegerus wees om te kan getuig.

- Hierdie vereistes vir 'n getuie bring mee dat net sekere persone ware getuies kan wees, naamlik Jesus en die Heilige Gees, die dissipels, Paulus as oorgangsfiguur en nie-ooggetuies wat gesterf het ter wille van hulle getuienis.

- Die uitdrukking "om die getuienis van Christus te hê", dui nie-ooggetuies as subjek van getuienis aan; hulle getuienis word as belydenis ὁμολογία beskryf.

- **Μαρτυρία/μαρτῦρέω** word nie algemeen in die Nuwe Testament gebruik om alle nie-ooggetuies aan te dui nie. Daarvoor word wel die begrip **ὁμολογία/ὁμολογέω**

gebruik. Dit is noodsaaklik vir die volledigheid van hierdie verhandeling om ook laasgenoemde begrippe volledig te ondersoek.

### 3.5.2 Slotsom en toepassing ten opsigte van die inhoud van getuienis

God se werk in Christus deur die werking van die Gees moet altyd die inhoud van enige getuienis wees.

### 3.5.3 Slotsom en toepassing ten opsigte van die wyse van getuig

- Getuienis moet deur woord en daad gelewer word.
- God lewer ook getuienis aangaande iemand deur aan hom die Heilige Gees te gee.

### 3.5.4 Slotsom en toepassing ten opsigte van die doel van getuienis

Die hoogste doel van getuienis is God se lof wat verkondig word deur die gelowige wat die evangelie aangeneem het en in die sekerheid van sy verlossing die waarheid bely.

# HOOFSTUK 4

## DIE ROEPING TOT BELYDENIS - DIE BEGRIP "BELYDENIS" IN DIE NUWE TESTAMENT

### *ὉΜΟΛΟΓΈΩ, ἘΞΟΜΟΛΟΓΈΩ, ἈΝΘΟΜΟΛΟΓΈΟΜΑΙ, ὉΜΟΛΟΓΊΑ, ΟΜΟΛΟΓΟΥΜΕΝΩΣ* IN DIE NUWE TESTAMENT

Hierdie woordgroep word ondersoek omdat die getuienis van die nie-ooggetuie daardeur gekarakteriseer word (vergelyk 3.1.6.1). Hierdie begrip het in die Nuwe Testamentiese taalgebruik die plek van **μάρτυσ / μαρτῦρέω / μαρτυρία** ingeneem. Die begrippe word spesifiek in die betekenis van getuienis deur nie-ooggetuies gebruik (vergelyk Michel, 1967:207,211; Strathmann,1967:498).

Die ondersoek word weer toegespits op die subjek, inhoud, wyse en doel van belydenis in soverre dit betrekking het op hierdie studie.

## 4.1 DIE SUBJEK VAN BELYDENIS

### 4.1.1. God is die Subjek van belydenis

God as subjek van die woord **ὁμολογεῖν** word alleen in Handelinge 7:17 aangetref. In Handelinge 7 word Stefanus se getuienis voor die Joodse raad net voor sy steniging, weergegee. In sy toespraak som hy die geskiedenis van Israel op en toon aan dat die Israeliete nog altyd die Heilige Gees weerstaan het en daarom die profete dood gemaak het en nie die wet onderhou nie (vers 51-53). In

vers 17 vertel Stefanus van Israel in Egipte en sê dat die tyd van die belofte (of ooreenkoms - vergelyk Nida et al,1988:421) wat God aan Abraham beloof (ομολογησεν) het, aangebreek het. Letterlik staan hier dus dat die tyd van die belofte wat God aan Abraham bely het, aangebreek het. God se verbondsbelofte aan Abraham word as 'n belydenis van God se kant beskryf. God het in sy verbondsluiting aan Abraham gesê dat Hy vir hom 'n God sal wees. Hierdie belofte hou die eis in dat Abraham sal glo en vir God 'n kind en dienskneg moet wees. Die verbond vestig 'n noue band tussen God en Abraham. Wanneer God hierdie belofte of ooreenkoms bely, dan verbind Hy Homself persoonlik aan Abraham met sy belydenis. Die tyd het in Egipte aangebreek dat God sy belydenis gestand gaan doen en gaan toon dat Hy die God van Israel is wat persoonlik aan hulle verbonde is. Hy toon dit deur sy persoonlike bemoeienis om hulle uit Egipte uit te lei deur sy wonderdade.

God se belydenis is 'n bevestiging van sy verbondsbelofte en van die toepassing van die beloftes op sy volk. God bely dus sy verbondenheid met sy volk op grond van sy verbondsbelofte. Hierdie belydenis van God beteken vir sy volk verlossing uit die slawerny en vir dié wat glo, persoonlike gemeenskap met God.

### 4.1.2. Jesus is subjek van die belydenis

In Romeine 15 word Jesus se dienswerk regstreeks in verband gebring met God se belydenis van die belofte wat Hy aan Abraham gemaak het (vergelyk 4.1.1): In vers 8 word Jesus se menswording en dienswerk as die bevestiging van die beloftes aan die vaders beskryf. Die doel van hierdie bevestiging was om God se getrouheid te bewys (ὑπὲρ ἀληθείας θεοῦ vers 8). Soos God dus sy getrouheid aan sy beloftes bewys het deur op die bestemde

tyd sy volk uit Israel te verlos, so word God se getrouheid finaal in Christus bewys. So bevestig Christus God se belydenis.

In vers 9 word 'n tweede rede gegee waarom Jesus dienskneg geword het, naamlik sodat "die heidene God ter wille van sy barmhartigheid kan verheerlik". Paulus bevestig hierdie doel van Jesus se dienswerk deur uit die Skrif aan te haal: "Διὰ τοῦτο ἐξομολογήσομαί σοι ἐν ἔθνεσιν" - Jesus het God onder die heidene bely sodat die heidene God vir sy barmhartigheid kon verheerlik. God bely nou deur Christus sy belofte aan die heidene sodat hulle in Christus ook deel kan kry aan die belofte van God wat Hy aan Abraham gemaak het.

Jesus is subjek van die belydenis daarin dat Hy God se beloftes aan Abraham vervul en God onder die heidene bely sodat hulle ook deel kan kry aan God se verbond.

### 4.1.3. Die Gees is subjek van die belydenis

Die Gees van God word in 1 Johannes 4 as subjek van die belydenis aangetoon. Die Gees van God onderskei Hom deur sy belydenis van die ander geeste. Die Gees van God word geken aan die belydenis dat Jesus Christus in die vlees gekom het (1 Johannes 4:2).

In sy verklaring van hierdie vers sê Stott (1978:154) dat hierdie belydenis nie maar net 'n erkenning is van Jesus se identiteit, soos die bose geeste ook sy godheid erken het nie, maar hierdie is 'n openlike en vrymoedige belydenis wat Hom eer as die Seun van God. Die bose geeste se belydenis word opgevolg deur die versugting om niks met Jesus te doen te hê nie (Markus 5:7). Die ware

belydenis hou in dat daar die nouste band tussen die gelowige en God is (1 Johannes 4:6,12), 'n verhouding sonder enige vrees vir straf (1 Johannes 4:17-18).

Die belydenis van die Gees sluit dus aan by die belydenis van die Vader (4.1.1) en Jesus (4.1.2). Die Gees bely Jesus as die Christus (volgens die Skrifte), deur wie elke mens 'n persoonlike verhouding met God kan hê.

Die Gees van God is subjek van dieselfde belydenis as die Vader en die Seun.

4.1.4. Die gelowiges is subjek van belydenis

4.1.4.1 Die gelowige se belydenis is gebou op geloof en gemeenskap met God

Hebreërs 4 sal nou ondersoek word om die waarheid van laasgenoemde feit te bewys en aan te toon dat elke gelowige subjek van die belydenis is.

Hebreërs 4 begin in vers 1 met die waarskuwing aan die gemeente om daarop te let dat iemand nie miskien vanweë ongeloof die rus wat God beloof misloop nie. Die rus wat God beloof kan verklaar word as "spiritual rest of the soul in fellowship with God which has come to pass through a definite personal contact with Jesus Christ (cf.Mt.xi.28)" (Hewitt,1978:92).

God het sy belofte aan Abraham bely (vergelyk 4.1.1), Jesus het dit kom bevestig en ook aan die heidene bely (vergelyk 4.1.1). Die eis wat saam met die belofte gaan

is dat die belofte geglo moet word. Alleen dié wat die belofte glo, kan in persoonlike gemeenskap met God tree (Hebreërs 4:6-11). Dié wat nie glo nie loop die rus van persoonlike gemeenskap met God mis (Hebreërs 4:12).

In Hebreërs 4:14 word dié wat glo, aangespoor om aan die belydenis vas te hou. As aansporing hiertoe word aan hulle voorgehou dat Jesus Christus as Hoëpriester deur sy offerande die pad tot God se genadetroon oopgemaak het. Om hulle aan te spoor om die belydenis vas te hou, word die genade van God in Christus aan hulle herhaal (vers 14,15). Die gelowiges word ook weer aangespoor om in persoonlike gemeenskap met God te tree deur sy barmhartigheid en genade te soek (vers 16).

Die gelowige word dus subjek van die belydenis wanneer hy God se belofte in die geloof aanneem en so in persoonlike gemeenskap met God tree. Uit hierdie persoonlike gemeenskap volg die belydenis en die belydenis kan blywend deel van die gelowige se lewe wees as hy voortdurend God se gemeenskap (barmhatigheid en genade) soek.

Hieruit is dit duidelik dat belydenis gegrond is op 'n geloofskeuse om daagliks in gemeenskap met God te leef. Hierdie keuse om God se belofte aan te neem en met Hom te leef staan teenoor die ongehoorsamheid van die ongeloof (vers 11).

4.1.4.2 Die gelowige se belydenis is gebou op 'n keuse vir Christus en teen Satan

'n Vergelyking tussen die parallelle gedeeltes Lukas 12:8 en Markus 8:38 toon duidelik aan dat iemand wat Jesus bely, homself by Jesus skaar en hom met Jesus

vereenselwig. In Lukas 12:8 word ὁμολογεῖν met die teenstelling ἀρνεῖσθαι gebruik. Die teenstelling hier is dus "bely" of verloën". In Markus 8:38 word ὁμολογεῖν nie gebruik nie en ἀρνεῖσθαι word vervang met ἐπαισχυνεῖσθαι. Die parallel van verloën is dus om jou te skaam om met iemand geassosieer te word of om dit as 'n oneer te beskou. So word die begrip ἀρνεῖσθαι gebruik om Petrus se optrede te beskryf as hy van Jesus sê "ek ken die man nie" (Matteus 26:72-74).

Die gelowige kan dus alleen waarlik subjek van die belydenis wees nadat hy deur 'n geloofskeuse bevestig het dat hy by die persoon van Christus staan en sy lewe aan Hom onderwerp. Belydenis van Christus bring die mens voor die keuse met wie hy gemeenskap wil beleef. Die gelowiges wat Jesus openlik bely het, is byvoorbeeld uit die sinagoge geban (Johannes 9:22; 12:42). Van die vals leraars (οἱ μὴ ὁμολογοῦντες; 2 Johannes vers 7) word gesê dat hulle uitgegaan (ἐξῆλθον) het in die wêreld en die gelowiges word beveel om geen gemeenskap met hulle te hê nie (2 Johannes vers 10,11).

Openlike belydenis van Jesus lei daartoe dat die belyer van God eer ontvang, terwyl verloëning of weiering om te bely voortkom uit die soeke na eer by die mense (Johannes 5:44). Wanneer iemand homself by Jesus skaar of homself losmaak deur ontkenning van Jesus, maak hy 'n beslissing op grond waarvan God sal handel in sy regspraak (Matteus 12:32; Openbaring 3:5)

4.1.5 Die ongelowiges is subjek van die belydenis

Hierdie feit sal uit Titus 1:16 aangetoon word. Paulus beskryf in Titus 1:6-9 die lewenswyse van iemand wat as ouderling aangestel kan word. In Titus 1:10-16

beskryf hy die optrede van die skynheiliges in die kerk. In vers 16 sê hy: " Hulle bely dat hulle God ken maar hulle verloën Hom deur die werke". Hulle dade bewys dat hulle belydenis vals is. Hulle bely dat hulle in noue kontak met God leef, maar hulle dade bewys die teendeel.

Die ongelowiges is subjek van belydenis, maar hulle belydenis is vals omdat dit nie voortkom uit geloof en persoonlike gemeenskap God nie; daarom is die belydenis van hulle dade anders as dié van hulle mond.

4.1.6 Gesistematiseerde afleidings by 4.1

- Die Vader,die Seun en die Heilige Gees is subjek van die belydenis.
    - Die Drie-enige God bevestig sy verbondsbelofte deur sy belydenis.
    - In Christus is hierdie belofte vervul.- Jesus het hierdie belofte ook aan die heidene bely.

    - God se belydenis eis geloof van die mens.
    - God se belydenis maak persoonlike gemeenskap tussen God en die mens moontlik.

- Deur die geloof is die mens subjek van die belydenis vanuit sy persoonlike gemeenskap met God.
- Om volhardend te kan bely, moet die gelowige daagliks die geloofskeuse maak tot persoonlike gemeenskap met God.
- Hierdie geloofskeuse is 'n keuse vir Christus teen Satan.

- Die ongelowige is subjek van 'n valse belydenis.
- Hulle belydenis is nie gegrond op geloof en persoonlike gemeenskap met God nie.

## 4.2. DIE INHOUD VAN DIE BELYDENIS

### 4.2.1. Die inhoud van God se belydenis

Soos reeds aangetoon, word God net in Handelinge 7:17 as subjek van die woord ὁμολογεῖν aangedui en die inhoud van God se belydenis hier is sy genade soos dit na vore kom in sy verbondsbelofte aan Abraham en soos dit in Christus ook tot die heidene gekom het (vergelyk 4.1.2).

Die inhoud van God se belydenis is dus sy verbondsbelofte.

### 4.2.2 Die inhoud van Jesus se belydenis

#### 4.2.2.1 Die inhoud van Jesus se belydenis volgens Romeine 15

Volgens Romeine 15 is die inhoud van Jesus se belydenis God, soos Hy Homself openbaar in sy verbondsbeloftes wat in Christus vervul is (vergelyk 4.1.2).

#### 4.2.2.2 Die inhoud van Jesus se belydenis volgens Matteus 10.

Die inhoud van Jesus se belydenis in Matteus 10:32,33 is op die oog af bloot dat iemand Hom bely het en daarom nou deur Christus voor die Vader bely word, of dat dié wat Hom nie bely het nie ook nie deur Hom voor die Vader bely word

nie. Die inhoud van Jesus se belydenis kan net begryp word indien sy belydenis beskou word in die lig van die hele Matteus 10 en in die lig van die bevindinge in hierdie studie soos dit na vore kom in onderafdelings 4.1.1 (God bely sy verbondenheid met sy volk deur sy verbondsbelofte), 4.1.2 (Jesus bely God se verbondsbelofte aan die heidene, ook sodat hulle ook in verbondenheid aan God en sy volk kan leef) en 4.1.4 (die gelowige se belydenis is gebou op geloof en gemeenskap met God wat voortvloei uit 'n keuse vir Christus teen Satan).

In Matteus 10 plaas Jesus enersyds baie sterk klem op die noue band wat Hy tussen God en die dissipels bewerk en andersyds benadruk Hy die skeiding wat Hy bring tussen gelowiges en ongelowiges.

Jesus stuur die dissipels uit om te gaan verkondig dat die koninkryk van die hemel naby gekom het. Hierdie verkondiging bring skeiding mee. Wanneer mense die dissipels nie ontvang nie, moet die dissipels die stof van hulle voete afskud as bevestiging van die skeiding - God self sal die skeiding in die oordeelsdag bevestig (vers 12-15). 'n Verdere bewys van die skeiding lê daarin dat die dissipels moet verwag dat hulle deur die mense vervolg sal word (vers 16-18). Daar sal selfs binne gesinne skeiding kom. Hierdie skeiding is egter 'n direkte uitvloeisel van Jesus se koms (vers 34,35), want Jesus het gekom om die mens voor die keuse te stel tussen Hom en die aardse dinge (vers 37-39). Aangesien Jesus die vervulling van God se belofte is (Romeine 15:8), is verwerping van Hom ook verwerping van God se belofte. Hierdie mense wil God se belofte nie glo nie en daarom het hulle geen persoonlike band met God nie (vergelyk Hebreërs 4).

Die feit dat daar geen band bestaan tussen Jesus en die wat die aardse dinge bo Hom verkies nie, kom duidelik na

vore in die aksie van bely of nie. Wanneer mense hulle nie openlik met Jesus vereenselwig nie, sal Hy Homself ook nie met hulle voor sy Vader vereenselwig nie. Uit Matteus 7:23 word laasgenoemde stelling duidelik - Jesus sê op die oordeelsdag aan die wat Hom slegs met die mond bely het dat Hy hulle nooit geken het nie. Met hierdie belydenis verbreek Christus alle gemeenskap met 'n valse dissipel (Michel,1967:208).

Jesus bevestig egter ook in Matteus 10 die noue band tussen die dissipels en God. In vers 19 ontvang die dissipels die versekering dat hulle hulle nie moet kwel oor wat hulle voor die regbanke gaan sê nie, aangesien die Gees van hulle Vader deur hulle sal praat. Hier word die eenheid van God die Vader met die gelowige aangetoon: hulle praat en tog is dit God se Gees wat praat. In vers 22 word gesê dat die dissipels so nou met Jesus verbonde geag sal word dat hulle ter wille van sy Naam gehaat sal word. In vers 28 verseker Jesus sy dissipels van die Vader se liefdevolle sorg teenoor hulle en in vers 40 spreek Jesus die volle konsekwensie van sy band met die dissipels uit - wie hulle ontvang, ontvang Jesus en die Vader. So heg is die band dat dit wat aan die dissipels gedoen word, ook aan Jesus en die Vader gedoen is (vergelyk vers 41,42).

Van die mense wat in noue persoonlike gemeenskap met God leef kan gesê word dat hulle in die geloof God se belofte aanvaar het en daarom in noue gemeenskap met die Drie-Enige God geleef en vanuit hierdie gemeenskap Jesus bely het. Daarom bely Jesus hulle ook. Hendriksen (1976:473) verklaar die betekenis van ὁμολογεῖν in hierdie verband soos volg: "When Jesus confesses a person he claims him as his own and pleads his cause".

Van die mense wat aardse dinge bo Jesus verkies het, kan gesê word dat hulle nie God se belofte geglo het en daarom

nie in persoonlike gemeenskap met Hom geleef het en Hom dus ook nie bely het nie - daarom sal Hy hulle nie voor die Vader bely nie. Hy ontken dus enige band met hulle en pleit nie vir hulle op grond van sy soenverdienste nie.

Die inhoud van Jesus se belydenis in Matteus 10:32 is dus God se belofte en die reaksie van mense daarop.

### 4.2.3 Die inhoud van die Gees se belydenis

Die inhoud van die Gees se belydenis in 1 Johannes 4:2 is dat Jesus die Christus is (vergelyk Stott,1978:154) wat in die vlees gekom het. Die titel Christus dui Jesus in die Nuwe Testament as die beloofde Messias aan (Nida et al,1988:543). Die Gees se belydenis het 'n tweeledige aard - dit is 'n bevestiging dat Jesus die vervulling van God se beloftes van die Ou Testament is en dit bevestig dat Hy die menslike natuur aangeneem het.

Die inhoud van die Gees se belydenis is dus Jesus Christus as vervulling van die beloftes van God.

### 4.2.4. Die inhoud van die gelowiges se belydenis

Die inhoud van die gelowige se belydenis is Jesus Christus (vergelyk onder andere Romeine 10:9; Johannes 9:22; Filipense 2::11). Enkele fasette van hierdie inhoud sal nou nader aangetoon word.

#### 4.2.4.1 Die inhoud van die gelowige se belydenis is God se belofte wat in Christus vervul is

In Hebreërs 11:13 word die belydenis beskryf van die mense wat in die geloof gesterf het, sonder om die belofte te verkry. Hierdie belofte is Jesus Christus (Hebreërs 11:26). Hulle bely dat hulle "vreemdelinge en bywoners" op aarde is. Omdat hulle deur die geloof God se belofte aangeneem en erfgename geword het van God se Koninkryk, het hulle gemeenskap met hierdie wêreld "verbreek". Hulle het in afhanklikheid van en in gemeenskap met God geleef (Hebreërs 11:6).

Die inhoud van hulle belydenis is dus God se belofte van 'n nuwe lewe in gemeenskap met Hom. Dit is hierdie nuwe lewe wat van hulle vreemdelinge en bywoners hier op aarde gemaak het.

4.2.4.2 Die inhoud van die gelowige se belydenis is dat Jesus Christus die vleesgeworde Seun van God is

Hierdie inhoud van die gelowige se belydenis is deur die apostel Johannes in sy eerste en tweede brief beskryf (vergelyk 1 Johannes 4:2; 4:15; 2 Johannes vers 7). Coetzee (1980:13) toon aan dat Johannes in sy stryd teen dwaalleraars wat die menswording van Jesus ontken het, beklemtoon dat elke ware gelowige moet bely dat Jesus die Christus is en die Seun van God wat vlees geword het.

4.2.4.3 Die inhoud van die gelowige se belydenis is dat Jesus die Christus is

In Johannes 9:22 staan dat die Fariseërs mense met verbanning uit die tempel gedreig het as hulle sou bely dat Jesus die Christus is. Die Fariseërs wou dus verhinder dat Jesus as die gesalfde van God soos in die Ou Testament beloof, bely sal word.

Die inhoud van die belydenis was dus dat Jesus die Christus, die vervulling van God se beloftes is.

4.2.4.4 Die inhoud van die gelowige se belydenis is die heerskappy van Christus

Uit 1 Timoteus 6:12-14 kom die inhoud van die belydenis waartoe Timoteus opgeroep word na vore. Die "goeie belydenis" wat Timoteus afgelê het, is dieselfde "goeie belydenis" wat Jesus voor Pilatus afgelê het. Indien Johannes 18:37 op hierdie punt vergelyk word, blyk dat Jesus voor Pilatus van sy Koninkryk en heerskappy getuig het.

Die inhoud van die Timoteus se belydenis is dan die heerskappy van Jesus Christus wat deur die Vader gestuur is en uit die dood opgewek is tot verlossing van elkeen wat glo (vergelyk ook Strathmann,1967:494,497 en veral 498; Michel,1967:211). Hier word baie duidelik gestel dat daar getuies was van hierdie belydenis (vergelyk ook Hebreërs 12:1). Hulle is getuies van die keuse wat Timoteus maak. "They hear and accept the commitment. They will thus speak for or against him who makes confession in the final judgement" (Michel,1967:216).

Hierdie inhoud van die gelowige se belydenis word ook in Filipense 2:11 gevind: Jesus Christus het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem, en Hy was tot in die dood gehoorsaam. Daarom het God Hom verhoog sodat elkeen sal bely dat Hy Here is.

4.2.5 Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 4.2.3

- Die inhoud van die Vader, die Seun en die Heilige Gees se belydenis is God se genade in Christus volgens sy verbondsbelofte.
    - Jesus bely ook mense in hulle geloofsreaksie op hierdie belofte.

- Die inhoud van die gelowige se belydenis is Jesus Christus en dit wat God in en deur Hom gedoen het as vervulling van sy verbondsbelofte. Dit hou in dat die gelowige bely:
    - dat hy op God se belofte wag;
    - dat Jesus die Seun van God is wat as mens gekom het;
    - dat Hy die Christus is;
    - dat Hy Koning en Here is.

## 4.3. DIE WYSE WAAROP BELYDENIS GEDOEN WORD

### 4.3.1. Belydenis deur openlike,vrymoedige verkondiging

Belydenis van Jesus as die Christus veronderstel openlike mondelinge getuienis oor dit wat geglo word aangaande Jesus. In Johannes word ὁμολογεῖν verbind met vrymoedige getuienis (= ἐν παῤῥησίᾳ λαλεῖν). Op verskeie plekke in Johannes se evangelie (7:13,26; 10:24; 11:14; 16:25; 18:20) is παῤῥησία 'n teken van opregte belydenis en waaragtige verkondiging van God se Woord ( vergelyk ook Handelinge 2:29;4:29,31; 28:31).

Hebreërs 11:13-16 gee die belydenis van gelowiges weer. Hulle bely deur woord en daad dat hulle "bywoners en vreemdelinge" op aarde is (vers 13). Hierdie mense het

God se belofte geglo, daarom het hulle gebreek met die ou lewe (vers 15) en uitgesien na die nuwe lewe wat God gee (vers 16). Hulle belydenis is aan die een kant 'n bevestiging van 'n waarheid, maar terselfdertyd is dit 'n openlike uitspreek van hulle geloof in die betekenis van verkondiging (Michel 1967:207). Michel (1967:209) sê verder in die verband : "But even as a final word ὁμολογεῖν never loses the positive character of 'ministering witness',for it is also penitence and praise, witness and prayer".

4.3.2 Belydenis deur sang tot lof van God

Ὁμολογουμενωσ, ἀναθομολογεῖσθαι, ἐξομολογεῖσθαι τῷ θεῷ word gebruik om lofsange tot eer van Christus en van God se heerlikheid (Lukas 2:38, Romeine 15:7-13) aan te dui.

In 1 Timoteus 3:16 word 'n lofsang weergegee (Hendriksen,1976:138). Hierin word Jesus besing as die Een wat in die vlees verskyn het, deur die Gees geregverdig is, aan engele verskyn het, verkondig is aan heidennasies, in die hele wêreld geglo is en in heerlikheid opgeneem is. Hierdie lied word beskryf as 'n belydenis wat bevestig (ὁμολογόυμένωσ) dat die geheimenis van die godsaligheid groot is.

Die wyse waarop God hier bely en geloof word, is deur sang.

4.3.3. Belydenis deur die daad

'n Duidelik voorbeeld van belydenis met die daad word beskryf in 2 Korintiërs 9:13. Paulus spoor die Korintiërs

aan om hulle dankoffer mildelik en met blymoedigheid te gee dan sal die ander kerke in die gawe van die Korintiërs 'n openlike getuienis en belydenis sien en hulle sal God daarvoor loof. Die Korintiërs sal met hulle gawe bely dat hulle positief reageer op die Evangelie van Jesus Christus, dat hulle gehoorsaam is aan die boodskap en dus die eis daarvan aanvaar en dat hulle toegewyd is in hulle uitvoering van die opdrag. Hierdie liefdesdaad het dus 'n **ομολογια** (Vers 13) van die Evangelie geword, 'n antwoord op God se genade aan die kerk en 'n getuienis van die kerk aan almal buite daardie kerk.

#### 4.3.4 Gesistematiseerde afleidings

- Belydenis word gedoen deur
    - openlike vrymoedige verkondiging;
    - lofsang;
    - werke.

### 4.4 DIE DOEL VAN DIE DAAD VAN BELY

#### 4.4.1 Die doel van God se belydenis

Uit Handelinge 7:17 is reeds aangetoon dat God sy verbondsbelofte aan Abraham bely het. Die doel van God se verbond is dus ook die doel van sy belydenis. God bely sy verbondsbelofte sodat die mens.

- God kan ken en in die geloof hulle lewe op sy beloftes kan bou;
- in noue gemeenskap met Hom kan leef en Hom dien en eer;
- 'n getuienis vir ander mense kan wees van God se

goedheid en genade.

### 4.4.2 Die doel van Jesus se belydenis

#### 4.4.2.1 Die doel van Jesus se belydenis is die lof van God

In Romeine 15:9b-12 kom hierdie doel van die belydenis duidelik na vore. Hierdie gedeelte is saamgestel uit vier aanhalings uit die Ou Testament. Die eerste en die derde aanhaling is uit die Psalms, die tweede uit die Wet en die derde uit die Profete; dit hou in dat die drie hoofdele van die Ou Testament hier verteenwoordig is. Hierdie vier aanhalings is so saamgevoeg dat dit tot 'n klimaks oploop. In die eerste aanhaling (vers 9b: vergelyk Psalm 18:49) sê die psalmdigter dat hy God onder die heidene sal bely. In die tweede aanhaling (vers 10; vergelyk Deuteronomium 32:43) roep hy die heidene op om hulle saam met God se volk te verheug. In die derde aanhaling (vers 11; vergelyk Psalm 117:1) word die heidene opgeroep om op hulle eie die Here te prys en in die vierde aanhaling (vers 12; vergelyk Jesaja 11:10) word die aandag gevestig op die Spruit van Isaï wat die heidene sal regeer en op wie hulle sal hoop (Hendriksen,1981:477).

Die doel van die belydenis in vers 9b is om die heidene daartoe te bring om saam met God se volk eń op hulle eie, God te loof oor Jesus Christus.

#### 4.4.2.2 Die doel van Jesus se belydenis is om God se kerk tot 'n eenheid saam te snoer

In Romeine 15 lê Paulus van vers een af klem op die eensgesindheid wat nagestreef moet word. In vers 1-4 spoor hy die gemeente aan om mekaar te help en te ondersteun en te bemoedig en met mekaar se swakhede geduld te hê. In vers 5 beklemtoon hy hulle eenheid in God sodat hulle (vers 6) God uit een mond kan loof. In vers 7 doen hy 'n beroep op hulle om mekaar te aanvaar en hy gebruik Christus as navolgenswaardige voorbeeld vir hulle. Soos Christus hulle aanvaar het, moet hulle mekaar ook aanvaar. In vers 8 tot 12 verduidelik hy aan hulle wat hy daarmee bedoel dat Christus hulle aanvaar het. Die verduideliking kom daarop neer dat Christus gekom het om te bevestig dat die beloftes aan Abraham, Isak en Jakob waar is. Hy het egter ook gekom om hierdie beloftes aan die heidene te bely sodat die heidene én God se volk, God saam kan loof (vers 10), saamgesnoer deur die regering van Christus en hulle hoop op Hom (vers 12).

Paulus spoor die gemeente aan om eensgesind te wees op grond van Jesus se dienswerk aan Jode en heidene. Die doel van Jesus se koms en sy belydenis aan die heidene was om alle gelowiges tot lof van God onder sy heerskappy tot 'n eenheid saam te snoer.

Die doel van die belydenis is dat gelowiges uit alle nasies tot een volk van God saamgevoeg moet word. Die belydenis is ook na buite gerig.

### 4.4.3 Die doel van die mens se belydenis

#### 4.4.3.1 Die doel van die mens se belydenis is God se lof

In Hebreërs 13:15 word die doel van die belydenis van die gelowige aangetoon. In Hebreërs 13:10-12 word Christus se

offer beskryf. Hy was die offerdier op wie die sonde gerus het en daarom moes Hy buitekant die poort ly. In vers 13 word die gelowiges opgeroep om hulle met Jesus te vereenselwig deur buite die laer na Hom te gaan. In vers 14 word gesê hoe die gelowige na Jesus kan gaan. Die gelowige vereenselwig hom met Jesus deur sy Naam te bely. Hierdie belydenis is 'n lofoffer aan God (vers 15).

Die doel van die belydenis is dus om God deur Christus te loof.

4.4.3.2 Die doel van die mens se belydenis is om openlik aan ander te verkondig wie Jesus is

In Johannes 9:22 staan dat die Fariseërs die mense wou verhinder om Jesus as die Christus te bely. Wanneer iemand bely "Jesus is die Christus" (Johannes 9:22), dan sê hy openlik aan almal wat hy van Jesus glo, naamlik dat Hy die beloofde Messias is.

4.4.3.3 Die doel van die mens se belydenis is om ander mense te oortuig dat Jesus die Seun van God is

Veral in Matteus 10 word hierdie doel van die belydenis duidelik uitgesonder. Die opdrag om Jesus openlik te bely, kom in vers 32 voor sonder 'n eksplisiete aanduiding dat die doel is om mense te oortuig van die evangelie. Word die verband waarin hierdie vermaning staan egter in ag geneem, is dit duidelik dat dit hier gaan oor belydenis met die oog daarop om mense tot geloof te bring sodat hulle Jesus sal erken as die Seun van God. Hierdie vermaning tot belydenis staan in die konteks van Jesus se opdrag aan die twaalf om die koninkryk te verkondig (Johannes 10:7), sy waarskuwing dat hulle

vervolg sal word en sy versekering dat dit dan juis vir hulle 'n geleentheid sal wees om van Hom te getuig (Johannes 10:16-18).

4.4.3.4 Die doel van die mens se belydenis is selfopenbaring aan almal wat op sy pad kom

So bely Johannes die Doper wie hy is (Johannes 1:20). Die vroue moet deur hulle voorkoms toon wie hulle is (1 Timoteus 2:8-10). Die gelowiges getuig wat hulle identiteit hier op aarde is (Hebreërs 11:13).

4.4.3.5 Die doel van die mens se belydenis is om die eer en die verlossing wat God uit genade gee, te ontvang

Wie Jesus uit vrees nie bely nie, soek die eer van mense, maar wie Hom wel bely, verkies die eer wat God gee (Johannes 12:42,43; vergelyk Hebreërs 11:26)
Wie met sy mond bely dat Jesus die Here is, sal gered word (Romeine 10:9,10).

4.4.5 Gesistematiseerde afleidings

- Die doel van God se belydenis is om Homself bekend te stel sodat die mens Hom kan ken en in Hom glo en so in persoonlike gemeenskap met Hom lewe.

- Die doel van Christus se belydenis is
  - om gelowiges uit die Jode en heidene daartoe te bring om God te loof;
  - al God se kinders onder sy heerskappy te verenig;

- Die doel van die gelowiges se belydenis is om
  - deur Christus God te loof;
  - Jesus Christus aan alle mense te verkondig
  - ander mense tot geloof in Jesus te bring;
  - aan elkeen wat hul hoor en sien te sê dat hul aan God behoort;
  - die eer en verlossing wat God uit genade gee, te ontvang.

## 4.5. SLOTSOM EN TOEPASSING

### 4.5.1 Slotsom en toepassing ten opsigte van die subjek van belydenis

God se verbondsbelofte is die grondslag vir alle belydenis.
- Christus is die vervulling van die belofte en deur Hom kom God se belydenis nou tot alle mense.
- Die Heilige Gees bely Christus as die vervulling van die belofte. Christus is nou die inhoud van God se verbondsbelofte en belydenis.

Die mens kan nie bely sonder om eers God se belydenis te hoor en sy belofte in die geloof te aanvaar en so in 'n noue verbondsverhouding met God te tree nie.
- Die onderrig tot getuienis moet verbondsonderrig wees.
- Die onderrig tot getuienis moet daarop gerig wees om die geloof te verwerklik.

Volhardende belydenis is slegs moontlik as die gelowige elke dag opnuut die geloofskeuse maak tot gemeenskap met God. Dit is 'n keuse tot stryd teen Satan vir Christus.

Die moontlikheid van valse belydenis moet in die kategese in aanmerking geneem word. Die katkisant moet onderrig word dat woord en daad moet ooreenstem.

### 4.5.2 Slotsom en toepassing ten opsigte van die inhoud van belydenis

Die inhoud van die belydenis is God se verbondsbelofte. Omdat Christus die vervulling van die verbondsbelofte is, is Hy nou die inhoud van alle belydenis.

- In die onderrig tot getuienis moet die katkisant begelei word om Christus as die weg tot persoonlike gemeenskap met God te bely.

### 4.5.3 Slotsom en toepassing ten opsigte van die wyse van belydenis

Belydenis geskied deur verkondiging, sang en dade. Die katkisant moet in al drie hierdie aspekte begelei word tot opregte belydenis.

### 4.5.4 Slotsom en toepassing ten opsigte van die doel van belydenis

- Die doel van God se belydenis is dat die mens Hom moet ken en vertrou en in persoonlik gemeenskap met Hom leef tot sy eer op grond van sy verbondsbelofte.

- Die doel van Christus se belydenis is

    - die lof van God;

- die vereniging van die kerk onder sy heerskappy;

- Die doel van die gelowige se belydenis is
  - die eer van God;
  - die bekendstelling van Christus;
  - om ander mense tot geloof in Christus te bring;
  - om duidelik te maak dat hy aan God behoort;
  - om eer van God te ontvang uit genade.

# HOOFSTUK 5

# BEGELEIDING TOT GELOOFSKEUSE AS KOMPONENT IN DIE ONDERRIG TOT GETUIENIS - 'N SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING VAN GELOOFSKEUSE

## 5.1 VERANTWOORDING

In die ondersoek na die betekenisinhoude van die begrippe "onderrig", "getuienis" en "belydenis" het onder andere telkens na vore gekom dat dit vir die mens noodsaaklik is om vir Christus en teen die Satan te kies (vergelyk 2.2.5.1; 3.1.2; 3.1.3; 3.2.3; 4.5.1, 4.5.2) om waarlik dissipel van Christus te wees. Ook uit 1 Johannes het dit duidelik geword (vergelyk 3.1.5.2.2 en 3.4.3) dat Johannes sy lesers wil begelei tot geloofsekerheid en hierdie begeleiding berus op die geloofskeuse wat hulle reeds gemaak het (1 Johannes 5:13). Die onderrig tot geloofsekerheid is ook daarop gerig om sy lesers telkens weer daartoe te bring om hulle geloofskeuse vir die waarheid in hulle belydenis uit te spreek.

Uit die voorafgaande studie kan dus afgelei word dat die katkisant in die onderrig begelei moet word om Jesus Christus as sy Verlosser aan te neem, om sodoende getuie van Christus te wees. Om die katkisant tot 'n geloofskeuse te kan begelei, is 'n Skriftuurlike beskouing van die verhouding tussen die verantwoordelikheid van die mens om 'n keuse te maak en die vrye guns van God noodsaaklik. Die kategeet wat hierdie verhouding nie begryp nie sal of van die katkisant verwag om in sy eie krag 'n keuse te maak, of die katkisant passief laat bly ten opsigte van sy verlossing, geloofsekerheid en roeping tot getuienis.

Die vraag wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word is of dit Skriftuurlik verantwoordbaar is dat die mens 'n geloofskeuse kan en moet maak ?

'n Breë aanpak van hierdie onderwerp sou 'n studie op sigself regverdig, aangesien bogenoemde vraag alleen deur 'n grondige ondersoek van die Skrif beantwoord kan word. Aangesien die beantwoording van hierdie vraag 'n toepaslike onderafdeling van hierdie studie is, word 'n rigtinggewende Skrifgedeelte uit die Nuwe testament nou verken.

## 5.2 DIE AKSIE VAN AANNEEMING OF VERWERPING VAN GOD SE GETUIENIS IN JOHANNES 1:1-13

### 5.2.1 Motivering vir die keuse van hierdie Skrifdeel

Die doel van Johannes se Evangelie word in Johannes 20:31 uitgespel. Sy doel was om sy lesers tot die geloof te bring dat Jesus die beloofde Messias, die Seun van God is. Hy wil sy lesers tot geloof bring sodat hulle deel kan hê aan die lewe wat Jesus gee en sodat hulle nie verlore sal gaan nie.

Coetzee (1979:2,3) vind drie elemente van hierdie doelstelling wat opvallend is:

- Jesus is die Messias, die Seun van God.
- Dit moet geglo word
- Wie in Jesus as die Messias-Seun glo, het in Hom die Lewe gevind.

Coetzee (1979:3) sê verder: "Dwarsdeur die Evangelie van

Johannes vorm die verwysing na die geloofsreaksie en/of ongeloofsreaksie op Jesus se werke 'n deurlopende refrein." 'n Eerste verkenning toon dat geloof en ongeloofsreaksie ook deur Johannes 1:1-13 loop. Meerdere gegewens sal uit die eksegese na vore moet kom. Wanneer gevra word na die Skriftuurlike grond dat die mens 'n geloofskeuse moet maak, is Johannes 1:1-13 dus toepaslike ondersoekmateriaal.

Die gedeelte wat eksegeties verken word, strek net tot Johannes 1:13. Vers 14 kan as 'n oorgangsin beskou word, terwyl die getuienis van Johannes die Doper vanaf Johannes 1:15 verhaal word.

### 5.2.2 Die Woord as God se getuienis

Die Evangelie volgens Johannes begin met die bekendstelling van die Woord (Johannes 1:1-13). Die Woord is Jesus Christus wat as mens op aarde kom woon het (Johannes 1:14). Wanneer veral verse 1-4 bestudeer word, word dit duidelik dat God Homself deur die Woord openbaar.

Met die woorde ἐν ἀρχῃ voer Johannes onmiddellik sy leser terug na die skeppingsgebeure in Genesis 1. Dat Johannes sy leser wil terugvoer na die skeppingsgebeure, is ook duidelik uit die woorde wat Johannes in die eerste paar verse gebruik. Woorde soos ζωὴ, φῶσ, σκοτίᾳ sluit baie duidelik aan by die skeppingsgebeure. Dit is dus nie ongegrond om te sê dat Johannes sy leser voorberei op 'n tweede skeppingsverhaal nie. Hierby sluit Morris (1975:73) aan deur daarop te wys dat Johannes die Woord as die begin van die ganse skepping verkondig. Uit Johannes 1: 1b word dit verder duidelik dat die skeppingsgebeure (Genesis 1) en die gebeure wat Johannes beskryf, 'n hegte eenheid vorm. Die Woord was πρὸσ τόν θεόν, met die

betekenis "van aangesig tot aangesig". Hierdeur word die nouste moontlike band tussen God en die Woord uitgedruk. Die uitdrukking πρὸς τὸν θεόν bring die betekenis-nuanse van "beweging in die rigting van" na vore. Daarom kan met Coetzee (1979:24) saamgestem word as hy van hierdie woorde sê: "Die Woord was by of gerig op God". In die res van die Evangelie volgens Johannes toon Jesus self telkens aan dat Hy op die Vader gerig is (vergelyk 3:17;4:34;5:17,19,23,24;14:10,24). Die Woord word in Johannes 1:1-4 beskryf in sy eenheid met die Vader.

Uit Johannes se woordgebruik in Johannes 1: 1 en 2 is dit duidelik dat sowel die eenheid as die onderskeid tussen God en die Woord uitgesonder word. Dit is duidelik uit die feit dat Johannes in Johannes 1:1 telkens by elke nuwe feit wat hy stel, weer ὁ λόγος gebruik, terwyl hy in Johannes 1: 2 οὗτος die onderwerp maak.

In hierdie verband is dit belangrik wat Dodd (1968:277) in verband met die Woord van God sê naamlik dat Jesus God se plan of doel is wat vlees geword het. Die Woord is God self soos Hy Homself openbaar. Die Woord is in Paulus se woorde τὸ γνωστόν τοῦ θεοῦ; dit wat van God kenbaar is. Jesus maak God dus kenbaar vir die mens.

Die Woord is God se getuienis waardeur Hy Homself bekendstel.

5.2.3 Die uitwerking van God se getuienis

5.2.3.1 God se getuienis bring lig in die duisternis

Omdat die Woord God is, het die Woord ook lewe in Homself (Johannes 1: 4). Johannes toon verder in sy evangelie

(Johannes 5:26) aan dat daar van die Vader alleen gesê kan word dat Hy lewe in Homself het; Hy het nie nodig om dit van elders te kry nie. Omdat die Woord ook God is, daarom geld ook van Hom dat Hy die lewe in Homself het. Wanneer Johannes hierdie feit (die lewe was in die Woord) beskryf in die toepassing daarvan op die mens, dan sê hy "die lewe was die lig van die mense". Die lewe wat in die Woord is, het sy betekenis vir die mense daarin dat dit vir hulle lig is. Die betekenis van hierdie lig vir die mense word duidelik wanneer dit teen die agtergrond van Genesis 1 gelees word. In die begin was daar geen lewe op die aarde nie en alles was in duisternis gehul. God begin sy skeppingswerk deur met sy Woord lig in die duisternis te bring. God begin sy herskeppingswerk na die sondeval nou weer deur lig in die duisternis van die mens te bring. Die duisternis van die mens bestaan daarin dat hy "gesterf" het (Genesis 2:17; Romeine 4:12) na sy ongehoorsaamheid aan God. Hierdie sterwe bestaan onder andere daarin dat mense wat nie deel het aan die lewe wat God skenk nie, verduister is in hulle verstand en daarom hardnekkig in hulle onkunde volhard (Efesiërs 4:17,18). Hieruit is dit duidelik dat die betekenis van Jesus Christus vir die mens daarin lê dat Hy die lewe gee deur weer in die mens se doodsbestaan te sê " ...laat daar lig wees". Die mens ontvang die lewe deur hierdie (her)skeppingsuitspraak van God. Dit doen God terwyl daar by die mens net duisternis is. Hy doen dit deur Jesus Christus deur Wie alle dinge tot stand gekom het en ook nou weer tot stand kom uit die duisternis van die sondedood.

### 5.2.3.2 God se getuienis verlig elke mens

'n Kernvraag wat in die bestudering van die katkisant se geloofskeuse van belang is, is die betekenis van Johannes 1:9. Wat beteken dit dat die lig alle mense verlig ?. Die antwoord op hierdie vraag is van kardinale belang vir

die onderrig tot getuienis aangesien dit die kategeet se benadering bepaal. Indien daar aangeneem word dat elke mens sonder uitsondering die wedergeboorte ontvang, dan val die klem ten volle op die mens se keuse. Elke mens is dan in staat om van God se werk te getuig; hulle moet net daaroor ingelig word en desnoods daartoe gedwing word. Dan sou dit ook geregverdig wees om emosionele druk op die kind toe te pas om hom so daartoe te bring om getuie van Christus te word. Wat die verklaring ook al gaan wees, dit gaan die doelwit en metode van die kategese bepaal.

Daar bestaan 'n aantal moontlikhede waarop hierdie vers verklaar kan word. 'n Vergelyking van die volgende vyf moontlikhede (vergelyk Hendriksen,1976:77) is verhelderend en kan die betekenis duidelik na vore bring.

i Elke mens word deur Jesus Christus, die Lig, ten volle verlig. Aan elke mens word dus die wedergeboorte geskenk.

ii Elke verbondskind ontvang die wedergeboorte deur Jesus Christus, die Lig.

iii Hy verlig elke mens wat verlos word. Dit hou in dat niemand vanuit enige ander bron die wedergeboorte kan ontvang nie.

iv Hy gee aan elke mens die helderheid van verstand.

v Hy verlig elke mens wat die evangelie hoor en Jesus se dade sien, in die sin dat hulle getuies is daarvan. Hulle sien en hoor die openbaring van God deur Jesus Christus.

Die eerste twee moontlikhede is, binne die verband van die res van die Johannes-evangelie, nie aanvaarbaar nie. Selfs net die volgende twee verse (Johannes 1:10,11) getuig daarvan dat nie alle mense die lig aanvaar nie. Nog die wêreld nog verbondskinders aanvaar altyd die Woord. Slegs die wat in Hom glo, word verlos en hulle verloor daardie verlossing nooit weer nie (Johannes 10:28).

Die derde moontlikheid is op sigself waar, maar gelees in die konteks waarin die stelling hier staan wou Johannes iets anders oordra. Uit die ontleding van Johannes 1:9-12 is dit duidelik dat hierdie verse 'n eenheid vorm aangesien τὸ φῶσ telkens die onderwerp van die hoofwerkwoord is. In verse 9 tot 11 word die getuienis teen die wat Hom nie wou ontvang nie, opgestapel. Die wêreld het deur Hom ontstaan en hulle het Hom nie herken nie. Hy het na sy eie mense (verbondsvolk) gekom, maar hulle het Hom nie ontvang nie. Hieruit is die betekenis van Johannes 1: 9 duidelik - die Ware lig skyn vir alle mense ὁ κόσμοσ sowel as τὰ ἴδια

Die vierde moontlikheid kan afgewys word omdat φῶσ nêrens in hierdie Evangelie gebruik word met verwysing na die lig van verstand of rede nie. Jesus Christus is die Lig wat skyn tot openbaring van die Vader.

Dat dit redelik is om die vyfde moontlikheid as waarskynlik te beskou, kan afgelei word uit Jesus se verdere spraakgebruik in verband met lig in die Johannes-evangelie. In Johannes 12:44-48 sê Jesus dat Hy as lig na die wêreld gekom het. Dié wat in Hom glo, word uit die duisternis verlos (Johannes 1: 46). Die ander wat wel die Lig sien in Jesus se dade en na die getuienis daaroor luister in Jesus se woorde, en hulle tog nie daaraan steur nie, bly in die duisternis (Johannes 1: 47). Vergelyk ook Johannes 10:37 en 38. Hierdie woorde van Jesus sal wel eendag as getuienis teen hulle gebruik kan word, want hulle het die Lig gesien en gehoor, maar dit verwerp.

Hiermee word die oplossing afgewys wat deur Hendriksen (1976:77) aangebied word: "He illumines every man who hears the Gospel; i.e., he imparts a degree of understanding concerning spiritual matters (not

necessarily resulting in salvation) to all those whose ears and minds are reached by the message of salvation." In Johannes 12 vers 40 word Jesaja aangehaal om aan te toon dat God die teenoorgestelde aan sommiges doen deur hulle oë blind te maak en hulle verstand te laat afstomp.

Wanneer Johannes 1:9 tot 13 verken word, kom die betekenis van Johannes 1: 9 baie duidelik na vore. Die lig wat aan die kom was (Johannes 1: 9) word nader omskryf deur drie neweskikkende sinne naamlik Johannes 1: 10 ("Hy was in die wêreld......en tog het die wêreld Hom nie erken nie") Johannes 1:11 ("Hy het na sy eiendom gekom en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie") en Johannes 1: 12 ("maar aan almal wat Hom aangeneem het....het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Die mense wat die Lig aangeneem het, word verder omskryf deur Johannes 1:13 (hulle is nie God se kinders deur die toedoen van 'n mens nie, maar hulle is uit God gebore).

Die betekenis van hierdie verse kan dan sistematies soos volg weergegee word:
Die lig skyn vir alle mense. Die Lig skyn vir die wêreld daarin dat Hy in die wereld was en die wêreld deur Hom ontstaan het. Die wêreld kon Hom dus as mens hier op aarde sien, maar hulle kon en kan Hom ook sien in die skepping - so skyn Hy as lig vir hulle. Vir sy eie mense skyn die Lig in die verbond wat God met hulle gesluit het, en in Jesus as die vervulling van die verbond se koms na hulle. Sy koms sluit dan in al sy woorde en dade. Vir dié wat Hom aangeneem het, skyn Hy as lig deur aan hulle die gesag te gee om kinders van God te word.

5.2.3.3. Gesistematiseerde afleidings

- Jesus Christus is die Woord deur Wie God getuienis

lewer en Homself openbaar, dit wil sê kenbaar maak.
- Juis omdat Jesus self God is en daarom een met God en tog ook onderskeie van God, kan Hy God se getuienis wees.

- Soos met die skepping in die begin, bring die Woord ook met die herskepping lig in die duisternis.
- God se getuienis skyn soos lig in die duisternis van die mens se sondedood.
- Elke mens wat Jesus gesien en gehoor het of die verkondiging aangaande Hom hoor, hoor God se getuienis en is deur die Woord verlig.

### 5.2.4 Die reaksie op God se getuienis

#### 5.2.4.1 Verwerping van God se getuienis as reaksie (Johannes 1:5,10,11)

In Johannes 1:5 word die reaksie van die duisternis teenoor die lig beskryf met die woorde "**ου κατέλαβεν**".

Die begrip **καταλαμβάνω** kan die betekenis hê van oorweldig, bemeester, uitblus, maar ook die betekenis van aanneem of verstaan. Hendriksen (1976:73,74) verkies laasgenoemde betekenis (aanneem ) op grond van ′n parallelisme wat hy tussen verse 5b (**κατέλαβεν**),10b (**εγνω**) en 11b (**παρέβαλον**) uitwys. Sou **κατέλαβεν** vertaal word met oorweldig , pas dit nie meer in die parallelisme in nie. Hierdie bewysvoering van Hendriksen toon egter nie aan dat dit uitgesluit is dat **κατέλαβεν** beide genoemde betekenisinhoude kan hê nie.

Morris (1975:85,86) sluit weer die betekenis van begryp

uit op grond daarvan dat die duisternis nie in die Skrif geteken word as begerig om die lig te begryp nie, maar wel as 'n vyandige mag wat die lig wil blus. Teen die bewysvoering van Morris kan gestel word dat, juis omdat die duisternis nie begerig was om die lig te begryp nie, hét die duisternis nie die lig begryp nie.

Daar hoef nie 'n keuse gemaak te word tussen hierdie twee moontlikhede nie. Barret (1955:132) en Nida et al (1988:382) toon beide aan dat καταλαμβάνω waarskynlik hier in beide betekenismoontlikhede verstaan moet word. Dit strook met Johannes se gebruik om woorde in te span wat in 'n bepaalde sinsverband twee betekenisse kan hê sodat beide betekenisse van dieselfde woord eers saam die diepte oordra van dit wat hy wil sê. Die betekenis wat Johannes hier wil oordra, kom eers na vore wanneer ingesien word dat die duisternis wel die vyandige sataniese mag uitdruk, maar dat dit ook die mens in sy gevalle duisternis uitbeeld. Hierdie mense is in die duisternis en vyandig teenoor die lig, omdat hulle die lig nie begryp nie. Omdat hulle verstand verduister is deur hulle onkunde, neem hulle die lig ook nie aan nie.

Die betekenis van Johannes 1:5 kan op grond van die voorafgaande beredenering soos volg weergegee word: die lig van Jesus Christus se verkondiging en dade skyn in die lewe van die gevalle mens en verdryf die duisternis van die sondedood in mense se lewens. Daar is egter mense wat die betekenis van hierdie dade nie begryp nie en Jesus nie aanneem nie en daarom in hulle sonde-ellende en -dood bly. Hierdie mense word dan medewerkers van Satan wat Jesus wil oorweldig en so wil keer dat Sy lig sal skyn. Hierin het hulle misluk (Johannes 1: 5b).

God lewer dus getuienis deur sy Woord aangaande die verlossing uit die duisternis. Indien 'n mens hierdie getuienis nie aanneem nie, is die getuienis ook nie

effektief om die duisternis in daardie mens te oorwin nie.

5.2.4.1.1 Verwerping deur die wêreld as reaksie op God se getuienis (Johannes 1:10)

In Johannes 1:10 word twee redes genoem waarom verwag kon word dat die wêreld die lig sou ken. Die wêreld het deur Hom ontstaan en nou was Hy hier in die wêreld. Die wêreld het Hom egter nie herken nie en Hom daarom ook nie erken as die Lig wat lewe gee nie.

5.2.4.1.2 Verwerping deur sy eie mense as reaksie op God se getuienis (Johannes 1:11)

In Johannes 1:11 word die verbondsvolk, Israel, se reaksie op God se getuienis in en deur Jesus Christus geteken.

Dodd (1954:270) stel dat Johannes 1: 11 'n verwysing sou wees na God se openbaring aan Israel voor die koms van Christus na die aarde. Uit die wyer teksverband (Johannes 1:9,10,12,14) is dit egter duidelik dat hier gehandel word oor Jesus as die vleesgeworde Woord. In Johannes 1: 11 word dus die reaksie van Israel op Jesus tydens sy lewe op aarde, beskryf. Die klem val in hierdie vers daarop dat dit sy eie mense is wat Hom nie wou ontvang nie. Dit word duidelik uit die herhaling van **τὰ ἴδια** en **οἱ ἴδιοι** in vers 11a en 11b. Ook die betekenismoontlikheid opgesluit in **παρέλαβον**, naamlik om iemand in intieme persoonlike gemeenskap in te neem, spreek van die verwagte ontvangs by sy eie mense (vergelyk Josef wat Maria as sy vrou by hom neem in Matteus 1:20,24 en Jesus wat die gelowiges na Homself bring in die Hemel in Johannes 14:3).

Die wêreld (ὁ κόσμοσ) moes die Lig erken (ἔγνω), maar van sy eie mense is verwag dat hulle Hom sou aanvaar in die sin van "tuis verwelkom". Hulle verwerp egter die Lig en bly in die duisternis.

5.2.4.1.3 Gesistematiseerde afleidings ten opsigte van 5.2.4.1

- Die ware Lig Jesus Christus skyn vir alle mense, maar sommige mense weier om Hom as sodanig te aanvaar en besluit om Hom nie aan te neem nie.
  - Hierdie mense wat Jesus as die Lig verwerp kom sowel uit die wêreld as uit die verbondsvolk van God.

5.2.4.2 Aanneem as reaksie op God se getuienis - die wyse en vrug van aanneem (Johannes 1:12,13)

In teenstelling met diegene wat die Lig nie erken of ontvang het nie, is daar ander aan wie Hy die reg of gesag gee om kinders van God te word (Johannes 1:12,13). Met die begrip ὅσοι (Johannes 1:12) benadruk Johannes dat daar geen onderskeid meer is tussen die mense van die wêreld en die Joodse volk ten opsigte van hulle verhouding tot die Woord nie. Wie ookal, uit die wêreld (Johannes 1:10) of uit Sy eie mense (Johannes 1:11), die Woord aanneem, ontvang die reg om kind van God te word.

5.2.4.2.1 Die wyse waarop God se getuienis aangeneem word

Om die aksie van die aanneem van God se getuienis te begryp, sal die volgende drie vrae beantwoord moet word:
  - Hoe word die Woord aangeneem ?
  - Wat is die verband tussen die mens se geloof en die wedergeboorte wat God werk ?

- Wat is die vrug van die aanneem van die Woord ?

Die mense aan wie die Woord die reg of gesag gee om kinders van God te word (Johannes 1: 12b), word met twee sinne beskryf (ὅσοι δὲ ἔλαβον αὐτόν.....τοῖσ πιστεύουσιν εἰσ τὸ ὄνομα αὐτοῦ Johannes 1: 12a,c). Hulle is diegene wat die Lig aangeneem het, hulle het Hom verwelkom as die Lewe wat God gee. Dit het hulle gedoen deur in sy Naam te glo. Dat Johannes juis die uitdrukking "εἰσ τὸ ὄνομα αὐτοῦ" gebruik, is baie belangrik. Morris (1975:99) sê in hierdie verband "To believe 'on the name' of the Word, then, means to trust the person of the Word. It is to believe in Him as He is." Hierdie mense het die getuienis oor en van Jesus gehoor en gesien, hulle het die Lig sien skyn, en geglo dat Hy is wat Hy is en Hom as sodanig aangeneem. Hulle het Jesus Christus in hulle lewe ontvang (verwelkom) as die Woord van God in wie daar lewe is en wat ook die duisternis uit hulle lewe kan verdryf deur sy lig. Dodd (1968:184) stel hierdie feit soos volg: "....to receive the Logos in a sense which entitles one to become a child of God, means to enter Christ's allegiance (not merely to believe His words or accept His claims)".

Om Jesus Christus aan te neem beteken dus dat die mens moet glo dat Hy die Woord van God is wat deur sy lig die lewe gee. Deur hierdie geloofsaanvaarding besef die mens sy afhanklikheid van Christus. Elkeen wat so glo, ontvang die reg om kinders van God te word.

5.2.4.2.2 Die verband tussen die mens se geloof en die wedergeboorte wat God werk

Hendriksen (1975:81,82) bring die verband tussen geloof en wedergeboorte na vore wanneer hy daarop wys dat Johannes nie in hierdie Evangelie en ook nie in sy briewe die woord

υἱοί gebruik om die gelowiges aan te dui nie, maar wel die woord τέκνον. Iemand word 'n υἱός deur aanneming, maar 'n τέκνον deur wedergeboorte en herskepping. Die selfstandige naamwoord wat Johannes gebruik kom van die werkwoord τίκτω wat beteken om geboorte te gee. God skenk aan die mens die lewe waardeur hy herskep word tot Sy gelykenis. Hiertoe ontvang elkeen wat Jesus Christus aanneem die volmag om so kind van God te wees.

Die vraag ontstaan of die aksie van aanneem die mens dan geregtig maak op kindskap sodat die wedergeboorte volg op die wilsbesluit van die mens om in Jesus Christus te glo. So 'n aanname word uitgesluit deur die gepresiseerde verklaring van τέκνα (Johannes 1:12) in Johannes 1:13. Die mens wat kind van God word, is nie as kind van God gebore uit die bloedlyn van die menslike geslag nie, ook nie uit die drange van die liggaam of die wilsbesluit van 'n mens nie, maar uit God. Hiermee sluit hy die mens uit as aanvanklike oorsaak van die wedergeboorte van God se kinders, God self is die oorsprong van hierdie nuwe lewe (vergelyk ook Johannes 3:3,5,6). Die geloof en die aanneem van Jesus Christus is dus 'n vrug van die wedergeboorte uit God.

Wanneer Johannes 1:13 met 1 Petrus 1:23 vergelyk word, word dit duidelik dat die onverganklike saad van die Woord waardeur die mens wedergebore word, deur die geloof ontvang word soos grond die saad ontvang. Die verhouding tussen wedergeboorte en geloof kan dus nie bloot in terme van oorsaak en gevolg beskryf word nie. In 1 Petrus 1:23 word die orde (wedergeboorte- geloof) skynbaar omgekeer sodat geloof die wedergeboorte voorafgaan. Calvyn (1979:44) se verklaring stel die verhouding tussen wedergeboorte en geloof duidelik. Hy sê dat geloof voortvloei uit die herskeppende werk van die Heilige Gees, maar omdat dit deur hierdie selfde geloof is dat Christus

met al sy weldade aangeneem word, word die volmag om kind van God te wees die oomblik ontvang wanneer die mens glo. "So then, in various respects, faith is part of regeneration and an entrance into the kindom of God, that He may reckon us among his children" (Calvyn, 1979:44).

Wedergeboorte en geloof kan in die mens se wording tot God se kind nie van mekaar geskei word nie. Hierby staan egter vas dat God se herskeppende werk altyd die bron is waarsonder niks anders kan plaasvind nie. Verder staan ook vas dat die opdrag aan die mens om te glo, gehoorsaam moet word voordat iemand kind van God kan word. Dit is eers nadat die mens hierdie opdrag om te glo uitgevoer het, dat hy begryp dat die geloof voortgevloei het uit die wedergeboorte wat God bewerk het; dat selfs die geloof waarmee Jesus Christus aangeneem is 'n gawe van God is. Dit wat God deur die wedergeboorte en die gawe van die geloof geskenk het, naamlik om sy kind te wees, word gerealiseer in die mens se lewe sodra hy bewustelik Jesus Christus bely as die Lig deur wie daar lewe in sy doodsbestaan kan kom. Calvyn (J.1979, p.44) stel dit so: "Thus so far as respects our sense, it is only after having believed, that we begin to be the sons of God".

5.2.4.2.3 Die vrug van die aanneem van die Woord

Die mens wat God se getuienis in die geloof aanvaar, ontvang die reg om kind van God te wees (Johannes 1:12).

Om hierdie vrug op die aanneem van die Woord te begryp, moet in die eerste plek gevra word na die betekenis van die "reg" (ἐξουσία) wat die gelowiges ontvang. Die begrip "reg" word verhelder wanneer die betekenis van ἐξουσία langs die van δύνᾰμισ" gestel word - dit is ἐξουσία, "reg" of "volmag", wat gegee word, nie

"krag" nie. En ἐξουσία word deur 'n gemagtigde regs- of juridiese uitspraak gegee, in hierdie geval deur die gesagvolle "Woord" van die Heerser van die ganse skepping (Vgl. Dodd, 1968:270). Ἐξουσία is dus nie 'n innerlike bekwaamheid (δύναμις) wat aan iemand gegee word sodat hy in die krag daarvan die keuse kan maak of hy die lig wil aanneem of nie. Dit is die volmag wat deur Jesus Christus gegee word aan hulle wat Hom aangeneem het. Wanneer iemand met 'n opregte geloof Jesus Christus aanneem, ontvang hy hierdie volmag om kind van God te word.

Calvyn (1979:42) se verklaring maak dit verder duidelik: "The Evangelist declares that this power is given to those who already believe. Now it is certain that such persons are in reality the sons of God" en verder "Christ, therefore, offers himself to us by the gospel, and we receive him by faith." Die mens wat deur die geloof Jesus Christus aangeneem het, verkry die reg op kindskap.

Dat die aksie van aanneem en die ontvangs van die reg tot kindskap nie van mekaar geskei kan word nie, is duidelik uit die feit dat in Johannes 1:12 die werkwoordtyd van sowel ἔλαβον as ἔδωκεν aoristus is en dus twee handelinge uitdruk wat gelyktydig plaasvind. Wanneer iemand die Lig aanneem, ontvang hy tersefdertyd die reg om kind van God te word. Hierdie sin (vs.12) kan dus nie verklaar word deur te sê dat dié wat vooraf die reg ontvang het om kinders van God te word, by 'n later geleentheid die Lig aanneem nie.

### 5.2.4.3 Gesistematiseerde afleidings

Sommige mense kom tot die geloof dat Jesus Christus die ware Lig is wat lewe in Homself het en hulle besluit dus

om Hom aan te neem.

- Hierdie besluit vloei voort uit die wedergeboorte wat deur die Gees gewerk word.
- Die wedergeboorte en die geloof is 'n eenheid waarsonder 'n mens nie kind van God kan wees nie.

Op grond van die feit dat hulle Hom aangeneem het lewer Christus uitspraak dat hulle volmag het om kinders van God te word.

### 5.2.5 Slotsom en toepassing ten opsigte van geloofskeuse in Johannes 1:1-13

#### 5.2.5.1 Slotsom en toepassing ten opsigte van die Woord as God se getuienis

Jesus Christus wat self God is, is die Woord deur Wie God Homself openbaar.

- Om die katkisant te begelei tot getuienis moet die onderrig as inhoud hê Jesus Christus deur wie God aan die katkisant bekend gestel word. Die Woord mag nooit as blote feite onderrig en geleer word nie, maar so dat die katkisant die lewende God deur Jesus ontmoet.
- Wanneer die Woord so aan die katkisant oorgedra word dat hy telkens prakties, konkreet in sy lewe kan sien hoe hy sy daaglikse lewe op God moet rig en hy gaan dit inderdaad doen, dan getuig hy met sy lewe van God.

#### 5.2.5.2 Slotsom en toepassing ten opsigte van die uitwerking van God se getuienis op die mens

God se getuienis deur die Woord verlig elke mens in die sin dat die mens getuie is van God se openbaring en daarop moet antwoord.

- Om die katkisant te begelei tot getuienis moet die onderrig so plaasvind dat die katkisant God self hoor praat deur sy Woord, sodat hy moet antwoord op God se Woord.

God se getuienis openbaar die lewe wat Hy gee deur die Woord. Die ellende van die mens in sy sondedood word ook deur God se getuienis blootgelê. By die mens is daar van nature net dood en duisternis. Jesus, die lig van die mense, moet hier intree voordat die mens kan sien en verstaan. Nêrens anders is dit moontlik om die lig te vind nie.

- Om te kom tot getuienis moet die katkisant telkens die lewe wat God gee leer ken in die onderrig, en sy eie verdorwenheid moet ook blootgelê word. Alleen as die katkisant gelei word om Jesus Christus aan te neem, kan hy verlos word.

Die ontmoeting met Jesus in die Woord, is ook ontmoeting met die Een deur wie alle dinge ontstaan het en deur Wie die herskepping plaasvind.

- Om te begelei tot getuienis moet die kategeet wanneer die katkisant in ontmoeting met Jesus gebring word, bid en werk vir herskepping, wedergeboorte en heiligmaking. Die kategeet moet weet dat God alleen die wedergeboorte kan gee en moet vanuit hierdie oortuiging die Woord verkondig.

5.2.5.3 Slotsom en toepassing ten opsigte van die reaksie op God se getuienis

Sommige mense neem nie God se getuienis aan nie, hulle word handlangers van Satan in sy stryd teen God.

- Die kategeet staan midde in die stryd teen Satan, die eindoorwinning is egter gewaarborg. Om te kan getuig moet die katkisant in die kategese begelei word om hierdie

stryd te ken en deur hulle oorwinning oor Satan te getuig dat die duisternis nie die lig kan oorweldig nie.

- Elkeen wat die Evangelie hoor, word daardeur verlig. Daar is egter tog 'n onderskeid in die wyse waarop die Woord na die verbondskinders aan die een kant en na die wêreld aan die ander kant, kom.
- In die Woordverkondiging aan die verbondskind om hom te begelei tot getuienis, moet die katkisant altyd bewus wees van die belofte van God aan hom in sy doop. Die katkisant moet weet hy is deel van God se volk, Sy eiendom. Ook onder die verbondskinders sal daar diegene wees wat die Woord nie wil aanneem nie.

Daar is ook diegene uit die wêreld en uit God se volk wat die Woord as lewewekkende Woord van God herken en Hom as sodanig aanneem.

- Aan almal (waar God die geleentheid in die kategese daartoe gee) moet die Woord verkondig word, sodat die Lig in hulle lewe kan skyn en aantoon of hulle kinders van God is.
- Die Woord word deur die geloof aangeneem.

Die mens kan alleen kind van God word deur Jesus Christus bewustelik aan te neem, as die enigste Een deur Wie hy verlos kan word van sy sondedood.

Die katkisant moet dus in die onderrig tot getuienis hiertoe begelei word. Die katkisant moet gelei word om elke keer wanneer hy die Woord hoor, dit aan te neem as die Woord wat lewe gee. Hy moet erken en bely dat die Woord waar is en ook so op hom van toepassing is. Die katkisant moet daaruit leef en so getuienis lewer met sy lewe.

Geloof vloei voort uit die wedergeboorte maar is ook gegee met die wedergeboorte aangesien die Woord as saad van die wedergeboorte deur die geloof aangeneem word. God maak die mens nuut sodat hy deur die geloof Jesus Christus kan

aanneem en so kind van God word.

- 'n Goeie begrip van die samehang van wedergeboorte en geloof is noodsaaklik vir die kategeet om die katkisant tot getuienis te kan onderrig.
- Die katkisant moet begelei word om op die pad van bewuste geloofskeuse en gehoorsaamheid getuienis te lewer van die wedergeboorte wat God in sy hart gewerk het.
- Die katkisant moet begelei word om te begryp dat sy wedergeboorte, geloof, bekering en heiligmaking gawes van God is. Hieruit sal die begeerte voortvloei om getuienis te lewer aangaande God se genade.
- Wie sê dat die mens eers moet glo en hom bekeer voor die wedergeboorte plaasvind, kan van die mens wat nog dood en verduisterd in sy verstand is, verwag om 'n "goeie" lewe te leef. In die onderrig sal die katkisant dan nie noodwendig met God en sy Woord gekonfronteer word, sodat hy op God se roepstem moet antwoord nie. Hy sal eerder aangespoor word om 'n stel reëls na te kom sodat hy die wedergeboorte kan ontvang. Op hierdie wyse sou daar van die opdrag tot getuienis 'n voorwaarde gemaak word om die wedergeboorte te kan verkry.
- Wie van die standpunt uitgaan dat die mens geen verantwoordelikheid ten opsigte van God se Woord het nie, sal in die kategese verval in die oordra en toets van blote feite. Die opdrag om te antwoord op God se Woord sal dan selde tot die katkisant kom. Die gevolg kan wees dat die katkisant maklik in gerustheid dadeloos bly omdat hy onder die indruk is dat as hy van God weet en die feite kan weergee, alles wel is met sy geloofslewe. Die begeerte om van God se genade aan ander te vertel, sal ook swak wees.

Die vrug van die aanneem van die Woord is dat die gelowige die volmag ontvang om kind van God te word.

-Die katkisant moet begelei word om Jesus Christus aan te neem sodat hy kan weet dat hy kind van God is en die Lig en lewe ontvang het. So verkry die katkisant geloofsekerheid sodat hy ook van hierdie Lig kan getuig en

ander mense ook in Hom kan glo.

Die begeleiding van die katkisant om Jesus Christus en al sy weldade aan te neem, te omhels en toe te eien is Skriftuurlik verantwoord en 'n vereiste in die onderrig tot getuienis. Die begeleiding tot hierdie geloofskeuse geskied langs die weg van

- begrip en kennis van Jesus Christus die Woord van God wat lewe gee;
- begrip dat God self deur sy Woord met hom praat;
- aanvaarding van die waarheid van God se getuienis;
- keuse om in persoonlike gemeenskap met en en in gehoorsaamheid aan Christus te leef;
- kennis van God se genade in verkiesing, wedergeboorte en geloof.

# HOOFSTUK 6

# ONDERRIG TOT GETUIENIS AS 'N DOELPUNT VAN DIE KATEGESE: DIE PRAKTYK VAN DIE KATEGESE

## 6.1 DOELSTELLING

Om hierdie studie af te rond, sal die resultate van die vorige hoofstukke in hierdie hoofstuk saamgevoeg en prakties toegepas word op verskillende elemente van die kategese.

## 6.2 DIE VERBAND TUSSEN ONDERRIG, GETUIENIS EN BELYDENIS

'n Duidelike beeld van die verband tussen die begrippe <u>onderrig, getuienis en belydenis</u> kan die praktiese toepassing van die resultate van hierdie studie vergemaklik.

Uit die inligting wat in die vorige hoofstukke na vore gekom het, kan die verband tussen onderrig, getuienis en belydenis nou meer gepresiseerd geformuleer word.

### 6.2.1 'n Definisie van onderrig, getuienis en belydenis soos dit na vore gekom het in die ondersoek van die Nuwe Testamentiese gegewens

#### 6.2.1.1 Onderrig

Die begrip onderrig in die Nuwe Testament is die sistematiese en volledige oordra, verklaring en gerigte toepassing van die kennis wat God aangaande Homself in en deur Jesus Christus, deur die werking van die Gees kenbaar gemaak het. 'n Doelwit van die onderrig is om die hoorder te bring tot 'n keuse om in noue persoonlike gemeenskap met God te leef sodat hy kan groei tot geloofsvolwassenheid en in staat is om self onderrig te gee tot opbou en uitbreiding van die gemeente.

#### 6.2.1.2 Getuienis

Die begrip getuienis in die Nuwe Testament is die oordra en bevestiging van feite wat God aangaande sy raadsplan in en deur Jesus Christus deur die werking van die Gees aan die getuie openbaar het deur hom dit te laat sien, hoor, begryp en glo. Die gelowige wat nie 'n ooggetuie van Jesus se lewe en werk op aarde was nie, kan alleen getuie wees deur God se getuienis aan te neem, dit sy eie te maak en oor te dra as God se getuienis waarin hy glo.

#### 6.2.1.3 Belydenis

Volgens die Nuwe Testament is die mens se belydenis die openlike geloofsuitspraak van die gelowige dat hy in Jesus Christus deur die werking van die Gees in persoonlike gemeenskap met God leef. Die grond van hierdie persoonlike gemeenskap is God se verbondsbelofte wat Hy aan Abraham bely en in Christus bevestig het.

### 6.2.2 Die verband tussen onderrig, getuienis en belydenis

Die inhoud van onderrig, getuienis en belydenis in die

Nuwe Testament trek saam in Jesus Christus as die vervulling van God se verbondsbeloftes deur die werking van die Heilige Gees. Onderrig, getuienis en belydenis het ten doel om die mens te bring tot persoonlike gemeenskap met God. As vrug dat daardie mens ook subjek van die onderrig, getuienis en belydenis word. Getuienis beskryf die weg waarop die inhoud van die onderrig tot die kerk gekom het, terwyl belydenis as inhoud het die persoonlike toepassing van God se getuienis (die inhoud van die onderrig) op die gelowige, asook die gelowige se antwoord op die onderrig. Getuienis en belydenis is in die Nuwe Testament twee aspekte van die onderrig waardeur God die mens wil begelei tot persoonlike gemeenskap met Hom. 'n Onlosmaaklike deel van die persoonlike gemeenskap met God is dat die mens wat dit beleef, openlik daarvan sal getuig deur sy belydenis.

## 6.3 PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE ONDERRIG TOT GETUIENIS

In die lig van bogenoemde definisies en die onderlinge verband tussen onderrig, getuienis en belydenis, word die toepaslike resultate van die voorafgaande studie nou op bepaalde relevante onderafdelings of elemente van die kategese van toepassing gemaak, en daarna sal dit op die praktyk van die kategese toegepas word.

### 6.3.1 Onderrig tot getuienis en die subjek van die kategese

#### 6.3.1.1 Samevatting van die resultate van die studie

- Die Drie-enige God is die subjek van alle onderrig.

- Sy getuienis is die grond van alle ander getuienis.

- Sy belydenis maak elke ander belydenis moontlik.

- God het dit op 'n bepaalde wyse moontlik gemaak dat die mens ook subjek van sy onderrig kan wees terwyl God self tog nog die subjek bly. Dit word bewerkstellig deurdat

- God Homself kenbaar maak in en deur Jesus Christus;
- Jesus getuienis lewer van dit wat Hy by die Vader gesien en gehoor het;
- Jesus God se verbondsbelofte aan alle mense bely sodat ook die heidene in noue gemeenskap met God kan leef.
- Jesus Christus die apostels roep om oog en oorgetuies te wees van God se openbaring in en deur Hom.

- die Heilige Gees die apostels lei sodat hulle in noue gemeenskap met Jesus leef en sy onderrig begryp, glo en onthou.

- die apostels die getuienis van Jesus Christus wat hulle gesien en gehoor het aan "alle nasies" verkondig en hulle leer om dit wat Jesus geleer het, te onderhou. Hierdie getuienis is in die Bybel vasgelê.

- elkeen wat hierdie getuienis van God wat deur die apostels tot hulle kom, aanneem, die getuienis in hulleself het. So 'n mens kan hierdie getuienis alleen aanneem omdat die Gees dieselfde getuienis in sy hart bewerkstellig en hom in noue gemeenskap met God laat lewe.

- elkeen wat God se getuienis in hom het, daardeur gedring word om openlik te bely dat hy God se getuienis glo.
- die mens wat die getuienis in homself het, bekwaam word om ander te onderrig deur daagliks die kennis wat hy uit

God se getuienis kry toe te pas op die lewe. So lei hy ander daartoe om die getuienis van God aan te neem, in noue gemeenskap met God te lewe, hulle geloof te bely en so ook self onderrig te gee.

God bly deur sy Gees in die eerste en laaste instansie subjek van die onderrig tot getuienis.
God moet deur sy Gees in die hart van die katkisant die wedergeboorte werk. Die Gees moet die katkisant oortuig van sy verdorwenheid en van die waarheid van die Woord. Die Gees moet deur die Woord die geloof in sy hart werk en hom daartoe lei om Jesus Christus aan te neem. Die Gees moet deur die onderrig die sekerheid in die hart van die katkisant werk. Die Gees moet in die katkisant die vrymoedigheid werk sodat hy openlik sal bely dat hy deur Jesus Christus in noue persoonlike gemeenskap met God leef.

Die onderrig tot getuienis slaag alleen op grond van die getuienis van die Heilige Gees in die hart van die katkisant dat hy kind van God is.

Die kategeet moet altyd sy onderrig gee in die besef van sy volkome afhanklikheid van God, maar ook in die wete van die krag waarmee hy kan onderrig. Die Heilige Gees is die Gees van Jesus Christus aan wie alle mag gegee is; in Sy krag kan die onderrig gesagvol oorgedra word.

6.3.1.2 Praktiese riglyne met betrekking tot die subjek van kategese in die begeleiding tot getuienis

Uit die feit dat God die subjek van die onderrig bly, kan bepaalde praktiese riglyne vir die kategetiese begeleiding tot getuienis getrek word.

6.3.1.2.1 God roep die kerk om onderrig tot getuienis te gee

God het deur sy Gees die apostels geroep en toegerus om die werk van Jesus Christus op aarde voort te sit en sy kerk onder Christus as Hoof te vergader deur die onderrig. Hierdie onderrig waardeur die kerk vergader en opgebou word, geskied op grond van die verbond van God met sy volk. Elkeen wat God se getuienis aanneem, is een met Jesus Christus en elke ander gelowige deur die werking van die Gees. Die kerk as die liggaam van Jesus Christus is dus deur God geroep om sy instrument te wees waardeur Hy sy getuienis deur die geslagte heen laat voortdra in die onderrig.

Die kategese is daarom die taak van elke plaaslike gemeente. Geen ander instansie mag hierdie taak van die kerk oorneem nie. Wanneer verskillende kerke in dieselfde kerkverband op grond van hulle eenheid in belydenis saamwerk om die onderrigmateriaal uit die Skrif saam te stel, berus die taak nogtans by elke kerkraad om sorg te dra vir, en toesig te hou oor die kategetiese onderrig. Die kerkraad van elke gemeente moet dus besluit wat onderrig moet word, wie die onderrig moet gee en hoe die onderrig moet plaasvind.

* God skenk besondere gawes aan die kerk om onderrig tot getuienis te bied

Jesus Christus het aan die kerk besondere gawes gegee om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk. Beukes (1974:85-108) doen 'n uitvoerige ondersoek na die begrip verkondiging en vergelyk die resultate van sy ondersoek

met meerdere Bybelse gegewens met betrekking tot kategese. Hieruit toon hy oortuigend aan dat kategese een van die verkondigingsgestaltes van die kerk is. Kategese is dus bediening van God se Woord en die predikant is in die besonder toegerus en geroep om die Woord te bedien. Die predikant is dus die aangewese persoon om die gelowiges toe te rus om mekaar te onderrig.

* Die gemeente as geheel is subjek van die onderrig tot getuienis

Onderrig tot getuienis is 'n doelpunt van die amptelike kategese, maar die onderrig tot getuienis moet op 'n veel wyer vlak plaasvind as net deur die besondere gawes wat daarvoor bestem is (Hebreërs 5:12). Die hele gemeente is subjek van die onderrig tot getuienis, terwyl mense wat daartoe geroep en spesifiek aangewys word, subjek van die amptelike kategese moet wees.

In verskillende van sy werke (1970,1975,1981,1983) beklemtoon Richards hierdie feit dat die hele gemeente betrokke moet wees by die onderrig van die verbondskinders. In sy werk van 1970 (1970:131-133) beklemtoon hy dat die kategeet betrokke moet wees by die lewe van die katkisant en dat die hele klas by mekaar betrokke moet wees om die optimale sukses in die onderrig te verseker. Die begeerte om te leer kan deur interpersoonlike verhoudinge aangewakker of belemmer word. In 'n volgende werk (1975:11-16) toon Richards uit die Skrif aan dat die kerk in sy onderrig die nuwe lewe, wat die Heilige Gees werk, moet laat groei. Hierdie nuwe lewe mag egter nooit gesien word as 'n saak waarby slegs die individuele gelowige betrokke is nie. Die kategese moet hom besig hou met die groei van die lewe van elke gelowige binne die hele gemeente. Die nuwe lewe in elke gelowige groei soos God dit bedoel deur die bediening van die hele

gemeente (Richards 1975:24). Omdat die onderrig die stimulering van die groei van die nuwe lewe omvat, is die onderrig ook gerig op die totale persoon van die katkisant. Die onderrig is dus besig met iets wat "geleef" moet word; daarom is daar plek vir sowel formele as informele onderrig (Richards, 1975:65,66). Dit wat God aan die katkisant wil onderrig, moet sowel in die klaskamer as in die praktyk van elke dag se lewe aan hom voorgehou word; hy moet die onderrig nie net hoor nie, maar ook prakties sien hoe dit uitgeleef word.

Die katkisant het in die doop die seël ontvang dat hy deel van die volk van God is. Die katkisant word in die gemeente tot getuienis begelei onder andere wanneer sy deelwees van die volk van God erken word. Die katkisant moet sover moontlik in die aktiwiteite van die gemeente deel. Die katkisant moet in die eerste plek deel kan hê aan die erediens. Die prediking moet vir hom verstaanbaar wees sodat hy weet wat God hom beloof en beveel. Die prediking moet die katkisant dring om sy getuienis te "leef; daaraan gestalte te gee. Dit wat in die erediens gesing word, moet aan die katkisant geleer word sodat hy in elke erediens kan saamsing en daardeur saam met die gemeente sy geloof bely. Die gebede in die erediens moet so wees dat die katkisant kan saambid. In die tweede plek moet gemeentebyeenkomste so gereël word dat die kinders ook betrek word en veral met volwassenes in kontak kom sodat hulle kan sien en ervaar hoe die gelowige sy geloof uitleef tot getuienis van ander. Dit hou in dat daar nie te veel ten opsigte van ouderdom gedifferensieer moet word in byvoorbeeld die inrigting van Bybelstudiegroepe in die gemeente nie. Kind en volwassene moet juis saam uit die Woord leer; die kind moet in die groep die getuienis van ander hoor en self sy insigte uit die Woord kan deurgee. In die derde plek kan die katkisant begelei word tot getuienis deur hom te begelei om sy gawes te ontdek en in die gemeente te gebruik. Die katkisant word begelei om sy eie gawes te ontdek wanneer hy self bedien word en ervaar

hoe ander bedien word deur die gemeente. Wanneer die katkisant sy gawes ontdek en tot opbou van die gemeente gebruik, leer hy om met vrymoedigheid sy verbondenheid met Christus en sy gemeente openlik te toon en so getuienis te lewer.

Die gemeente as kategeet begelei die katkisant om in die erediens en ander byeenkomste van die gemeente, God openlik te verheerlik. So word die katkisant begelei tot sekerheid van sy verlossing en tot groei in die geloof sodat hy deur sy hele lewe met vrymoedigheid sy geloof in en verbondenheid met God openlik sal bely.

6.3.1.2.2 Vereistes vir die subjek van onderrig tot getuienis

Die volgende is vereistes waaraan die subjek van die onderrig tot getuienis moet voldoen:

- Die subjek van onderrig tot getuienis moet deur die werking van God se Gees wedergebore wees.

Sonder die wedergeboorte deur die Gees kan geen mens God se getuienis begryp of aanneem nie. Wie nie wedergebore is nie, is self nog in die duister en kan daarom nie iemand anders na die lig lei nie.

- Die subjek van onderrig tot getuienis moet in die geloof die getuienis van God aangeneem het sodat hy die getuienis in Hom het.

God moet altyd die subjek van die kategese bly; daarom moet sy getuienis in die kategese deurgegee word. Om die

getuienis van God te kan deurgee, moet die mens dit eers deur die geloof sy eie gemaak het. Die kategeet moet dus die getuienis van die Gees van God in homself gehoor het en sekerheid hê van sy verlossing.

- Die subjek van onderrig tot getuienis moet 'n deeglike en sistematiese kennis van die Woord van God hê.

Om die getuienis van God logies en sistematies aan die katkisante te kan oordra met die oog op getuienis, moet die kategeet self ook oor kennis van die getuienis van God beskik en insig hê in die betekenis daarvan (Handelinge 18:24-26). Om die katkisante te kan begelei tot 'n lewe van persoonlike gemeenskap en daardeur tot getuienis, moet die kategeet die leer van die Bybel ken (Johannes 1:1-13). Indien die kategeet byvoorbeeld nie die verhouding tussen God se genade en die mens se verantwoordelikheid reg verstaan nie, sal hy die katkisant nie op die regte wyse kan begelei tot 'n geloofskeuse vir Christus nie. Wie nie waarlik oor genoegsame kennis beskik nie, kon self ook nog nie 'n verantwoorde keuse vir Christus gemaak het nie (1 Johannes 5:13).

- Die subjek van onderrig tot getuienis moet die wil van God in sy eie lewe kan onderskei en dit uitleef.

Die mens wat homself 'n leermeester noem, maar self nie die pad wat hy leer, bewandel nie is besig met ydele roem. Die kategeet kan die katkisant alleen op 'n pad lei wat hy self bewandel. Die kategeet moet in die voorbereiding van elke les tot selfondersoek en gehoorsaamheid gebring word deur die toepassing van die Woord op sy eie lewe (Romeine 2:17-24).

- Die subjek van onderrig tot getuienis moet volwasse in

die geloof wees en steeds in sy geloof groei.

Alleen iemand wat deur die gewoonte geoefen is om in die krag van die Heilige Gees God se getuienis konkreet in die lewe toe te pas, kan leermeester tot getuienis wees (Hebreërs 5:14).

- Die subjek van onderrig tot getuienis moet sy lewe in gemeenskap met God openlik bely.

'n Mens kan slegs getuie van God wees as hy deur die werking van die Gees insig gekry het in God se getuienis en dit deur die geloof aangeneem het. Iemand wat nie ooggetuie was van Jesus se lewe en sterwe en opstanding nie, kan slegs getuig deur belydenis van sy geloof in God. Alle onderrig moet dus belydenis van God se getuienis wees. Wie nie elke dag met sy ganse lewe God se getuienis bely nie, kan dit ook nie in opregtheid voor 'n klas doen nie.

- Die subjek van onderrig tot getuienis moet bereid wees om in 'n noue persoonlike verhouding met die katkisante te tree.

Die opdrag aan elke gelowige dissipel van Christus is om sy leerlinge te maak wat hyself is (naamlik volgeling van Christus). Om hierdie opdrag te kan uitvoer, is dit nodig dat die katkisant met die kategeet kan identifiseer. Die katkisant moet die kategeet nie net in die klaskamer ontmoet vir kennis oordrag nie. Die katkisant moet deur die lewe van die kategeet oortuig word sodat die katkisant ook in persoonlike gemeenskap met God wil leef. Onderrig moet onder andere ook by wyse van vertroosting, opbou en bemoediging geskied. Die kategeet kan alleen op hierdie

wyse onderrig as daar liefde, begrip en vertroue tussen hom en die katkisant is. Richards (1975:35,26) beklemtoon vanuit Deuteronomium 6 dat die waarhede van die Woord aan die katkisant voorgehou en uitgeleef moet word binne 'n hegte verhouding van vertroue en liefde. Die ideale plek vir hierdie onderrig is die ouerhuis. Die onderrig van die kategeet moet ook bevestig word deur die voorbeeld wat hy uitleef en in liefde aan die katkisant oordra.

### 6.3.2 Onderrig tot getuienis en die objek van die kategese

Uit die ondersoek na onderrig in die Nuwe Testament het dit duidelik geword dat die objek van die onderrig in 'n groot mate bepaal hoe en wat onderrig moet word. Teofilus ontvang omvattende onderrig van Lukas (Lukas 1:1-4) terwyl Apollos slegs aanvullende onderrig ontvang. Jesus sê aan sy dissipels dat Hy nie alles aan hulle sê nie omdat hulle dit op daardie stadium nie kon dra nie. Eers wanneer die Gees gekom het, sal hulle dit kan begryp (Johannes 16:12,13)

Ook in relevante literatuur op die vakgebied van die kategetiek word die belangrikheid van die objek van onderrig, beklemtoon.

Van der Walt (1984:9) druk die belang van die objek van die kategese soos volg uit : "Die objek bepaal dan gevolglik die karakter van die kategese, beheers die metode en het 'n beslissende invloed op alles in die katkisasie". Bijlsma (1962:101) gaan so ver om te sê dat die kategese staan en val by die insig wat die kategeet in die katkisante het. Kuiper (1979:404) sê die Bybelse verhaal moet vir die kind herkenbaar word as sy eie lewensverhaal. Dit kan alleen in 'n katkisasieles gedoen

word as die stof daarvoor geskik is. Kuiper (1979:404) sê dat die katkisant die betekenis van die Bybelse verhaal vir sy eie lewe alleen kan insien as die teks "niet oppervlakkig of banaal worden behandeld maar in hun eigen aansprekende kragt worden opgelegd". Vir die katkisant lê die oorgang van sie Bybelse feite na die ervaring daarvan as toepaslik op sy eie lewe, dus in die begrip en die konkrete toepassing op lewensherkenbare situasies.

Vir suksesvolle onderrig is kennis van die objek dus noodsaaklik.

6.3.2.1 Die objek van die amptelike onderrig tot getuienis is sowel verbondskinders as volwassennes wat tot geloof gekom het

Die objek van die onderrig tot getuienis is in die eerste plek elke verbondskind wat die verbondsbeloftes van God deur die doop ontvang het. Hulle moet onderrig word om die beloftes te ken en aan te neem om so in noue gemeenskap met God te leef.

In die tweede plek is elkeen wat deur die verkondiging van die evangelie tot geloof gekom het en deur die geloof deel het aan die verbond van God en die gemeenskap van die gelowiges, ook objek van die kategese. Hulle moet nog die doop as seël van die verbond ontvang. Hulle moet daarom die betekenis van die verbond van God en die doop geleer word, sodat hulle kan kom tot geloofsekerheid en openlike vrymoedige getuienis. So het Johannes sy lesers wat reeds glo, onderrig om aan hulle geloofsekerheid te gee en hulle daardeur te begelei tot openlike vrymoedige belydenis (1 Johannes 5:13; vergelyk 3.4.4 van hierdie studie).

In die onderrig aan verbondskinders kom die kategeet dus na mense wat deel is van God se volk. Hy kom met die Woord van hulle Vader na hulle en hy kan kom met die verwagting dat hulle die Woord sal aanneem. In die onderrig aan diegene wat tot die geloof gekom het, het die kategeet te doen met 'n mens wat van God die reg ontvang het om kind van God te word (Johannes 1:12); iemand wat deur die Gees en Woord "uit God gebore is" (Johannes 1:13). Hierdie "pasgeborene" in die geloof moet deur die onderrig tot volwassenheid en getuienis begelei word.

Aangesien kategese gerig is op die groei in die geloof, kan daar met Van der Walt (1984:9) saamgestem word dat amptelike kategese gerig is op bewaring en opbou van die kerk en nie primêr op vermeerdering nie van getalle. Hierdie onderskeid mag egter nooit 'n skeiding word nie. Die onderrig tot getuienis moet 'n doelpunt van die kategese wees. Dit hou in dat die onderrig in die kategese op twee vlakke verbind is met evangelisasie:

- die persoon wat pas tot geloof gekom het, word deur die kategetiese onderrig begelei om sy verbondenheid met God daagliks openlik te bely. Hierdeur word die werk wat in die evangelisasie begin is, bevestig. Hier word die objek van evangelisasie dan die objek van die kategese.

- die katkisant wat in die kategese tot getuienis onderrig word, is met sy hele lewe betrokke by evangelisasiewerk. Die kategeet is deur die kategese waarin tot getuienis onderrig word, betrokke by die evangelisasiewerk. Die kategeet rus subjekte vir evangelisasie toe en word as toeruster indirek in die kategese self subjek van evangelisasie. Richards (1975:56) verwoord die verhouding tussen

evangelisasie en onderrig tot getuienis soos volg: "Effective evangelism hinges an discipleship....on likeness to Christ ... the evidence of His presence enables us to witness in power". Die onderrig tot getuienis wil die katkisant dus ook toerus tot evangelisasiewerk.

6.3.2.2 Elke verbondskind is objek van informele onderrig tot getuienis

Wanneer onderrig tot getuienis nie beperk word tot die formele, amptelike klassituasie nie, begin die informele kategese sodra daar kontak tussen die kind en die gemeente is. Aanvanklik sal, wat die kind se ervaringswêreld betref, slegs die ouers die kind deur hulle liefde onderrig. Gaandeweg sal die kind die onderrig deur die hele gemeente meer en meer ervaar en begryp. Die ervaring van die kind (aanvanklik onbewustelik) van byvoorbeeld die onderlinge liefdesgemeenskap in die gemeente en van die feit dat God in die gemeente lewend teenwoordig is, is reeds deel van die kategetiese onderrig en ook 'n voorbereiding vir die formele onderrig wat die kind later sal ontvang. Die hartlike samesang in die gemeente is ook 'n voorbeeld van getuienis aan die kind (vergelyk Ef 5:19). Wanneer 'n kind deel is van 'n gemeente wat deur die onderrig begelei is tot getuienis, ontvang hy voortdurend onderrig deur woord en daad.

Dat die kind deur die gemeente onderrig word, beklemtoon dat die kind nooit uit die erediens geneem mag word om elders afsonderlik onderrig te ontvang terwyl die erediens aan die gang is nie.

In die bepaling van die ouderdom waarop 'n kind van informele na formele onderrig tot getuienis moet oorgaan

en wanneer die formele onderrig afsluit, moet na elke kind afsonderlik gekyk word.

6.3.2.3 Onderrig tot getuienis en die norme vir die indeling van kinders in verskillende klasse

'n Doelwit van die onderrig is om elke katkisant te bring tot 'n geloofskeuse vir Jesus Christus en tot volwassenheid in die geloof sodat hy God openlik sal bely deur 'n lewe van persoonlike gemeenskap met God. Hierdie onderrig sluit bemoediging, vertroosting en vermaning in.

Om die katkisant te begelei tot 'n lewe van persoonlike gemeenskap met God, is dit in die eerste plek noodsaaklik dat die katkisant die onderrig sal begryp. Begrip hang saam met groei en rypwording deur die verskeie leeftydsfases heen. Hier kan met vrug gebruik gemaak word van die Kindersielkunde en Opvoedkunde as hulpwetenskappe om byvoorbeeld die mees geskikte groepering in leeftydsfases en die onderrigstof vir 'n besondere groep te bepaal met die oog op onderrig tot getuienis. Wanneer 'n kind egter ondanks sy ouderdom, nie die normale begrip vir die feite en toepassing van die onderrig toon nie, moet hy afsonderlik of bykomstig onderrig word en pastoraal bedien word.

In die tweede plek is geloofskeuse en -groei noodsaaklik om die katkisant tot getuienis te begelei. Hoe ouer die kind word hoe belangriker raak die geloofsreaksie van die katkisant. Die tiende tot die veertiende jaar kan as 'n tydperk beskou word waarin 'n oorgang plaasvind vanaf die konkrete, aanskoulike belewing van die wêreld na die abstrakte, na 'n meer geestelike belewing; van die kritieklose aanvaarding van die onderrig na die weetgierige, kritiese ingesteldheid. Die kind begin

abstrak dink en God anders as bloot konkreet sien; hy begin vra na die sin van dinge - ook na die sin van sy geloof ( vergelyk Van Wyk,1976:12,13 en Higgo,1968:51,52). Hierdie is dus die geskikte tydperk waarin meer en meer klem gelê moet word op die antwoord op God se Woord. Hoe nader die kind beweeg aan die afsluiting van die formele kategetiese onderrig, hoe meer moet die onderrig die kind begelei tot 'n lewe van persoonlike gemeenskap met God waarvan die openlike belydenis van Christus 'n onlosmaaklike deel moet wees. Wanneer 'n katkisant toon dat hy nie Jesus Christus as die Seun van God aangeneem het nie en dus nie die getuienis van God glo nie, moet hy pastoraal bedien word. Onderrig sluit bemoediging en vermaning in, met elke katkisant wat nie na wense vorder nie moet daar dus persoonlik gewerk word.

### 6.3.3 Onderrig tot getuienis en die doel van kategese

Die belang van die korrekte en volledige formulering van die doel van die kategese in die algemeen is reeds in verskeie werke uit die kategetiek beklemtoon. Die doel van die onderrig bepaal die inhoud, leerstof, metodiek en die inrigting daarvan (vergelyk ook Jooste 1965:41). Van der Merwe (1984:13) sê dat sonder 'n duidelik geformuleerde doelin die kategese, doelwitte vaag bly en daar nie toegespits en planmatig gewerk kan word na 'n definitiewe, meetbare resultaat nie. Kruger (1980:111-118) toon die samehang tussen die doelstelling in 'n kurrikulum en elke ander element in die kurrikulum oortuigend aan.

Wanneer die kerk in gehoorsaamheid aan God kategetiese onderrig wil gee, is dit noodsaaklik dat God se doel met die kategese so volledig en duidelik as moontlik geformuleer sal word. Wanneer die doel nie Skrifgetrou

geformuleer is nie, sal die eindpunt wat bereik word waarskynlik ook in bepaalde opsigte nie in lyn wees met God se bedoeling nie.

Aangesien die aksent in hierdie verhandeling op 'n onderdeel van die doel van die kategese val, sal breër hierby stilgestaan word, juis met die oog daarop om vanuit die gekose doel van die studie - begeleiding tot getuienis - 'n bydrae te probeer lewer in die wetenskaplike besinning oor die doel van die kategese.

6.3.3.1 Eensydighede in die formulering van die doel van die kategese in bestaande literatuur

In die besinning oor die kategetiese onderrig in die algemeen is daar dikwels na die een of die ander kant eensydige doelformulerings opgestel. Bijlsma (1962:10 e.v.) noem byvoorbeeld die eensydigheid van die hoogkerklike lyn van die Rooms-Katolieke kerk en die individuele-subjektiewe lyn van onder andere die Piëtisme.

Ook in gereformeerde kringe het daar al bepaalde eensydighede na vore gekom in die formulering van die doel van kategese.

Dikwels het die hoofklem in die doelformulering geval op die feit dat die kategetiese onderrig die katkisant van die doop na die nagmaal begelei (vergelyk Biesterveld,1900:58;Dijk,1954:8). Gepaardgaande hiermee is daar gewoonlik ook die klem op die begeleiding tot die persoonlike openbare belydenis (vergelyk Dijk,1954:17). Putter (1984:1) se formulering van die doel van die katgese is hiervan 'n voorbeeld as hy sê dat die doel van die kategese die aflegging van belydenis van geloof is.

Die eensydigheid in hierdie doelformulerings lê daarin dat 'n te prominente plek aan die eenmalige belydenisaflegging voor die gemeente en die nagmaalviering daarna gegee word, en feitlik geen plek aan die lewe vanuit die belydenis en dus die getuienistaak gegee word nie. Hierdie doelformulering kan daartoe aanleiding gee dat die kategetiese onderrig gesien kan word as iets wat geen betrekking het op die lewe en lewenspraktyk ná belydenisaflegging nie. Die belydenisaflegging en nagmaal kan op hierdie wyse 'n doel op sigself word. Jooste (1965:41) dui die plek wat die sakramente moet inneem nader aan as hy sê dat die sakramente in die geestelike ontplooiing van die gelowige as onmisbare middels deur die Koning van die kerk verorden is. Die middels moet egter gebruik word waarvoor hulle gegee is, en nie tot 'n enigste doel verhef word nie.

Die kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1979:6) omskryf die doel van kategese soos volg:
"Die doel van die kategese is om die jeug van die kerk, en diegene wat in die kerk opgeneem word, te onderrig in die leer van die Kerk en die betekenis van lidmaatskap, hulle voor te berei vir deelname aan die Sakramente en aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen, en die Kerk in die besonder". In hierdie formulering word geen melding gemaak van die noodsaak om die katkisant te begelei tot 'n lewe van persoonlike gemeenskap met God nie. Alhoewel dit sekerlik nie die bedoeling is nie (soos Van der Berg 1981:6-10 aantoon), kan hierdie formulering daartoe aanleiding gee dat daar in die kategese gepoog word om aan die katkisant 'n sekere gedragspatroon aan te leer, sonder dat gewerk en gebid word vir die nuwe lewe en groei in die geloof. In sy verklaring van hierdie doelformulering toon Van der Berg (1981:7) self iets van genoemde eensydigheid wanneer hy "private vroomheid" stel teenoor "die opbouing van die

gemeente". Hierteenoor moet gestel word dat die kerk uit die gelowiges bestaan; daarom is die begeleiding tot groei van elke gelowige in sy persoonlike geloofslewe, tegelyk ook begeleiding tot die opbou van die kerk. Die doelpunt van die onderrig om die katkisant te begelei om een te wees met die gemeente en diensbaar te wees in die gemeente ontvang moontlik by Van der Berg (1981:7) en in genoemde doelformulering van die Nederduitsch Hervormde Kerk klem ten koste van die begeleiding tot persoonlike geloof en geloofsgroei. Die kerk self mag nie as doel van die kategetiese onderrig aangewys word nie; ook nie die institutêre lewe van die kerk nie. By die nastrewe van die doel van kategetiese onderrig moet die kerk die onmisbare middel bly (Jooste,1965:41).

Die sinode van die Gereformeerde Kerke van 1967 (Gereformeerde Kerke,1967:542) omskryf kategese soos volg: "Kategese is primêr amptelike bediening van die Woord deur die kerk aan verbondskinders om hulle te lei tot die nodige rypheid in die geloof, d.w.s. in die kennis van God se Woord as waaragtige en volkome leer van die saligheid en in vaste vertroue op sy beloftes." Wanneer die doel van hierdie "kennis" en "vertroue" egter gestel word (Gereformeerde Kerke,1967:544), word dit skynbaar beperk tot die daad van eenmalige belydenisaflegging in die midde van die gemeente (vergelyk 1.3.2.2 en 1.3.2.3 van hierdie studie). Die getuienistaak van elke gelowige word dus nie genoegsaam beklemtoon nie.

Nel (1985:172,175) dui die volgende beklemtoninge aan wat reeds as doelwitte vir die kategetiese onderrig gestel is: sielsorg, sosialisering, ek-vinding, die plaaslike gemeente as ervarings- en leeroord, sosiale etiek. Elke doelformulering wat die nood of behoefte van die mens as uitgangspunt vir die doelformulering van kategetiese onderrig gebruik, loop die gevaar van moontlike eensydigheid. Die mens word dan die enigste bepalende

faktor in die kategetiese onderrig. Hierteenoor moet gestel word dat God se woord altyd voorop moet staan in die kategetiese onderrig.

6.3.3.2 Skriftuurlike uitgangspunte vir die formulering van 'n doel vir die kategese vanuit die oogpunt van die onderrig tot getuienis

In die formulering van die doel van die kategese vanuit die oogpunt van begeleiding tot getuienis moet die volgende aspekte, soos dit in die voorafgaande verkenningswerk in hierdie studie, na vore gekom het, in ag geneem word.

- Die Drie-enige God kom tot ons deur sy Selfopenbaring . Om te kan getuig is deeglike kennis van die openbaring 'n voorvereiste. Die bybring van kennis van God se openbaring sal dus 'n plek moet kry in die doelformulering. In die kategese as onderrig tot getuienis moet gewerk word om aan die katkisant 'n omvattende kennis van God se openbaring te gee. Die katkisant moet hierdie kennis kan toepas en daaruit leef en so groei tot geloofsvolwassenheid sodat hy met vrymoedigheid kan getuig.

- God se openbaring eis geloof en gehoorsaamheid. 'n Keuse om in noue gemeenskap met God te leef, sal dus 'n plek moet hê in die doelformulering.

- God se openbaring geskied deur die werking van die Gees, in en deur Christus in wie God alle gelowiges saamvoeg tot 'n eenheid in die kerk. Die kerk sal dus 'n plek moet kry in die formulering van die doel van die kategese. Die katkisant moet begelei word om sy eenheid

met die gemeente te ken en beleef. Die uiteindelike en daarna herhaalde toetrede tot die nagmaal is 'n hoogtepunt in die bereiking van hierdie doelwit.

- Die persoonlike gemeenskap van elke gelowige met God (in Christus deur die werk van die Gees) en die gemeenskap van die gelowiges in die kerk as liggaam van Christus (in wie en deur wie die Gees werk) is nie te skei van mekaar nie. Wedergeboorte en geloof by elke individu is die beginpunt waarsonder geen ware gemeenskap met God of die gemeente moontlik is nie. Die individuele gemeenskap met God gaan dus wel vooraf aan maar is nie belangriker as die onderlinge gemeenskap van die gelowiges nie. Die gemeenskap van die gelowiges en die persoonlike gemeenskap van elke gelowige met God is twee kante van die lewe in persoonlike gemeenskap met God. In die formulering van die doel van kategese moet hierdie eenheid tussen die persoonlike gemeenskap met God en die gemeenskap van die gelowiges duidelik na vore kom.

- Die persoonlike gemeenskap waarin God deur Jesus Christus met sy volk getree het, hou in dat die mens sy eenheid met Jesus Christus openlik en vrymoedig sal bely. Die begeleiding tot belydenis sal deel moet vorm van die doelformulering.

- God het na die mens gekom om in persoonlike gemeenskap met hom te leef sodat sy Naam daardeur verheerlik kan word. Die eer van God moet dus as die hoogste doel aangewys word in die formulering van die doel van die kategese.

Die doel van kategese mag nie in terme van net een van hierdie doelpunte geformuleer word nie. Wanneer die doel van kategese in terme van net een of meer van hierdie doelpunte geformuleer word, kan dit lei tot eensydighede

in die onderrig aangesien die ander doelpunte of selfs die hoogste doel dan verwaarloos kan word.

Nie een van hierdie doelpunte mag in die nastreef van die hoogste doel oor die hoof gesien word nie, want dan sal die doel nooit ten volle bereik kan word nie.

6.3.3.3 'n Definisie van die doel van kategese vanuit die oogpunt van onderrig tot getuienis

Kategese het ten doel om tot eer van God die katkisant te begelei tot die geloofskeuse en die geloofsdaad om op grond van die verbond van God in noue persoonlike gemeenskap met God en die kerk te leef. Hierdie begeleiding word gedoen in volkome afhanklikheid van die Heilige Gees se werk, deur die oordra, verduideliking en toepassing van die openbaring van God in sy Woord. Die kategese wil so die katkisant begelei tot sekerheid van sy verlossing en tot geloofsgroei sodat hy met sy hele lewe sy gehoorsaamheid en diensbaarheid aan God kan bely tot onderrig en redding van ander mense.

6.3.4 Onderrig tot getuienis en die wese van kategese

Die ondersoek na die onderrig tot getuienis as doelpunt van die kategese het die volgende feite ten opsigte van die wese van kategese na vore gebring:

- God maak Homself aan die mens kenbaar deur Jesus Christus, die Woord. Jesus openbaar God aan die mens deur sy getuienis met woord en daad. Jesus se eis tot geloof en gehoorsaamheid is die begin van die mens se lewe in noue persoonlike gemeenskap met Hom. Sonder die

openbaring van God en die eis tot geloof en gehoorsaamheid, sou die mens nooit by God uitgekom het nie. God se selfopenbaring omvat

- die feite van die openbaring soos dit bekendgemaak word in God se getuienis;
- die betekenis daarvan vir die verlossing van die mens, soos dit na vore kom in God se belydenis van sy verbondsbeloftes. Die eis van die verbond is hierby ingesluit.

- God dra sy getuienis en belydenis in die mens se hart in deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees werk die wedergeboorte in die mens. Die Gees getuig in die mens van die waarheid van God se getuienis sodat die mens die getuienis kan glo, en die getuienis in homself as 'n vaste en seker wete het. Sonder die werking van die Gees sou kategese nuttelose arbeid wees.

Die wese van kategese kan gestel word as God se selfopenbaring in en deur Jesus Christus deur die werking van die Gees deur mense wat God se getuienis aangeneem het.

(Die konsekwensies wat hierdie feite vir die metode van die kategetiese onderrig inhou, sal onder 'n afsonderlike punt in diepte bespreek word.)

6.3.5 Onderrig tot getuienis en die leerstof van die kategese

6.3.5.1 God se getuienis soos saamgevat in sy Woord is die primêre bron vir die leerstof van die onderrig tot

getuienis

Die katkisant word tot getuienis begelei deur 'n gewisse kennis van God se openbaring en nie deur 'n oorbeklemtoning van die emosionele belewing van sy verlossing nie.

6.3.5.1.1 Die leerstof van die onderrig tot getuienis moet die hooflyne van God se openbaring omvat

Onderrig tot getuienis moet dus nie geïsoleerd beskou word nie; dit is deel van die totale onderrig en moet voortvloei uit die hooflyne van die openbaring.

Sekere hooflyne kon in die ondersoek na die Nuwe Testamentiese onderrig onderskei word en dien as riglyne vir die onderrig tot getuienis.

- Die verhouding van die Vader, Seun en Heilige Gees en die betekenis daarvan vir die mens.

Die feit dat God sy Seun gestuur het om in die plek van die mens te leef en te sterf, die feit dat Jesus Christus deur die werking van die Gees uit die maagd Maria gebore is en uit die toerusting van die Gees geleef het en in volkome gehoorsaamheid gedoen het waartoe die Vader Hom gestuur het, moet uit toepaslike Skrifgedeeltes aan die katkisante onderrig word. Die betekenis van God se liefde wat Hy in Jesus Christus aan die mens bewys het, moet aan die katkisant duidelik gemaak word. Die katkisant moet weet dat die mens op grond van God se liefde deur wedergeboorte en geloof wat die Gees werk, in noue persoonlike gemeenskap met God kan en moet leef.

Die katkisant moet dus die heilswerk van die Drie-enige God leer ken en die betekenis daarvan vir sy saligheid en daaglikse vooruitgang in die geloof besef.

- Die Koninkryk van God en die betekenis van die koms daarvan vir die verlossing van die mens.

Klem word daarop geplaas dat God se Koninkryk in Jesus Christus deur die werking van die Gees gekom het en nog deur die werk van die Gees besig is om in sy volheid te kom. Jesus se lewe, dood, opstanding lei die einde van die tyd in. God se koninkryk sal in sy volkomenheid kom met die wederkoms van Christus. Intussen sit die Heilige Gees Christus se werk in en deur die kerk voort. Die kerk staan dus sentraal in die koms van die koninkryk. Uit toepaslike Skrifgedeeltes moet die katkisant sy plek en taak in die koms van God se Koninkryk leer ken en leer vervul. Die katkisant kan alleen sy plek en taak in die Koninkryk ken en vervul in verbondenheid met die kerk. Hierdie hooflyn van die onderrig sal dus insluit die begeleiding van die katkisant tot volle deelname aan die gemeenskap van die gelowiges in die gemeente - dit sluit in die onderrig aangaande die sakramente en die opdrag om die Woord van God uit te dra in die wêreld.

- Die wil van God soos dit in sy wet saamgevat is en die betekenis daarvan vir dié wat glo.

Die katkisant moet begelei word om die Skrif prakties en konkreet toe te pas en God se wil oor aktuele sake (soos bepaalde etiese vraagstukke van die dag) te bepaal.

- Die hooflyne in die Godsopenbaring.

God openbaar Homself deur sy dade teenoor mense en in gebeurtenisse in die geskiedenis. Die katkisant kan die getuienis en belydenis van God alleen ten volle begryp wanneer hy insig het in die verloop van die breë openbaringsgeskiedenis.

Die keuse van leerstof moet dus nie slegs gemaak word met die oog daarop om sekere leerstellings aan die katkisant oor te dra nie. Die stof moet so gekies word dat die katkisant God leer ken in en deur sy dade met sy volk deur die eeue heen. Die katkisant moet dus oor die jare van sy onderrig heen die feite van die openbaringsgeskiedenis en die betekenis daarvan vir die koms van die koninkryk begryp. Die katkisant moet verbande kan lê tussen persone en gebeure. Die katkisant moet byvoorbeeld nie net weet dat Abraham van God seker beloftes ontvang het nie, maar ook dat die verbond van God met hom 'n belangrike plek beklee in God se plan om Jesus Christus as Verlosser van die wêreld uit Israel gebore te laat word. Die katkisant moet nie slegs weet wat alles met Josef gebeur het nie, maar moet begryp dat God Josef gebruik om sy volk na Egipte te bring, sodat Hy sy krag en genade kan toon deur hulle uit slawerny te verlos.

Die onderrigstof moet dus so gekies word dat die katkisant uiteindelik die sentrale figure en gebeure in die vervulling van God se raadsplan ken en met helderheid kan plaas in hulle openbaringshistoriese plek en betekenis.

Bogenoemde hooflyne van die onderrig in die Nuwe Testament wat uit die ondersoek van hierdie verhandeling na vore gekom het, stem ooreen met en word bevestig deur die hooflyne van die onderrig soos deur Bijlsma (1962:30-100) uitgelig. Bijlsma (1962:43) ontdek vier hooflyne in die

onderrig van die Ou Testament en die onderrig van Christelike kerk deur die eeue, naamlik geloof (hoofsaaklik die "Apostolicum"), gebod (die Wet van God), gebed (die Onse Vader) en sakramente (vergelyk Viljoen, 1985:209). Geloof sal in die onderrig aangaande die werk van die Drie-enige God besondere klem ontvang (vergelyk die indeling van die twaalf artikels). God laat sy Koninkryk kom in en deur die kerk deur die kragtige werking van die Gees. Gebed en sakramente dien tot versterking van die gelowige in sy stryd in diens van die koninkryk. Gebed en sakramente sal dus in die onderrig aangaande die Koninkryk van God ter sprake kom. Gebod sal onder die onderrig en toepassing van die Wet behandel word.

Ook Viljoen (1985:218) se opsomming van Calvyn se standpunt oor die stof van die kategese toon dat Calvyn se siening gegrond is op die beginsels van die Nuwe Testamentiese onderrig. Vir Calvyn is die vraag hoe die mens God kan ken en dien van kardinale belang. Hy gaan dus uit van God se kenbaar maak van Homself deur sy openbaring. Sy antwoord op die vraag hoe die mens God kan ken en dien, is dat die mens God in die geloof moet vertrou en dan sy lewe gehoorsaam volgens God se gebooie moet inrig. Die mens moet God in die gebed aanroep en vereer en saam met medegelowiges God se naam bely in die gemeenskap van Woord en sakramente. Calvyn se bevinding stem dus ooreen met die bevindinge van die ondersoek na die onderrig tot getuienis. God roep die mens deur sy openbaring om in noue persoonlike gemeenskap met Hom te leef en dus om Christus in gehoorsaamheid na te volg.

6.3.5.1.2 Die leerstof moet ook die belydenis van die kerk insluit

Reeds in die Nuwe Testament is dit duidelik dat God die

kerk gelei het om die selfgetuienis van God saam te vat in vaste belydenisse. Die kerk is belydende kerk; daarom kan kennis van die belydenis waartoe die kerk deur die eeue gekom het daartoe bydra dat die katkisant God ook in getrouheid aan die Skrif sal bely.

Die belydenisskrifte is uitnemend geskik vir die onderrig tot getuienis, aangesien dit die belydenis van die kerk bevat. Getuienis kom op kardinale plekke in die belydenisskrifte voor.

Veral die Heidelbergse Kategismus spoor die leser aan tot getuienis. Reeds in die eerste vraag word gevra wat jou enigste troos in lewe en sterwe is en die antwoord is 'n openlike belydenis van 'n lewe en sterwe in persoonlike gemeenskap met God. Die persoonlike karakter van die vrae en antwoorde in die Kategismus begelei die leser om tot 'n persoonlike keuse te kom of hy die antwoord kan beaam.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis dra ook 'n persoonlike karakter en die leser moet besluit of hy homself by die "ons wat glo" insluit.

Die Dordtse Leerreëls stel die waarheid van die Skrif teenoor die dwaling, sodat die leser ook tot 'n keuse moet kom oor wat hy glo. Wie instem met hierdie belydenis, word ook toegerus om die dwaling te bestry.

Opsommend kan dus gesê word dat die belydenisskrifte besonder geskik is as onderrigstof vir die onderrig tot getuienis aangesien

* dit opsigself reeds 'n belydenis is;
* dit die katkisant begelei tot 'n welbewuste keuse vir

die waarheid van God se Woord en 'n lewe in persoonlike gemeenskap met God;

* dit die katkisant toerus om teenoor die dwaalleer te kan getuig van die waarheid.

6.3.5.2 Vereistes vir die leerstof van die onderrig tot getuienis

6.3.5.2.1 Die leerstof wat voorgeskryf word, moet rekening hou met die verstandelike vermoë en leefwêreld van die katkisant

Vir die onderrig tot getuienis is dit noodsaaklik dat die katkisant God se getuienis en belydenis begryp. Sonder begrip kan daar normaalweg geen bewuste aanneem van God se getuienis en 'n lewe in noue persoonlike gemeenskap met God op grond van God se belydenis, bestaan nie.

Die keuse van leerstof moet dus aanpas by die begrips en werksvermoë van die katkisant. Leerstof moet so gekies word dat die katkisant dit kan begryp. Die moeilikheidsgraad en hoeveelheid stof moet in ooreenstemming met die katkisant se bevatlikheidsvermoë wees, anders kan die kategese sy trefkrag verloor. Indien die stof te eenvoudig is of net handel oor oorbekende feite kan dit die belangstelling laat kwyn. In beide gevalle kan die kategese misluk in sy doel om die katkisant te bring tot 'n lewe van noue persoonlike gemeenskap met God en die gemeente.

Die leerstof moet ook so gekies word dat die toepassing daarvan aktueel kan wees vir die katkisant in sy besondere leeftydsfase en omstandighede. Om aan kinders van ses jaar 'n gedeelte waarin die verhouding tussen man en vrou

in die huwelik bespreek word, voor te skryf, sou nie die doel van die kategese dien nie. Hierdie kinders sal wel daartoe begelei kan word om God te ken en te bely as Herder wat vir sy skape (die gelowiges) lief is en vir hulle sorg (Psalm 23, Johannes 10).

6.3.5.2.2 Die leerstof moet so gekies word dat die katkisant daardeur begelei kan word om deur sy diensbaarheid in die gemeente sy geloof en gehoorsaamheid aan God, te bely

Die onderrig moet die katkisant begelei om sy plek te ken in die opbou van die gemeente. Wanneer elke lid sy gawes tot voordeel van al die ander lede gebruik lewer hulle getuienis aan die wereld dat hulle Jesus se volgelinge is.

Hierdie vereiste vir die leerstof sluit aan by die vereiste dat die leerstof toegepas kan word op die katkisant met sy besondere begripsvermoë in sy besondere leeftydsfase. Afhangende van die ouderdom en gawes van die katkisant sal die plek en taak van elke katkisant in die gemeente verskillend wees. Die besondere behoeftes van die gemeente sal in die bepaling van die katkisant se plek en taak ook 'n bepalende rol speel. Kategese geskied in en deur 'n plaaslike gemeente en staan ook in diens van die opbou van daardie gemeente.

Die leerstof moet so gekies word dat dit die kategeet in staat stel om die katkisant te onderrig om deel te hê aan die opbou van die gemeente en so getuienis te lewer.

6.3.5.3 Die leerstof moet onderrig tot getuienis moontlik maak

'n Doel van die kategese is om die katkisant te begelei tot 'n lewe in noue persoonlike gemeenskap met God. 'n Onlosmaaklike deel van hierdie persoonlike gemeenskap met God is die openlike belydenis van jou verbondenheid met God.

In die keuse en toepassing van die leerstof moet daar doelbewus geleentheid geskep word dat die kategeet die katkisant kan begelei om te getuig van sy verbondenheid met God. Die onderrig tot getuienis moet deel wees van elke les se toepassing. Die katkisant moet aangespoor word om uit God se beloftes te leef en te doen wat God in 'n besondere Skrifdeel van Hom vra. Die leef vanuit die belofte en die gehoorsaamheid aan die opdrag moet egter voortvloei uit 'n lewe in noue gemeenskap met God en moet 'n openlike belydenis wees van daardie gemeenskap.

In elke les moet die toepassing so gedoen word dat die kind weet wat God vir hom sê. God se openbaring in die Skrifgedeelte wat tydens die les behandel is, is ook die inhoud van die getuienis waartoe God Hom roep. Die katkisant kan dus uit elke Skrifgedeelte tot getuienis begelei word. Daar is egter sekere gedeeltes in die Woord wat in die besonder geskik is vir die onderrig tot getuienis. Die Psalms is in wese die getuienis van gelowiges en daarom by uitnemendheid geskik om die katkisant tot getuienis te begelei. Ook ander Skrifgedeeltes waar gelowiges tot openlike belydenis kom, is by uitnemendheid geskik vir die onderrig tot getuienis. Enkele voorbeelde word vervolgens genoem.

* Genesis 39 waar Josef Potifar se vrou weerstaan en getuig dat hy nie teen God sal sondig nie.
* Josua 24 waar Josua getuig van sy voorneme om die Here te dien, en ook die volk tot hierdie getuienis onderrig.
* 1 Samuel 17 waar Dawid openlik getuig van sy vertroue

op God en sy sekerheid dat God die oorwinning sal skenk.

Dat die katkisant deur die onderrigstof tot getuienis begelei moet word, bied ook 'n riglyn vir die hoeveelheid stof wat in elke les behandel word. Hoe meer stof behandel word, hoe minder tyd is daar om aan die katkisant geleentheid te gee om in die klas reeds sy geloof in en bereidheid tot gehoorsaamheid aan God se beloftes en opdragte te bely. Die stof moet dus so gekies word dat daar genoeg tyd is vir toepassing en reaksie van die katkisante.

6.3.6 Onderrig tot getuienis en die ontwerp van 'n kurrikulum vir kategese

Uit die oogpunt van die onderrig tot getuienis word met kurrikulumontwerp bedoel die samestelling van 'n program van onderrig waardeur die katkisant uit die Woord van God begelei kan word om in noue persoonlike gemeenskap met God en die gemeente te leef en sy geloof openlik te bely tot eer van God.

Wanneer oor die kurrikulum van die kategese as begeleiding tot getuienis gehandel word, word beweeg op 'n terrein wat noú aansluit by die Opvoedkunde. Op hierdie terrein het Kruger (1980) 'n sinvolle bydrae gelewer oor die beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp (vergelyk Kruger,1980:33-147). Beukes (1985:154-169) het - vanuit die kategetiek - die werk van Kruger verken en beoordeel met die oog op die bruikbaarheid van sy kriteria en beginsels.

Kruger vind ses noodsaaklike elemente of aktiwiteite van

die ontwerp van 'n kurrikulum naamlik situasie-analise, doelstelling, inhoudseleksie, leerervaring en leergeleentheid, evaluering. Met volle erkenning van die bydrae van Kruger en Beukes word nou daartoe oorgegaan om juis uit die resultate van hierdie studie tot dusver, stappe aan te dui wat as belangrik geag word vir die ontwerp van 'n kurrikulum vir kategese, spesifiek gerig op onderrig tot getuienis.

6.3.6.1 Stappe in die ontwerp van 'n kurrikulum met die oog op die onderrig tot getuienis

Verskillende begrippe wat in hierdie hoofstuk gebruik word is reeds in hoofstuk een verklaar.

Vanuit die resultate van die ondersoek kan sekere stappe in die ontwerp van 'n kurrikulum vir die onderrig tot getuienis onderskei word.

Stap 1 : Bepaling van die doel van onderrig

'n Ondersoek na die doel van onderrig in die Ou en Nuwe Testament is die eerste stap in die samestelling van 'n kurrikulum vir die onderrig tot getuienis. Hieruit kan die hoogste doel van die kategese bepaal word en ook die verskillende doelpunte waarna gestreef moet word om hierdie hoogste doel te bereik (soos in hierdie verhandeling ten opsigte van die onderrig tot getuienis uit die Nuwe Testament bepaal is). By die samestelling van die kurrikulum is die eerste vraag en die uitgangspunt van alle onderrig: "Waartoe wil God hê dat die onderrig die katkisant moet begelei ?"

Stap 2: Bepaling van die totale inhoud

Nadat die hoogste doel en die verskillende doelpunte van die onderrig bepaal is, sal die inhoud van die onderrig bepaal moet word. Die stof wat onderrig moet word om die hoogste doel te bereik, sal deur 'n ondersoek van die Woord van God moet plaasvind. Hiervoor sal 'n geheeloorsig oor God se openbaring verkry moet word. Uit die ondersoek van die Skrif sal die hooflyne van die openbaring bepaal moet word. In die ondersoek na onderrig in die Nuwe Testament het dit byvoorbeeld geblyk dat die hooflyne wat in die onderrig aandag moet kry die volgende is: die verhouding tussen Vader, Seun en Heilige Gees en die betekenis daarvan vir die mens, die Koninkryk van God en die plek van die gelowige daarin, die wil van God in die praktiese toepassing van die wet. Asook hooflyne van die verloop van die openbaring van God. Hierin sal aansluiting gevind moet word by ander teologiese vakrigtings soos die Openbaringsgeskiedenis van die Ou en Nuwe Testament en die Etiek.

Uit die ondersoek na die hooflyne van God se openbaring sal dan die breë doelwitte verkry kan word ten opsigte van die kennis wat oorgedra moet word in die kategese.

Wat die onderrig tot getuienis betref, sal bepaal kan word of 'n besondere hooflyn van die openbaring meer geskik is om die katkisant tot getuienis te begelei.

Stap 3: Bestudering van die objek

Die volgende stap in die samestelling vir die kurrikulum vir die onderrig tot getuienis sal die ondersoek moet wees na die objek van die onderrig, die katkisant self. Die

hulpwetenskappe soos die Psigologie en die Opvoedkunde bied in hierdie verband belangrike insigte om die kind in sy verskillende ontwikkelingsfases te leer ken.

Die katkisant se leefwêreld moet ook ondersoek word. Vrae soos die volgende behoort aangeraak te word: Wat is die probleme waarmee hy worstel, wat is die versoekings op sy pad, wat is die vrae wat uit die Bybel beantwoord moet word, wat is die geleenthede waarvoor hy toegerus moet word sodat hy dit tot eer van God kan benut deur van God se genade te getuig.

Op die vlak van die plaaslike gemeente sal in hierdie stap die volgende ter sprake wees:
- elke kategeet moet aangemoedig word om sy besondere klas individueel te ken in hulle besondere omstandighede en vermoëns;
- geskikte vergaderlokale vir elke klas moet aangewys word;
- 'n geskikte tyd wanneer die onderrig gegee kan word;
- hulpmiddels vir die onderrig.

Ten opsigte van die onderrig tot getuienis sal bepaal moet word hoe die kind in elke leeftydsfase deur die onderrig tot getuienis begelei kan word . Die jonger kinders sal byvoorbeeld hoofsaaklik begelei word om aan mense wat aan hulle bekend is te vertel wat hulle van God geleer het. Hoe meer volwasse die katkisant word, des te groter is sy kontak met die buitewêreld en ook met die ongelowige. Hy sal dus begelei moet word om meer en meer ook na buite te getuig. Elke katkisant se gawes moet in ag geneem word om te bepaal hoe hy sy getuienis sal lewer. Hierin is die katkisant se eie medewerking van die grootste belang. Die klem van sommige se getuienis sal byvoorbeeld op daadgetuienis val, terwyl ander die gawe besit om te praat en dus so hulle getuienis kan lewer.

Stap 4: Bepaling van die inhoud van die onderrig vir elke klas in 'n besondere jaar en formulering van 'n hooftema.

In stap een is die hoogste doel van die kategese en die verskillende doelpunte wat nagestreef moet word om die hoogste doel te bereik, bepaal. In stap twee is die inhoud wat onderrig moet word, bepaal deur die verskillende hooflyne van God se openbaring vas te stel. In stap drie is die katkisant wat onderrig moet word ondersoek. In stap vier moet die inligting wat in stap een tot drie verkry is, saamgevoeg word.

Daar moet nou bepaal word wat die inhoud van die onderrig vir elke groep in 'n bepaalde leeftydsfase moet wees om die doel van die onderrig te kan bereik. Die verskillende hooflyne moet oor die jare tot belydenisaflegging aan die katkisant oorgedra word.

Die opsteller van die kurrikulum moet dus bepaal
- watter hooflyn of hooflyne 'n jaargroep in 'n besondere jaar moet behandel;
- wanneer hy hierdie hooflyn weer sal behandel;
- hoe diepgaande die stof in 'n besondere jaar behandel moet word;
- en op watter doelpunt van die onderrig in 'n besondere jaar klem gelê moet word;

> In die eerste skooljaar sal die kind God leer ken uit byvoorbeeld God se optrede in die skepping of teenoor Noag, Abraham en Israel. Hierdie kinders sal uit genoemde stof begelei kan word tot die belydenis dat God vir sy kinders sorg. Om in hierdie jaar egter God se verhouding tot die mens soos dit na vore kom

in uitverkiesing, wedergeboorte, geloof en bekering, te behandel, sal nie baie daartoe bydra dat die kind God leer ken en in noue persoonlike gemeenskap met Hom leef en so van God se genade getuig nie. Die uitleg van die wet van God en die praktiese toepassing daarvan op vrae en probleme van die huidige tyd sal byvoorbeeld deur katkisante tussen sestien en agtien jaar aktueel gevind word. Uit hierdie onderrig sal hulle teenoor hulle maats getuienis kan lewer ten opsigte van etiese vraagstukke van die dag waarmee hulle worstel. Hierdie hooflyn sal egter nie geskik wees vir sewejarige kinders nie.

Om die katkisant te begelei om God te leer ken en in noue persoonlike gemeenskap met Hom te leef vanuit sy openbaring van Homself soos dit in 'n gekose hooflyn na vore kom, is dan die breë doelwit van die onderrig in daardie jaar.

Uit die bepaalde hooflyn kan dan 'n hooftema of -temas (indien nodig) vir 'n besondere jaar bepaal word. Hierdie temas moet geformuleer word vanuit God se openbaring en sy koms na die mens. Die kind moet egter die temas eenvoudig en verstaanbaar, dog ook stimulerend vind. In die bepaling en formulering van die hooftema moet dus sowel die beginsel van begrip as dié van groei in ag geneem word. Wanneer God se openbaring in die geskiedenis van die konings van Israel byvoorbeeld as die inhoud van die onderrig vir die jaar gekies is, is die volgende temaformulering 'n voorbeeld wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie: "Die konings van Israel". Volgens hierdie formulering van die tema staan die mens sentraal en word geen aanduiding gegee dat dit oor meer as feite-oordrag, naamlik ook oor openbaring, sal gaan nie. 'n Beter formulering van 'n hooftema vir die onderrig van 'n besondere jaar sou wees: "God regeer en lei sy volk

deur die leiers wat Hy aanstel". Uit hierdie tema blyk dat God handelend besig is om Hom aan sy volk bekend te stel; meer spesifiek in sy regering en leiding van die volk. Hierdie tema stimuleer die katkisant reeds tot toepassing van die Godsopenbaring op sy eie lewe. Die konkrete toepassing van God se Woord op die lewe van die katkisant dra by om die katkisant tot getuienis te begelei. Die korrekte formulering van die hooftema vir die jaar kan dus 'n bydrae lewer tot die onderrig tot getuienis.

Stap 5: Keuse van geskikte Skrifgedeeltes en bepaling van lestemas met die oog op begeleiding tot getuienis

Die volgende stap in die samestelling van 'n kurrikulum vir die onderrig waarin begeleiding tot getuienis 'n doelpunt is, is om deur deeglike eksegese Skrifgedeeltes te vind waaruit die gekose inhoud aan die katkisante oorgedra kan word. Die hooftema mag nie op 'n gedeelte afgedwing word nie, maar uit die gedeelte self moet daardie besondere faset wat God hier van Homself openbaar, bepaal word. Indien hierdie openbaring dus 'n faset van die hooftema vir die jaar belig, kan die betrokke Skrifgedeelte in daardie jaar se kurrikulum opgeneem word. Geskikte gedeeltes moet in hulle besondere Skrif- en teksverband ontleed word. Uit die eksegese moet God se doel met sy openbaring in hierdie gedeelte bepaal word. Die eksegeet moet uit die gedeelte bepaal wat die Here aan die katkisant wil sê in hierdie gedeelte en wat die inhoud van die katkisant se getuienis uit die gedeelte moet wees. Hierdie doel van God moet dan in 'n tema geformuleer word vir 'n besondere les. Hierdie tema moet geformuleer word in terme van God se openbaring van Homself aan die mens, en meer spesifiek aan die katkisant. Die tema moet raak en kernagtig God se openbaring in die besondere gedeelte op 'n eenvoudige en verstaanbare wyse aan die katkisant deurgee.

'n Voorbeeld van 'n korrek geformuleerde lestema word gevind by Van der Walt (1989:16) in sy handleiding aan die kategeet vir die behandeling van die werk vir die tweede skooljaar. Die hooftema van die onderrig vir die jaar is: "Jesus is ons Saligmaker". Die tema van les 23 vanuit Johannes 6:16-21 en Markus 4:35-41 is: "Jesus is baas oor die see". Die Godsopenbaring in Jesus se daad word duidelik in die tema weergee, sodat selfs die katkisant dit kan begryp en kan begin toepas. Die kategeet kan vanuit hierdie lestema die kind begelei om te begryp dat Jesus nie net oor die see heers nie, maar oor alle dinge. Die kind wat die onderrig en die toepassing sy eie gemaak het, kan dan in konkrete (nood)situasies getuig dat Jesus heers oor die natuur en alle dinge en daarom kan help.

Stap 6 Bepaling van lesdoelwitte vir elke les

Vanuit die Skrifgedeelte van 'n betrokke les is dit wat God van Homself aan die katkisant wil openbaar in 'n lestema vasgelê. Hierdie tema stel ook terselfdertyd die doel van die les, naamlik hoe die katkisant God in hierdie besondere openbaringsmoment uit die spesifieke Skrifgedeelte moet leer ken.

Die onderrig moet konkreet in die lewe van die katkisant toegepas word; daarom is dit noodsaaklik om lesdoelwitte te formuleer. Die lesdoelwitte word op grond van die openbaring in die Skrifgedeelte van elke les geformuleer. Die lesdoelwitte word opgestel vanuit die oortuiging dat die kind die openbaring met glo en sy eie maak en met sy lewe daarop moet gaan antwoord. Venter (1988:524) stel drie vereistes vir die formulering van 'n lesdoelwit: die doelwit moet vir die katkisant, vanuit die gesigspunt van die katkisant geformuleer word; dit moet insig vereis en

bevorder en laastens moet die lesdoelwit so geformuleer word dat die katkisant die openbaring in 'n bepaalde Skrifgedeelte in sy lewe kan toepas en te kenne gee hoe hy dit gaan uitleef. Hierdie uitleef moet dan uit die perspektief van die onderrig tot getuienis, openlike belydenis insluit.

By die behandeling van die Heidelbergse Kategismus met 'n standerd ses-klas, kan as formulering van lesdoelwitte die volgende gebruik word vir Sondag 51, belig vanuit 1 Johannes 1:

Hooftema: God roep jou om Hom te dien uit dankbaarheid vir jou verlossing.
Lestema: God is getrou; Hy vergeef ons sondes.

Lesdoelwitte:
Ek as katkisant moet aan die einde van die les kan sê en praktiese voorbeelde noem:
- wat vergewing van sondes beteken;
- waarom ek God in my gebed kan vra om my te vergewe;
- watter vrug dit in my lewe dra as ek vergewing ontvang het;
- wat ek vir iemand wat nog nie seker is dat God hom vergewe het nie, sal vertel van die vergewing van sondes;

Hierdie lesdoelwitte betrek die katkisant, dit is gerig daarop om die inhoud van die kategismus uit die Skrif duidelik te maak, dit begelei tot toepassing en tot belydenis van die Godsopenbaring.

Stap 7 Die nadere toeligting van die verkondigingsinhoud

Op grond van deeglike eksegese moet aan die kategeet leiding veskaf word om dit wat God in die gekose Skrifgedeelte openbaar, aan die katkisante oor te dra op 'n sinvolle wyse. Elke lesdoelwit wat in stap ses gestel is, moet vir die kategeet uit die Skrif nader toegelig word. Die kategeet moet dus duidelike leiding ontvang hoe hy uit die inhoud van die gekose Skrifdeel in sy begeleiding van die katkisant, elke lesdoelwit kan bereik. Die kategeet word dus deur die verklaring en toepassing van die Woord van God gelei om die openbaring van God te verstaan en aan die katkisant te kan oordra.

Stap 8 Evaluering

By kurrikulering moet vanuit die eksegese en met die lesdoelwitte in gedagte, leiding verskaf word ten opsigte van evaluering. Die kategeet moet aan die einde van die les kan vasstel of die lesdoelwitte bereik is. Evaluering is onlosmaaklik deel van kurrikulering. Wanneer evaluering sinvol plaasvind in die klaskamer, kan die kategeet aan die kurrikuleerder terugvoer gee. Hierdie terugvoering kan daartoe bydra dat die kurrikulum steeds kan verbeter en tred hou met die eise van die tyd.

Evaluering kan onder andere deur middel van vrae, bespreking, opdragte, en mondelinge terugvoering plaasvind. Onderrig tot getuienis word deur evaluering gestimuleer. Wanneer daar van die katkisant reaksie op God se openbaring in die les gevra word, word hy begelei om openlik te sê wat hy met God se opdragte en beloftes gaan doen. Evaluering mag dus nie bly staan by die toets van feitekennis nie, maar moet toets of die kind insig verkry het in die feite, dit kan toepas en van plan is om dit te gaan uitleef en daarvan te getuig.

Die uiteindelike vraag van evaluering is of die besondere les daartoe bygedra het dat die katkisant God beter leer ken het en dus in nouer gemeenskap met God en die gemeente gaan leef en tot eer van God met sy lewe daarvan sal getuig.

6.3.6.2 Vaste elemente van kurrikulumontwerp in die onderrig tot getuienis

In die voorafgaande punt (6.3.6.1) is die stappe wat gevolg kan word in die ontwerp van 'n kurrikulum vir die onderrig tot getuienis, in logiese volgorde weergegee. Uit hierdie weergawe van die stappe kan sekere vaste elemente in die proses van kurrikulering aangetoon word. Wanneer hierdie vaste elemente aangetoon is en in ag geneem word by die samestelling van 'n kurrikulum, kan dit die proses van kurrikulering vergemaklik en as kontrole-middel dien vir die kurrikuleerder.

'n Vergelyking tussen die agt stappe wat hierbo gevolg is en die ses kriteria van Kruger (1980:26) laat besliste ooreenkomste - en dus raakpunte - tussen Kategetiek en Opvoedkunde na vore kom.

Die navorsing vir die situasie-analise van Kruger (1980:35-52) word betrek in stappe een tot drie van die selfstandige ontwerp van die agt stappe vir die samestelling van 'n kurrikulum vir die onderrig tot getuienis. Die situasie-analise vir die samestelling van 'n kurrikulum vir die onderrig tot getuienis is dus

- die vasstelling van die hoogste doel en doelpunte van die onderrig in die Skrif;
- die vasstelling van die inhoud van die onderrig deur die ondersoek na die hooflyne van die openbaring;
- die ondersoek na die katkisant in sy leeftydsfases en

leefwêreld.

Uit die beskrywing van die verskillende stappe vir die kurrikulering van die onderrig tot getuienis het dit telkens geblyk dat die resultate van stappe een tot drie saamgetrek moet word in verskillende doelstellings. Stap een moet uitloop op die formulering van die hoogste doel van die onderrig en die doelpunte om die hoogste doel te bereik. Die ondersoek in stap twee bou op die doelstellings van stap een en kom tot breë doelstellings ten opsigte van die inhoud wat in die onderrig oorgedra moet word. Stap vyf bou op die doelstellings van stap twee en formuleer besondere doelstellings met die oog op die inhoud van elke les. Hierdie besondere doelstelling word dan in elke lestema saamgevat. Stap ses bou op die doelstellings van stap vyf en formuleer doelwitte vir elke les. Ook die element van doelsteling wat Kruger uitwys (1980:52-64) is dus in hierdie agt stappe teenwoordig.

Die inhoudseleksie van Kruger (1980:65-79) word in stap vier en vyf van die stappe vir kurrikulering vir die onderrig tot getuienis, beskryf.


In die samestelling van 'n kurrikulum moet daarvoor beplan word dat die katkisant God se openbaring kan toe-eien en uitleef. In die voorgestelde stappe vir die kurrikulering van die onderrig tot getuienis beskryf die lesdoelwitte (stap ses) Kruger se beplande leerervarings (1980:79).

In stap sewe van die voorgestelde stappe vir kurrikulering word Kruger se leergeleentheid (1980:80-94) betrek. Uit die oogpunt van die onderrig tot getuienis sou 'n leergeleentheid beskryf kan word as die wyse waarop die waarheid van God se Woord aan die katkisant oorgedra word tot begrip en toe-eiening van God se openbaring sodat hy

kan getuig.

Stap agt stem duidelik ooreen met Kruger (1980:94-103) se evaluering.

6.3.6.3 Sketsmatige voorstelling van die proses van kurrikulering vir die onderrig tot getuienis.



<u>Stap 1</u>
Vasstelling van die doel en doelpunte van onderrig.
(Situasie-analise)

<u>Stap 2</u>
Vasstelling van die hooflyne van God se openbaring
(Situasie-analise)

<u>Stap 3</u>
Ondersoek na die objek van die onderrig
(Situasie analise)

<u>Stap 4 en 5</u>
Keuse van onderrigstof
- vir elke jaar
- vir elke les
(Inhoudseleksie)

<u>Stap 6</u>
Vasstelling van lesdoelwitte
(Beplande leerervaring)

<u>Stap 7</u>
Toeligting van verkondigingsinhoud
(Leergeleentehede)

<u>Stap 8</u>
Evaluering

### 6.3.7 Onderrig tot getuienis en die metode van die kategese

'n Verskeidenheid van metodes is oor die eeue heen in die kategetiese onderrig gebruik. Aangesien dit in hierdie verhandeling gaan om die onderrig tot getuienis as doelpunt van die kategese en die toepassing van die inligting wat uit die Nuwe Testament daaroor verkry is, sal die verskillende metodes nie hier behandel word nie (vgl. hiervoor Nel,1985:171-180; Van der Merwe 1981:15-69; Van Wyk, 1965:60-69; Theron,1981:13-163). Saam met Venter (1988:522) moet beklemtoon word dat een metode nie verabsoluteer moet word nie. Juis die feit dat daar soveel verskillende metodes bekend is, bevestig hierdie feit. Die keuse van 'n metode vir die onderrig in die kategese mag egter nie op willekeur berus nie. Die metode wat vir die onderrig gebruik word, moet diensbaar wees aan die inhoud, doel, objek en subjek van die onderrig. Die volgende kan as riglyne dien vir die keuse van 'n metode in die onderrig tot getuienis.

#### 6.3.7.1 Die metode wat aangewend word, moet diensbaar wees om die katkisant te begelei om te antwoord op God se verbondsbelofte

'n Deel van God se getuienis is sy belydenis van sy verbondsbelofte waarop sy volk moet antwoord.

- Vir die metode van die onderrig in hierdie verband is dit belangrik om die verskillende vlakke waarop 'n mens in die leerproses met die Woord kan omgaan, te onderskei. Richards (1970:69-73) onderskei vyf vlakke waarop leer kan plaasvind. Die vlakke beweeg van die bloot meganiese weergawe van feite na die vlak waarop die stof wat geleer is, verwerk en konkreet beleef word. Richards onderskei in die eerste plek die vlak waarop aangeleerde feite deur herhaling gememoriseer word en sonder begrip van die betekenis weergegee kan word. In die tweede plek

onderskei hy die vlak van leer waar feite weer herken kan word: die katkisant moet dus bloot kan sê dat Josef en Maria met Jesus na Egipte gevlug het met Jesus en nie na Samaria of Nasaret nie. Die derde vlak van leer vind plaas waar die verband van verskillende feite wat bemeester is, aangetoon kan word en dus in verband met mekaar toegepas kan word. Die katkisant sal op hierdie vlak byvoorbeeld kan aantoon dat verlossing uit genade uitsluit dat die mens 'n aandeel aan sy wedergeboorte het. Die vierde vlak van leer begelei die katkisant daartoe om die waarheid van die Skrif op homself toe te pas. Die leerling kom tot die antwoord op die vraag: " wat sê God vir my in hierdie Skrifgedeelte ?". Die vyfde vlak van leer is die vlak waarin die toegepaste boodskap van die Skrif ook uitgeleef word. Op hierdie vlak antwoord die katkisant nie net met sy verstand op God se openbaring nie, maar ook met sy dade. 'n Deel van die antwoord met die daad is die lof wat aan God gebring word deur van sy genade te getuig (vergelyk Kolossense 1:12). Die katkisant kan alleen in opregtheid getuig indien die Woord in sy lewe 'n werklikheid geword het. Dit is duidelik dat die metode van onderrig dit moontlik moet maak om die Woord in die konkrete lewe te verwerklik (vergelyk Venter,1988:522,523) sodat die katkisant tot getuienis kan kom.

Richards (1970:109-110) stel ook 'n bepaalde lesvorm voor wat kan meehelp om die katkisant te begelei om die onderrig sy eie te maak en daaruit te leef. Richards (1970:109,110) benoem hierdie stappe soos volg "Hook, Book, Look, Took". Die eerste deel van die les (Hook) moet die aandag van die katkisante gevange neem deur vanuit die doel van die betrokke les 'n vooruitskouing te gee wat geleer gaan word en wat dit vir die katkisant kan beteken. Die tweede deel van die les (Book) moet die feite en betekenis daarvan uit die Skrif deurgee. Wanneer die katkisante begryp wat die Bybel sê, word beweeg na die toepassing van die waarhede op die konkrete lewe (Look).

In die laaste deel van die les (Took) motiveer die kategeet die katkisant om die Woord inderdaad te gaan uitleef deur hom te help om te besluit dat hy dit gaan doen en hoe hy dit gaan doen. Vanuit die perspektief van die onderrig tot getuienis moet daar nie opgehou word by "took" nie maar moet die katkisant ook begelei word om die waarhede wat hy vir homself toegeëien het, aan ander oor te dra deur openlike belydenis daarvan. Juis deur die belydenis van sy geloof in die waarhede wat hy toegeëien het, word waarhede verder in sy hart bevestig.

6.3.7.2 Die metode moet ruimte laat vir persoonlike kontak

Onderrig as begeleiding tot getuienis moet opbou, vermaan, vertroos en bemoedig - en dit kan die beste geskied as daar 'n persoonlike verhouding tot stand kom tussen kategeet en katkisant.

- Kategeet en katkisant moet kan beleef dat hulle albei aan God behoort en deel is van sy volk. Die metode moet ruimte laat vir persoonlike toepassing van die inhoud van die onderrig op individuele katkisante. Putter (1984:53) toon uit sy ondersoek van die metode van onderrig in die Skrif aan dat die opbou van 'n liefdevolle persoonlike verhouding tussen die leermeester en die leerling onlosmaaklik deel van sowel die onderrig van die Ou Testament as dié van Jesus en sy dissipels was. 'n Koue kliniese oordrag van feite of die wettiese toepassing daarvan gaan teen die wese van die kategese in en kan nie dien as sinvolle begeleiding tot getuienis nie.

- Die metode moet ontdekking van die inhoud van die onderrig deur selfwerksaamheid stimuleer. Die ontdekking moet uit die Skrif plaasvind, en moet oefening in die

toepassing van die waarhede insluit. Onderrig moet begelei tot volwassenheid in die geloof en so tot getuienis. Deur aanpassing by die opgroei van die katkisante moet daar toenemend klem gelê word op selfwerksaamheid sodat die katkisant uiteindelik sy Bybel selfstandig kan ondersoek, toepas en van die betekenis daarvan in sy eie lewe kan getuig.

- Orde word in die kategeseklas nie gehandhaaf deur 'n dwingende of straffende metode nie, maar deur in liefdevolle diensbaarheid die gesag van Jesus Christus te laat geld deur die toepassing van die Woord. Tug in die kategese moet soos die kerklike tug geestelik wees (Van der Walt,1984:7).

6.3.7.3 Die metode moet ruimte laat dat die katkisant dikwels aan die woord kan kom. Deur die onderrig moet die katkisant begelei word om sy verbondenheid met God openlik te bely

- Die oorgang vanaf kennisname van 'n blote feit na belewing van die feit as toepaslik op die katkisant self word bevorder deur begrip, konkrete toepassing en verwoording van eie insig en geloof. Kuiper (1979:404) druk hierdie waarheid so uit: ".... geloofsverwoording zonder geloofservaring blijft dor en leeg, maar omgekeerd is geloofservaring zonder geloofsverwoording blind en difuus".

- Die lewe van die katkisant en die Bybelse boodskap moet bymekaar gebring word deur toepassing. Geen kategeet kan die toepassing beter maak as die katkisant self wat tot insig begelei is nie. Deur gesprek en die bydrae van die katkisant kan verseker word dat die onderrig aktueel bly.

- Die onderrig moet gegee word vanuit die oortuiging dat Jesus se opdrag "volg my" 'n antwoord eis. Deur die metodiek van die onderrig moet die katkisant begelei word om op die een of die ander wyse (woord of daad) so te antwoord dat die kategeet kan sien hy neem die getuienis aan of hy verwerp dit.

- Daar moet dus altyd 'n fyn balans wees tussen die verkondiging van die inhoud (getuienis), die kategeet se weergawe van sy eie geloof in hierdie getuienis (belydenis) en die geleenthede wat aan die katkisant gegee word om in die klas te reageer op die verkondiging (begeleiding tot belydenis). Kuiper (1979:412) kom tot die gevolgtrekking dat die verkondiging voorop moet staan en dat die gesprek daaruit moet voortkom en nie omgekeerd nie. Hiermee handhaaf hy die belangrike beginsel dat dit God is wat na die mens kom en van die mens 'n antwoord vra.

6.3.7.4 Geen metode is absoluut en 'n waarborg vir sukses nie

God moet deur sy Heilige Gees die wedergeboorte, geloof en bekering werk. Gebed om die vervulling met die Heilige Gees is 'n absolute voorvereiste vir onderrig uit die Skrif en is daarom 'n noodsaaklike element in die wyse waarop onderrig word. Die kategeet moet biddend onderrig en die katkisant moet biddend luister en deelneem in die oortuiging dat daar slegs deur die werking van die Gees vrug - en getuienis- kan wees langs die weg van die onderrig.

## 6.4 ONDERRIG TOT GETUIENIS AS 'N DOELPUNT VAN DIE KATEGESE - FINALE DEFINISIE

Onderrig tot getuienis is die liefdevolle begeleiding van die katkisant tot die geloofskeuse en die geloofsdaad om op grond van die verbond van God in noue persoonlike gemeenskap met God te leef. Hierdie begeleiding word gedoen in volkome afhanklikheid van die Heilige Gees se werk deur die oordra, verduideliking en toepassing van die openbaring van God in sy Woord. Die hele gemeente en in die besondere die geroepe kategeet begelei die katkisant tot sekerheid van sy verlossing en tot geloofsgroei sodat hy met sy hele lewe sy gehoorsaamheid en diensbaarheid aan God kan bely tot onderrig en redding van ander mense.

SUMMARY

EDUCATION TOWARDS WITNESS AS AN AIM OF CATECHESIS

1. THE AIM OF THE STUDY

The purpose of this investigation was to determine, on consideration of data from the New Testament, whether education towards witness is an aim of church catechesis, and if found to be such, to determine the meaning thereof for catechesis practice.

2. AN OUTLINE OF THE STUDY

The concepts of education, witness and testimony were elucidated in chapters two to four. Chapter five involved a study of John 1:1-13, with a view to providing Scriptural grounds for religious choice. In the final chapter guidelines for the practice of education towards witness were suggested.

3. CONCLUSIONS

3.1 THE RELATION EDUCATION, WITNESS AND TESTIMONY

The investigation revealed that witness and testimony are two aspects of education towards witness. Education towards witness should aim to accompany the confirmand towards accepting God's witness in faith and towards living in fellowship with God and the congregation. The confirmand will thus become mature in faith; he will be

able to bear testimony to Christ and also educate others.

## 3.2 ACCOMPANIMENT TOWARDS CHOOSING RELIGIOUS OPTIONS

The investigation repeatedly revealed that the confirmand should be accompanied to choose Christ against Satan. A study of John 1:1-13 brought to light that religious choice is Scripturally accountable.

## 3.3 PRACTICAL GUIDELINES FOR EDUCATION TOWARDS WITNESS

Practical guidelines regarding the subject, object, nature, aim, curriculum and method of education towards witness were indicated. The foundation on which the practice of education towards witness is build, is God's revelation of Himself through Jesus Christ and the workings of the Holy Spirit, and transmission of this knowledge by people who have accepted God's testimony.

## 3.4 CONCLUSION

The study concluded that education towards witness should be part of all church education. Education towards witness enriches education and contributes to the realisation of the aim of church catechesis.

BIBLIOGRAFIE

ADAM, G. 1980. Der Unterricht der Kirche. Vandenhoeck & Ruprecht : Gottingen.

BARRET, C.K. 1955. The Gospel according to st. John. London : S.P.C.K.

BARTH, K. 1945. Auslegung von Matthaus 28,16-20. Voortrag. Basel : Basler Missionsbuchh. Basler Mussionsstudion N.F. 17.

BAVINCK, J.H., PRINS P., BRILLENBURG WURTH G., reds. 1949. De Heilige Geest. Kampen : Kok.

BAVINCK, J.H. 1954. Inleiding in de Zendingwetenschap. Kampen : Kok.

BAVINCK, J.H. 1960. Alzo wies het Woord, een studie over de voortgang van het evangelie in de dagen van Paulus. Baarn : Bosch & Keuning.

BARNARD A.C. 1985. Die sentrale betekenis van die gesin en die gemeente in die kategese. (In Smuts A.J., red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 182-211).

BARNARD, A.C. 1986a. Die groot ja aan God. 2 de dr. Kaapstad : NG Kerkboekhandel.

BARNARD, A.C. 1986b. My kind is gedoop. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

BECKER, K. 1979. Das Evangelium nach Johannes, Kapitel 1-10. Wurzburg : Echter-Verlag.

BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, S.F.H.J. 1956. Catechetiek. Handboek voor de Praktische Theologie. Nijkerk : Callenbach.

BERNARD, J.H. 1962. Gospel according to st. John. Vol.1. Edinburgh : Clark.

BETZ, U. 1969. Einsein in Christus. Melsungen : Bernecker.

BEUKES, M.J. DU P. 1974. Kategese as opdrag aan die Kerk. Pretoria. (Proefskrif (D.D) UP).

BEUKES, M.J. DU P. 1978. Handleiding by die katkisasie (vir ouers, kerkraad en kategete). Pretoria : HAUM.

BEUKES, M.J. DU P. 1983. 'n Handleiding vir kategete. Pretoria : Kital.

BEUKES, M.J. DU P. 1985. Die toepasbaarheid van R.A. Kruger se "Beginsels en Kriteria vir Kurrikulumontwerp" vir die Kategese. (In Smuts A.J., red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.154-181).

BEUKES, J.A. 1983. Hedendaagse evangelisasie, 'n evangelisasiemetode met die oog op die kerk se werk in 'n digbevolkte stadsgemeenskap. Pretoria : Die Outeur.

BIEMER, G. 1968 Glaubenszeugnis als Ziel des Dienstes der Kirche. Theologische Quartalschrift, 148 (4):303 - 320.

BIESTERVELD, P. 1900. Het karakter der catechese. Kampen : Kok.

BIJLSMA, R. 1962. Kleine catechetiek. Nijkerk : Callenbach.

BOICE, J.M. 1975. The Gospel of John. Grand Rapids : Zondervan.

BOTHA, W.J. 1972. Die Nederlandse Geloofsbelydenis as kategetiese leerstof. Stellenbosch. (Verhandeling (M.Th.) Universiteit van Stellenbosch.)

BOTHA, H.N. 1969/70. Kategese in die week. Hervormde Teologiese Studies, 25 (3): 150- 165.

BRUCE, F.F 1972. The Message of the New Testament. Exeter : Pater Noster.

BURCHARD, CHR. 1978. Formen der Vermittlung christlichen Glaubens im Neuen Testament. Beobactungen anhand von κήρυγμα, μαρτυρία und verwandte Wörtern.

Evangelische Theologie, 38 (3):313-340.

CALVYN, J. 1979. Commentary on a harmony of the evangelists, Matthew, Mark, and Luke. Volume XVl. (In Calvins Commentaries. Translated from the original Latin and compared with the French by C.W. Bingham.). Grand Rapids : Baker.

CALVYN, J. 1979. Commentaries on the epistels of Paul to the Galatians and Ephesians. Volume XXl. (In Calvins Commentaries. Translated from the original Latin and compared with the French by C.W. Bingham.). Grand Rapids : Baker.

COETZEE, J.C. 1979. Die Evangelie van Johannes. Klasdiktaat. PU vir CHO : Potchefstroom.

COETZEE, J.C. 1980. Gedagtestruktuur van 1 Johannes: 'n illustrasie van die belangrikheid van struktuurontleding vir die interpretasie en prediking van die Nuwe Testament. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, nr.36 ).

COETZEE J.C. 1980. Handelinge. Klasdiktaat. PU vir CHO. : Potchefstroom.

DE VILLIERS D.W. 1957. Die kategese in die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 'n prinsipiele, historiese en praktiese ondersoek van die kategese in die Ned. Geref. kerk in S.A. (Proefskrif (D.D) Stellenbosch).

DE WET, C.J.H., COETZEE J. CHR. 1943. Die beginsels en

metode en geskiedenis van die kategetiese Onderwys. Kaapstad : Nasionale Pers.

DE WET, J.I. 1969/70. Kategese as ouerplig en amptelike Kerkwerk. Hervormde Teologiese Studies, 25 (3,4): 166-176, Aug.

DIENST, K. 1982. Lebendige Katechese. Lebendige Seelsorge, 4 (1):62-66.

DIJK, K. 1954. De dienst aan de kerkjeugd, kort werkplan voor de Catechese. Kampen : Kok.

DODD, C.H. 1954. The epistle of Paul to the Romans. London : Hodder & Stoughton.

DODD, C.H. 1968. The Interpretation of the Fourth Gospel. Cambridge : University Press.

FIRET, J. 1974. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. 2de dr. Kampen : Kok.

FRYER, N.S.L. 1971. 'n Skip wat mense te maklik opgelaai het. Die Kerkbode, 108 (5):163-165,168, Aug.

FURST, D.B. 1975. Confess. (In Brown C. New Testament Theology. Translated with additions and revisions from the German. Exeter : Pater Noster. Vol. 1 p.345-348 ).

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA 1942. Handelinge van die negentiende sinodale vergadering. Potchefstroom : Deputate vir die uitgee van die handelinge van die sinode van 1942.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA 1967. Handelinge van die ses en dertigste sinodale vergadering. Potchefstroom : Deputate vir die uitgee van die handelinge van die sinode van 1967.

HEITINK, G. 1984. Pastoraat als hulpverlening. Kampen : Kok.

HENDRIKSEN, W. 1976. The Gospel of Matthew. (In New Testament Commentary). Edinburg : The Banner of Truth Trust.

HENDRIKSEN, W. 1976. The Gospel of John. (In New Testament Commentary). Edinburg : The Banner of Truth Trust.

HENDRIKSEN, W. 1976. I & II Timothy & Titus. (In New Testament Commentary). Edinburg : The Banner of Truth Trust.

HENDRIKSEN, W. 1981. Romans. Volume 2 : Chapters 9-16. (In New Testament Commentary). Edinburg : The Banner of Truth Trust.

HEWITT, T. 1978. The Epistle to the Hebrews. (In

Tasker, R.V.G. <u>red.</u> Tyndale New Testament Commentaries). 8 ste dr. Mich. : The Tyndale Press.

HIGGO, G. 1968. Die sielkunde as hulpmiddel vir die kategese. Stellenbosch (Verhandeling (M.Th.) Universiteit van Stellenbosch).

HINDLEY, J.C. 1965. Witness in the Fourth Gospel. <u>Scottish Journal of Theology</u> 18 (3):319-337, Aug.

JACOBS, D. 1959. Het geloof in de Zoon naar het evangelie en de brieven van Johannes. 's-Gravenhage : Guido de Bres.

JOOSTE, J.P. 1965. Studiegids vir kategetiek. Potchefstroom : Pro-Rege Pers.

KRUGER, R.A. 1980. Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp. Pretoria : HAUM.

KUIPER, F.H. 1977. Op zoek naar beter Bijbels onderwijs. Amsterdam : Rodopi.

KUIPER, F.H. 1979. Staan wij met het Bijbels onderwijs voor een dilemma ? <u>Praktische Theologie</u>, 6 (4):399-435.

LANGER, W. 1966. Kerygma und Katechese; theologishe und didaktische Neubegrundungen des Bibelunterrichts. Munchen : Kosel.

LAUSBERG, H. 1983. Der Johannes-Prolog, Rhetorische Befunde zu Form und Sinn des Textes. Gottingen : Vanderhoeck & Ruprecht.

MICHEL, O. 1967. ὁμολογέω (In Friedrich G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament. Mich. : Eerdmans. V:199-220 ).

MILLER, C.M. 1961. Christian Nurture and the Church. N.Y. : Charles Scribner's.

MORRIS, L. 1975. The Gospel according to John. The English text with introduction, exposition and notes. (In The New International Commentary on the New Testament). 8 ste dr. Mich. : Eerdmans.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. 1979. Kerkwet. Soos vasgestel deur die algemene kerkvergadering van 1951 (soos gewysig tot en met die nege en vyftigste Algemene Kerkvergadering 1979) : Pretoria.

NEL, M. 1985. Moderne ontwikkelinge op die terrein van die kategese met besondere verwysing na die metodiek. (In Smuts A.J., red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.171-181 ).

NIDA A., LOUW J.P., SMITH R.B., MUNSON K.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. N.Y. : United Bible Societies.

NIDA E.A., NEWMAN B.M. 1973. A translator's handbook on

Paul's letter to the Romans. Volume XIV. (In Helps for Translators). Stuttgart : United Bible Societies.

OLIVIER, M. 1985. Die Kind in Kategese. (In Smuts A.J., red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.246 -259 ).

POP, F.J. 1975. Bijbelse woorden en hun geheim. 5 de dr. 's-Gravenhage : Boekencentrum.

PRINS, J.M.G. 1973. Die Heidelbergse Kategismus as Kategetiese Leerstof (Proefskrif (D.Th) Stellenbosch)

PRINS J.M.G. 1985. Die Kategeet en sy Toerusting. (In Smuts A.J., red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.138-153 ).

PUTTER, A. 1984. Die vereistes vir en die toerusting van die kategete in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. (Proefskrif (D.D.) U.P.).

RENGSTORF, K.H. 1968. Διδάσκω (In Kittel G. and Bromiley G.W. reds. Theological Dictionary of the New Testament, Mich. : Eerdmans. I:135-165.)

REICKE, B. 1967. (In Kittel G. and Bromiley G.W. red. Theological Dictionary of the New Testament, V:837-838. Mich. : Eerdmans.

RICHARDS, L.O. 1970. Creative Bible teaching. Chicago : Moody Press.

RICHARDS, L.O. 1975. A Theology of Christian education. Mich. : Zondervan.

RICHARDS, L.O. 1981. A Theology of personal ministry. Mich. : Zondervan.

RICHARDS, L.O. 1983. A Theology of childrens ministry. Mich. : Zondervan.

RICHARDSON, A. 1966. An Introduction to the theology of the New Testament. London : S.C.M. Press.

RIDDERBOS, H.N. 1966. The structure and scope of the prolegomena to the gospel of John. Novum Testamentum, 8 (2):180-201, April.

RIDDERBOS, H.N. 1976. The epistle of Paul to the churches of Galatia. (In F.F. Bruce red. The New International Commentary on the New Testament). Mich. : Eerdmans.

SCHWEIZER, E. 1961. The Church as missionary body of Christ. New Testament studies, 8 (1):1-4, Jan.

SCHIPPERS, R. 1938. Getuigen van Jesus in het Niewe Testament. Franeker : Wever.

SMIT, C.J. 1969/70. Nuwe weë in die kategese. Hervormde Teologiese Studies, 25 (3):135-149, Aug.

STOTT, R.W. 1978 . The epistles of John. (In The New International Commentary on the New Testament). 9 de dr. Mich. : Eerdmans.

STRATHMANN, H. 1967. μαρτὔρέω (In Kittel G. and Bromiley G.W. red. Theological Dictionary of the New Testament, Mich. : Eerdmans. I:135-165.

STRYDOM, W.A. 1985. Watter plek neem situasie-analise in in die kategeseproses ? (Skripsie (B.D.) UP).

TAZELAAR, J.P. 1931. Het gereformeerde zondagschoolwerk. 2de dr. Haarlem : Jachin's Uitgevers-Bureau.

THEOBALD, M. 1983. Im Anfang war das Wort. Textlinguistische Studie zum Johannesprolog. Stuttgart : Verlag Katholisches Bibelwerk.

THERON, D.J. 1981. Belydenis-kategese as opvoeding. Pretoria (Verhandeling (M.Ed.) U.P.)

TRITES, A.A. 1973. Μάρτυσ and martyrdom in the apocalypse. Novum Testamentum, 15 (1):72-80, Jan.

TRITES, A.A. 1978. Witness,Testimony. (In Brown C. New Testament Theology. Translated with additions and revisions from the German. Vol. 3 p.1038-1051). Exeter : Pater Noster

VAN DER BERG, C.J. 1981. 'n Evaluering van onderrigmetodes vir kategese. Pretoria (Skripsie (B.D.)

UP).

VAN DER MERWE, M.J.N. 1984. Die leerstof in die belydenisklas as voorbereiding tot volwaardige lidmaatskap. Pretoria. (Skripsie (nagraadse diploma in teologie) UP).

VAN DER WALT, B. 1976. Rypheid en aflegging van geloofsbelydenis. Potchefstroom. (Verhandeling (Th.M.) P.U. vir C.H.O).

VAN DER WALT, J.J. 1984. Kategetiek I. Potchefstroom : PU vir CHO (Ongepubliseerde diktaat).

VAN DER WALT, J.J. 1989. Handleiding vir kategese. Eerste skooljaar. Die kategeet. Potchefstroom : s.n. (Ongepubliseerde diktaat).

VAN RENSBURG, F. 1983. Die amp sonder portefeulje ? (In Anon. red. Venster op die Kerk. 2 de dr. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO).

VAN RENSBURG, F. 1986. ***ΓΡΆΜΜΑΤΙΚΟΣ***, 'n handleiding by grammatiese eksegese van die Griekse Nuwe Testament. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN 'T VEER, M.B. 1942. Catechese en catechetische stof bij Calvijn. Kampen : Kok. (Proefskrif (D.D) Vrije Universiteit te Amsterdam).

VAN UCHELEN, A.C. 1945. Het heilig onderricht der kerk. Amsterdam : Uitgeversmaatscapij.

VAN WYK, J.H. 1976. Kategetiese onderrig. Metodiese riglyne. Potchefstroom : PU vir CHO.

VELEMA, J.H. 1973. Blijven belijden. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

VENTER, C.J.H. 1988. The realization of the Word in Church Cathechism. Koers, 53 (3):512-530. Nov.

VERSTEEG, J.P. 1976. De Geest en de gelovige. De verhouding van het werk van de Geest en het werk van de gelovige volgens het Nieuwe Testament. Kampen : Kok (Apeldoornse Studies no.11).

VILJOEN, D. 1985. Die leerstof van die kategese. (In Smuts A.J., red. Die Woord aan die werk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.209-245

WALSH, C. 1950 Early Christians of the 21 st. century. Wesport: Greenwood Press.

WALTON, M. 1986. Witness in biblical scholarship. A survey of recent studies 1956-1980. Leiden : Interuniversitair Instituut voor Missiologie en Oecumenica.

WEGENAST, K. 1978. Teach. (In Brown C. New Testament Theology. Translated with additions and

revisions from the German. Vol. 3 p.759-781. Exeter : Pater Noster.

WILKENHAUSER, A. 1964. Het Evangelie volgens Johannes in het Nieuwe Testament met Commentaar. Vierde deel. Antwerpen: Patmos.

WIND, A. 1956. Leven en dood in het evangelie van Johannes en in de Serat Dewarutji (met een elenctische confrontatie). Franeker: T.Wever.